Ordonnansie No. 14 van 1923 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1923).	Geheel.
Ordonnansie No. 6 van 1924 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1924).	Geheel.
Ordonnansie No. 12 van 1924 (Die Plaaslike Bestuur Verdere Wysigings Ordonnansie 1924).	Geheel.
Ordonnansie No. 5 van 1925 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1925).	Geheel.
Ordonnansie No. 9 van 1925 (Die Plaaslike Bestuur Belasting Wysigings Ordonnansie 1925).	Artikel <i>vyf</i> .
Ordonnansie No. 16 van 1925 (Die Plaaslike Bestuur Verdere Wysigings Ordonnansie 1925).	Geheel.

Twede Bylae.ARTIEKEL *Ses* (1).

RADE VAN MUNISIPALITEITE INGESTEL KRAGTENS DIE PLAASLIKE BESTUUR
ORDONNANSIE NO. 9 VAN 1912, WAT STADSRAD E SAL WEES KRAGTENS
HIERDIE ORDONNANSIE.

Die Raad van die Munisipaliteit	Barberton.
”	Benoni.
”	Bethal.
”	Boksburg.
”	Brakpan.
”	Ermelo.
”	Germiston.
”	Heidelberg.
”	Johannesburg.
”	Klerksdorp.
”	Krugersdorp.
”	Middelburg.
”	Pietersburg.
”	Potchefstroom.
”	Pretoria.
”	Roodepoort—Maraisburg.
”	Rustenburg.
”	Springs.
”	Standerton.
”	Vereeniging.
”	Volksrust.
”	Witbank.

Ord. No. 11
van 1926.

sal betaal van sulke aanplakking, en as enige persoon die aanplakking van sulke kennisgewing verhinder of die kennisgewing verwyder, onleesbaar maak of oordek tydens dit gedurende die genoemde tydperk aangeplak is, dan sal hy vir elke oortreding blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyf pond of by wanbetaling aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens veertien dae.

(5) As die okkupant van 'n gelisensieerde slaghuis veroordeel is weens 'n oortreding kragtens hierdie artikel, mag die magistraat wat hom veroordeel die lisensie vir sulke slaghuis intrek.

(6) As enige persoon 'n geneeskundig amptenaar, veearts, of gesondheidsinspekteur, goedgekeur as voorsê, belemmer in die uitoefening van sy plig kragtens hierdie artikel, sal hy, as die magistraat oortuig is dat die belemmering was met die bedoeling die ontdekking van 'n oortreding kragtens hierdie artikel te belet, of dat die beskuldigde binne twaalf voorafgaande maande weens sulke 'n belemmering veroordeel was, blootstaan aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand in plaas van enige boete deur hierdie Ordonnansie gemagtig vir sulke belemmering.

Tydsbepaling
vir
aanklagtes.

192. Alle aanklagte teen 'n plaaslike outoriteit sal binne ses maande van die tyd waarop die oorsake ten gevolge waarvan hulle ontstaan is, gemaak word.

Titel en
datum van
in werking-
treding.

193. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Plaaslike Bestuur Ordonnansie 1926 en sal op sulke datum in werking tree as die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant** sal verk'aar.

Eerste Bylae.

ARTIEKEL Een.

<i>Herroepe Wette.</i>	<i>In hoever herroep.</i>
Ordonnansie No. 9 van 1912 (Die Plaaslike Bestuur Ordonnansie, 1912).	Geheel.
Ordonnansie No. 1 van 1915 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1915).	Geheel behalwe artikel vier.
Ordonnansie No. 6 van 1916 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1916).	Geheel.
Ordonnansie No. 12 van 1917 (Die Plaaslike Bestuur Wysigings Ordonnansie 1917).	Geheel.

* 28 Julie 1926, Proklamasie No. 47, *Prowinsiale Koerant*, dato 28 Julie 1926, bladsy 53.

word vir menslike voedsel; mits dat die geneeskundige gesondheidsamptenaar of gesondheids- of sanitêre inspekteur alvorens sulke order te maak ten opsigte van enige lewende dier, tensy hyself 'n gekwalifiseerde veearts is, 'n sertifikaat sal verkry van 'n gekwalifiseerde veearts, indien beskikbaar, dat sulke dier lydende is aan 'n siekte waarvan die aard in sulke sertifikaat sal vermeld word, en waar sulke 'n veearts nie beskikbaar is nie, op gesag van die magistraat.

(b) 'n Veearts goedgekeur as voorsê, mag skriftelik onder sy hand gelas dat enige lewende dier of enige karkas of slagtersvleis wat in beslag geneem is of kan word kragtens hierdie artikel vernietig of op sodanige wyse behandel word dat voorkom word dat dit vir verkoop uitgestal of vir menslike voedsel gebruik word.

(3) Die persoon aan wie enige dier of artikel wat in beslag geneem was of kan word kragtens hierdie artikel toebehoort of toebehoor het ten tyde van verkoop of uitstalling vir verkoop, of berging of oorbrenning vir die doel van verkoop, of van bereiding vir verkoop, of vir die doel deur 'n werkgewer aan sy bediendes verstrekk te word, sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond of by wanbetaling aan gevangenisstraf van hoogstens drie maande, vir ieder dier of artikel, of as die artikel bestaan uit vrugte, groentes, koring, brood of meel vir iedere pakket daarvan aldus in beslag geneem, tensy hy bewys dat hy en die persoon wat vir hom optree (as daar so iemand is) nie geweet het en met redelike sorg nie kon geweet het nie, dat dit in sodanige toestand verkeer het, of hy sal, na diskresie van die hof, as dit bevind dat hy opsetlik en moedswillig die oortreding begaan het, sonder oplegging van 'n boete blootstaan aan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande met of sonder harde arbeid en ook aan betaling van alle onkoste veroorsaak deur die inbeslagneming aanhouding of behandeling van sulke dier of artikel.

(4) Waar 'n persoon veroordeel weens 'n oortreding kragtens hierdie artikel, binne twaalf voorafgaande maande veroordeel was weens 'n oortreding kragtens hierdie artikel, mag die magistraat, as hy dit dienstig ag, en bevind dat die oortreder albei sulke oortredings opsettelik en moedswillig begaan het, gelas dat 'n kennisgewing van die feite in sulke vorm en wyse en vir sulke tydperk van hoogstens een-en-twintig dae na gelang die magistraat mag gelas, aangeplak word op enige eiendom deur daardie persoon geokkupeer, en dat die persoon die koste

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 191.

Ord. No. 11
van 1926.

hy 'n gesertifiseerde gesondheidsinspekteur is soas omskrywe deur subartikel (2) van artikel *veertien* van die Volksgesondheidswet 1919.

Bevoegdheid van plaaslike outoriteite met betrekking tot ongesonde voedsel.

191. (1) Die geneeskundige gesondheidsamptenaar of enige veearts of enige gesondheidsinspekteur goedgekeur vir die doel van hierdie artikel deur die plaaslike outoriteit, mag op alle redelike tye enige eiendom binne die jurisdiksiegebied van die plaaslike outoriteit betree of binnegaan, of enige kar of voertuig ondersoek of enige kruiwa, mand, sak, draagbak of pakket vir inspeksie en ondersoek, en hy mag inspekteer en ondersoek—

(a) enige dier, lewend of dood, bestem vir menslike voedsel, wat te koop is uitgestal, of op enige plek bewaar, of wat oorgebring word vir die doel van verkoop, of vir bereiding vir verkoop, of vir die doel deur 'n werkgewer aan sy bediendes verstrekk te word; en

(b) enige artikel, hetsy vas of vloeibaar, bestem vir menslike voedsel en verkoop of vir verkoop uitgestal, of op enige plek bewaar of tydens oerbringing vir die doel van verkoop of bereiding vir verkoop of vir die doel deur 'n werkgewer aan sy bediendes verstrekk te word; die geneeskundige gesondheidsamptenaar of veearts of gesondheidsinspekteur mag persoonlik of met hulp sulke dier of artikel wat siek of ongesond is of ongeskik vir menslike voedsel in beslag neem en meeneem, en enige dier of artikel wat vermoed word siek of ongesond of ongeskik te wees vir menslike voedsel, vir 'n redelike tyd, in afwagting van keuring en ondersoek, vashou.

'n Geneeskundige gesondheidsamptenaar of enige veearts of enige gesondheidsinspekteur goedgekeur as voorsê, mag in enige dooie dier of voedingsartikel sny vir die doel van enige ondersoek kragtens hierdie artikel.

Enige blanke lid van 'n polisiemag wettiglik in die Provinsie gevestig, sal bevoeg wees karre en voertuie, of kruiwaens, mande, sakke, draagbakke of pakkette te ondersoek; en in die algemeen meewerk in die toepassing van hierdie artikel.

(2) (a) Die geneeskundige gesondheidsamptenaar of waar geen geneeskundige gesondheidsamptenaar bestaan nie, 'n gesondheidsinspekteur wat optree met die goedkeuring van 'n distriksgeneesheer of ander geregistreerde geneeskundige, mag skriftelik onder sy hand gelas dat enige dier of artikel wat in beslag geneem is of kan word kragtens hierdie artikel, vernietig of so behandel word dat voorkom word dat dit vir verkoop uitgestal word of gebruik

die vader van die kind verplig wees, as hy werklik in die huis woon waarin die geboorte plaas het ten tyde van die gebeurtenis en van enige ander persoon wat die moeder verpleeg ten tyde van, of binne ses ure na die geboorte, skriftelik van die geboorte kennis te gee aan die geneeskundige gesondheidsamptenaar op die wyse soas deur hierdie artikel voorgeskrywe.

(2) Die kennisgewing kragtens hierdie artikel sal geskied deur binne ses-en-dertig uur na die geboorte 'n gefrankeerde brief of briefkaart gerig aan die geneeskundige gesondheidsamptenaar op sy kantoor per post te stuur met die nodige informasie aangaande die geboorte, of deur 'n skriftelike kennisgewing af te lewer op die kantoor van die geneeskundige amptenaar binne dieselfde tyd; en die raad sal kosteloos geadresseerde en gefrankeerde briefkaarte verstrek bevattende die vorm van kennisgewing aan enige geneeskundige of verloskundige woonagtig of praktiserende in die munisipaliteit, wat daarvoor aansoek doen.

(3) Enige persoon wat versuim kennis te gee van 'n geboorte in ooreenstemming met hierdie artikel, sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyf pond (£5); mits dat iemand nie aan 'n boete sal blootstaan nie kragtens hierdie bepaling as hy die hof bewys dat hy of sy redelike gronde had vir die veronderstelling dat deur enige ander persoon behoorlik kennis gegee was.

(4) Die kennisgewing vereis gedien te word kragtens hierdie Ordonnansie sal wees buiten en behalwe en nie in die plek van die voorskrifte van enige wet nie wat betrekking het op die registrasie van geboortes; en enig distriks- of assistent distriks-registrateur van geboortes en sterfgevallen wie se distrik of enige deel daarvan binne die munisipaliteit geleë is, sal op alle redelike tyde toegang hê tot kennisgewings van geboortes ingekom by die geneeskundige gesondheidsamptenaar kragtens hierdie Ordonnansie, of tot enige boek waarin van hierdie kennisgewings aantekening gehou word, vir die doel informasie te verkry aangaande geboortes wat in sy distrik plaas gehad het.

(5) Hierdie artikel sal toepaslik wees op enige kind wat uit sy moeder voortgekom het na verloop van die ag-en-twintigste week van swangerskap, hetsy lewend of dood.

190. Behalwe in spesiale gevalle deur die Minister goedgekeur, sal niemand na aanvang van hierdie Ordonnansie deur enige plaaslike outoriteit permanent tot gesondheidsinspekteur aangestel word nie tensy

Kwalifikasie
van gesond-
heids-
inspekteurs.

Ord. No. 11
van 1926.

Oortreders
van order of
kennisgewing
kragtens
hierdie
Ordonnansie
geag skuldig
te wees aan
oortreding op
Ordonnansie.

187. Waar enige saak of ding deur hierdie Ordonnansie of deur enige order of kennisgewing gemaak en gepubliseer uit krag daarvan, opgedra of verbied is te doen, of waar enige magtiging deur hierdie Ordonnansie verleen is aan enige persoon om te gelas dat enige saak of ding gedoen word of verbied word enige saak of ding te doen, en sulke handeling aldus gelas gedoen te word ongedaan bly of sulke handeling aldus verbied gedoen te word gedaan is, sal in iedere geval iedere persoon wat sulke bevel of verbod oortree skuldig wees aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie.

Regulasies
deur Admi-
nistrateur
gemaak.

188. Enige regulasies wat die Administrateur deur hierdie Ordonnansie bevoeg is te maak—

(1) mag strawwe bepaal vir oortreding daarvan op sulke wyse en in dieselfde mate as is toegestaan kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie in die geval van strawwe vir oortreding van verordeninge;

(2) mag van toepassing gemaak word op enigen of meerdere plaaslike outoriteite, en regulasies deur die Administrateur gemaak vir een plaaslike outoriteit mag verander word wat die bepalings daarvan aangaan en toepaslik gemaak word op enige ander plaaslike outoriteit, mits dat niks in hierdie artikel vervat die Administrateur bevoegdheid sal verleen enige regulasies te maak vir 'n gesondheidskomitee, wat die bepalings van Hoofstuk IX van hierdie Ordonnansie hom geen bevoegdheid verleen nie vir sulke komitee te maak;

(3) sal krag van wet hê binne die gebied waarvoor hulle gemaak is na publikasie in die *Prowinsiale Koerant* of op sulke datum as die Administrateur mag bepaal en bekendmaak in die *Prowinsiale Koerant* as die datum waarop die genoemde regulasies krag van wet sal hê binne die genoemde gebied;

(4) mag gewysig, verander en herroep word deur publikasie van 'n kennisgewing in die *Prowinsiale Koerant* op dieselfde wyse as bepaal is in subartikel (3) van hierdie artikel.

Geen sulke regulasie mag onbestaanbaar of in stryd wees nie met die bepalings van hierdie Ordonnansie of van enige ander wet van krag binne die jurisdiksiegebied van die plaaslike outoriteit.

Bepaling vir
vroëere aan-
gifte van
geboortes.

189. (1) In die geval van iedere kind gebore in die munisipaliteite Pretoria en Johannesburg of in enige ander munisipaliteit waarop die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* die bepalings van hierdie artikel mag toepas, sal

van sulke raad of komitee by aanvang van hierdie Ordonnansie, en nie deur hierdie Ordonnansie herroep nie, sal, totdat die genoemde wet, regulasie, of verordening kragtens die bepalings van enige andere wet of hierdie Ordonnansie herroep is, deur die plaaslike outoriteit ingestel kragtens hierdie Ordonnansie behou word in die plaas van sulke raad of komitee.

Ord. No. 11
van 1926.

184. (1) Die verordeninge en regulasies gemaak met betrekking tot die jurisdiksiegebied van enige plaaslike outoriteit kragtens enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, sal van die aanvang van hierdie Ordonnansie van dieselfde krag en toepassing wees binne sulke gebied asof hulle kragtens hierdie Ordonnansie gemaak was; mits dat sulke verordeninge en regulasies val binne die bevoegdhede in hierdie Ordonnansie toegeken.
- (2) As enige sulke verordening of regulasie *ultra vires* die wet is waaronder dit gemaak was, sal dit nietemin gehandhaaf word as dit binne die bevoegdhede is in hierdie Ordonnansie toegeken.

Bestaande
verordeninge
en regulasies.

DEEL III.—GEMENG.

185. Die stadsklerk van 'n stads- of dorpsraad in die geval van 'n stads- of dorpsraad, of die klerk van 'n gesondheidskomitee in die geval van 'n gesondheidskomitee, sal verplig wees op alle redelike ure in die kantore van die plaaslike outoriteit 'n ware kopie van so veel van hierdie Ordonnansie as van tyd tot tyd van toepassing is binne die jurisdiksiegebied van die plaaslike outoriteit vir ieder ter insage te lê.

Kopie van
hierdie
Ordonnansie
ter insage
wees.

186. (1) Die plaaslike outoriteit sal die Administrateur voorsien van 'n gesertifiseerde kopie van enige verslag of notule van sy verrigtings, of van die verrigtings van enige komitee deur die plaaslike outoriteit benoem, of van 'n staat van alle rekenings van die plaaslike outoriteit, of sulke rapporte statistieke en dokumente as die Administrateur van tyd tot tyd mag verlang.

Administra-
teur van
rapporte,
ens., voorsien
te word.

(2) Notule van die verrigtings van elke vergadering van 'n plaaslike outoriteit of van 'n komitee daarvan sal deur die plaaslike outoriteit binne tien dae na die datum waarop sulke notule goedgekeur was soas voorgeskrywe in hierdie Ordonnansie of in enige verordening of regulasie daaronder, aan die Administrateur gestuur word.

(3) Iedere plaaslike outoriteit sal verplig wees aan die Administrateur 'n kopie te stuur van die jaarverslag genoem in subartikkel (2) van artikel *honderdeen-en-dertig* van die Volksgesondheidswet, 1919.

Ord. No. 11 Oordrag van
van 1926. verpligtings
en regte.

183. Telkens wanneer die raad van enige munisipaliteit of 'n gesondheidskomitee ingestel kragtens enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep, onder die toepassing van hierdie Ordonnansie sal val, sal die volgende bepalings van toepassing wees:—

(1) Alle krediteure van sulke raad of komitee sal dieselfde regte en verhaal hê as of die wet waaronder sulke regte en verhaal verleen was, nie ingetrek sou gewees het nie;

(2) alle werke en ondernemings gemagtig uitgevoer te word, alle regte, verpligtings en verbintenisse bestaande en alle handelings, vervolgings en regsake aanhangig gemaak deur of ingestel teen en ten opsigte van sulke raad of komitee, sal toegeken wees, verbind aan en toegepas, voortgesit en vervolgd word deur teen die plaaslike outoriteit ingestel kragtens hierdie Ordonnansie, en geen sulke handeling, vervolging of regsake sal verval of afgebreek word nie of benadeel word deur die inwerking-treding van hierdie Ordonnansie;

(3) alle belastings en gelde verskuldig, of betaalbaar aan of invorderbaar deur sodanige raad of komitee sal toekom aan en invorderbaar wees deur die plaaslike outoriteit kragtens hierdie Ordonnansie ingestel;

(4) alle roerende en onroerende eiendom, die eiendom van en wat aan die raad of komitee toebehoort of waarop sulke raad of komitee by aanvang van hierdie Ordonnansie geregtig was, en alle bate en vorderings waarop sulke raad of komitee by die aanvang geregtig was, sal die eiendom wees van en toebehoor aan die plaaslike outoriteit kragtens hierdie Ordonnansie ingestel;

(5) alle waarderings- of aanslaglyste wettig deur enige sulke raad saamgestel kragtens die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastings Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan, sal in gebruik bly (kragtens die bepalings van die genoemde Ordonnansie of enige wysiging daarvan) vir die munisipaliteit waarvoor 'n raad is ingestel kragtens hierdie Ordonnansie, tensy die Administrateur met betrekking tot enige dorpsraad die bevoegdheid sal uitoefen aan hom toegeken kragtens artikkel *honderd vier-en-veertig*;

(6) alle voorregte, bevoegdhede, jurisdiksie, en pligte toegeken of opgelê aan enige sulke raad of komitee, deur enige wet, regulasie, of verordening van krag binne die jurisdiksiegebied

te voer, mag die Administrateur na sig oortuig te hê dat die plaaslikê outoriteit aldus sonder redelike oorsaak nalatig gewees het—

Ord. No. 11
van 1926.

(a) sulke regulasies as nodig mag wees om sulke gevaar te verminder en op te hef proklameer, welke regulasies, totdat hulle deur die Administrateur herroep is, daarop die krag en effek het van wet binne die jurisdiksiegebied van die genoemde plaaslike outoriteit ;

(b) enig persoon of persone magtig enige werke of dinge te verrig of uit te voer en in die verrigting of uitvoering van werke of dinge as hy noodsaaklik mag ag sulke som te spandeer mits dat enige gelde deur die Administrateur kragtens hierdie artikel gespandeer, deur die Administrateur van die plaaslike outoriteit invorderbaar sal wees op las van enige bevoegde hof op dieselfde wyse as of die som aldus gespandeer 'n lening was gesluit op die eiendom en inkomste van die plaaslike outoriteit kragtens die bepalings van artikel *een-en-vyftig* ; mits verder dat in die geval van 'n plaaslike outoriteit op wie se jurisdiksiegebied die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie of enige wysiging daarvan nie toepaslik is nie, die Administrateur mag proklameer dat die bepalings van daardie Ordonnansie of wysiging daarvan van toepassing sal wees vir die doel eiendom aan te slaan binne die jurisdiksiegebied van die genoemde plaaslike outoriteit, en eiendomsbelasting te hef van sulke eiendom tot sulk 'n bedrag en vir sulk 'n tydperk as wat 'n som sal opbring gelyk aan die uitgawe deur die Administrateur gemaak kragtens en vir die doeleindes van hierdie artikel.

DEEL II.—HERINSTELLING VAN PLAASLIKE OUTORITEITE.

182. Waar enige handeling verrig was, kennisgewings gedien, of vervolgings ingestel voor die aanvang van hierdie Ordonnansie ooreenkomstig die bepalings van enige wet hierby herroep, en sulke handeling, kennisgewings of vervolgings sou, indien verrig, gedien of ingestel na sulke aanvang behoorlik verrig, gedien of ingestel wees kragtens hierdie Ordonnansie, sal sulke handelings, kennisgewings en vervolgings geag word verrig, gedien en ingestel te wees kragtens hierdie Ordonnansie.

Bepaling in sake handelinge verrig voor aanvang van Ordonnansie.

Ord. No. 11
van 1926.

of vennootskap of maatskappy vervolg nie vir enige oortreding van verordeninge of regulasies gemaak ten opsigte van die gesondheidsmaatreëls van onder- of bowegronde werke van myne kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, tensy die plaaslike outoriteit vooraf die toestemming sal verkry het van enige amptenaar van die Departement, daartoe deur die Minister aangewys, om sulke vervolging in te stel.

(3) 'n Myn-gesondheidsinspekteur benoem kragtens hierdie artikel, sal nie uit sy betrekking ontslaan of in sy diens geskors word nie deur die plaaslike outoriteit, sonder die goedkeuring van die Minister.

(4) Hierdie artikel sal nie toepaslik wees nie op enige plaaslike outoriteit wat iemand benoem het, gesertifiseer deur die geneeskundige gesondheidsamptenaar van sulke outoriteit, dat hy behoorlik gekwalifiseer is in gesondheidswerk om die pligte te vervul hierby opgedra aan 'n myn-gesondheidsinspekteur, en daarna voortgaan sig van 'n aldus gesertifiseerde persoon te bedien sulke pligte te vervul, tensy na behoorlike ondersoek deur iemand vir die doel benoem die Minister blyk dat sulke pligte nie behoorlik vervul word nie in die jurisdiksiegebied van sulke plaaslike outoriteit; mits dat die plaaslike outoriteit geregtig sal wees op veertien dae vooraf kennisgewing van 'n ondersoek voorgeneem gehou te word kragtens hierdie subartikel, en gehoor te word deur die persoon aangestel om sulke ondersoek in te stel.

Bevoegdheid van Administrateur waar plaaslike outoriteit tekort skiet in aangeleenthede van volksgesondheid.

181. As enige plaaslike outoriteit nalatig sal wees in die uitvoering van enige werk of ding waartoe hy kragtens hierdie Ordonnansie of enige wysiging daarvan bevoeg is of bevoeg gemaak mag word te doen of uit te voer, of sal versuim enige verordeninge of regulasies te maak, te verander of in te trek met betrekking tot enige sake waartoe hy kragtens hierdie Ordonnansie bevoeg is verordeninge te maak, te verander of in te trek, en dat sulke versuim, volgens die mening van enige amptenaar van die Departement daartoe deur die Minister aangewys 'n ernstig gevaar en bedreiging oplewer vir die gesondheid van die publiek binne of buite sy jurisdiksiegebied, dan mag die Administrateur aan die nalatige plaaslike outoriteit kennis gee en van hom verlang maatreëls te neem vallende onder sy bevoegdhede kragtens hierdie Ordonnansie of enige wysiging daarvan sulke gevaar te verminder en op te hef; en as sulke plaaslike outoriteit versuim die vereiste maatreëls te neem en behoorlik uit

sulke datum as deur die Administrateur bekendgemaak mag word, en op die wyse soas bepaal in hierdie Ordonnansie of enige wet wat voorsiening maak vir die hou van 'n eerste verkiesing van 'n plaaslike outoriteit.

**Ord. No. 11
van 1926.**

179. Vir die doel alle sulke ondersoekings en navorsings in te stel in sake wat betrekking het op volksgesondheid as hy dienstig mag ag te ondersoek, sal 'n amptenaar van die Departement van Volks- gesondheid van die Unie (hierna in hierdie Ordonnansie die Departement genoem), daartoe afgevaardig deur die Minister, alle sulke bevoegdhede van inspeksie en toegang hê en wat hierby aan hom toegeken word vir enige gebied van 'n plaaslike outoriteit as deur hierdie Ordonnansie toegeken is aan 'n stadsraad en aan die amptenare van 'n stadsraad.

**Gesondheids-
amptenaar
vir die Unie
mag alle
eiendomme
op- en ingaan
en inspekteer.**

180. (1) 'n Plaaslike outoriteit sal verplig wees, as sulks deur die Administrateur verlang word, een of ander persoon behoorlik gekwalifiseer in sanitêre werk en goedgekeur deur die Minister, te benoem om gereelde en sistematiese inspeksies te maak van die onder- en bogrondse werke van enige myn binne die jurisdiksiegebied van sulke plaaslike outoriteit. Die benoemde persoon sal, vir die doel van pligte in verband met sulke inspeksie 'n "myn gesondheidsinspekteur" genoem word en sal voldoen aan sulke versoeke in verband met die inspeksie van ondergrond- en bogrondse werke van myne binne die genoemde gebied as gedoen mag word deur of met die magtiging van enige amptenaar van die Departement, aan wie dit deur die Minister opgedra is. Dit sal die plig wees van sulke inspekteur sig op die hoogte te stel van enige wet wat betrekking het op die toepassing van gesondheidsmaatreëls van ondergrond- en bogrondse werke van myne of van enige regulasies of instruksies daaronder gemaak, en kennis te gee aan die plaaslike outoriteit, aan enige amptenaar van die Departement, daartoe deur die Minister aangewys, en aan enige ander staatsamptenaar wie sy plig dit is die nakoming van enige sulke wet, regulasies, of instruksies toe te pas, van enige oortreding van of versuim om daaraan te voldoen, en vir so ver as hy daartoe bevoegdheid besit deur sulke amptenaar van die Departement of ander voornoemde staatsamptenaar, alle moontlike stappe te neem nodig vir nakoming van en voldoening aan die bepalings van die genoemde wet, regulasies of instruksies.

**Sanitêre kon-
trôle op bo-
en onder-
grondse
mynwerke.**

(2) Waar 'n inspekteur kragtens hierdie artikel benoem is, sal die plaaslike outoriteit geen persoon

**Ord. No. 11
van 1926.**

Art. 178.

(d) Die aldus genomineerde en benoemde persone mag al of nie persone wees binne die munisipaliteit woonagtig.

(e) Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in enige wet vervat, sal die ampstydperk van ieder sulke genomineerde raad wees van die datum van die voorgesegde proklamasie tot die datum waarop 'n raad vir die munisipaliteit sal verkies word op die wyse bepaal in enige wet wat voorsiening maak vir die hou van 'n eerste verkiesing van 'n stadsraad. Iedere sulke genomineerde stadsraad sal op sulke laasgenoemde datum ontbind word.

(f) Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie vervat, mag die Administrateur telkens wanneer enige gebied afgeskeie is van 'n munisipaliteit en as 'n afsonderlike munisipaliteit ingestel is as voorsê, deur Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar dat alle verordeninge en regulasies wat op datum van sulke afskeiding in die gebied van krag was, nieteenstaande sulke afskeiding van dieselfde krag en toepassing sal wees in die afgeskeie munisipaliteit as of afgekondig kragtens die wet vir sulke afgeskeie munisipaliteit, totdat hulle verander of gewysig is kragtens die bepalinge van Deel II van Hoofstuk VII van hierdie Ordonnansie.

(2) As enige plaaslike outoriteit te eniger tyd sal versuim 'n vergadering te hou vir die tydsverloop van neëntig dae, dan mag die Administrateur sulke plaaslike outoriteit ontbind en deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* sulk 'n aantal bekwame en behoorlike persone nomineer en benoem as hy sal uitkies, wat nie minder as vyf sal wees nie nog meer as sewe, om sulke plaaslike outoriteit uit te maak vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, en iedere sulke genomineerde plaaslike outoriteit sal bevoegd wees en word hierby opgedra alle en enige van die bevoegdhede en magte uit te oefen kragtens hierdie Ordonnansie aan die plaaslike outoriteit toegeken, wat aldus ontbind was, mits dat—

(a) die aldus genomineerde en benoemde persone al of nie persone mag wees woonagtig binne die jurisdiksiegebied van sulke plaaslike outoriteit ;

(b) iedere genomineerde plaaslike outoriteit, nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie vervat of in enige wet wat voorsiening maak vir die verkiesing van sulke plaaslike outoriteit, sal bly sitting hou totdat dit deur proklamasie van die Administrateur in die *Prowinsiale Koerant* ontbind word, en voor sulke ontbinding sal 'n plaaslike outoriteit verkies word vir die voornoemde gebied op

betrekking tot sulke kapitaalkoste, al die bevoegdhede uitoefen deur die genoemde Ordonnansie of enige wysiging daarvan toegeken.

Ord. No. 11
van 1926.

Enige spesiale belasting opgelê kragtens hierdie artikel sal 'n "spesiale waterbelasting" genoem word en al die bepalings vervat in hierdie Ordonnansie met betrekking tot die aanleg deur die raad van enige tremweg ten opsigte waarvan 'n spesiale belasting voorgestel word gehef te word en van die oplegging, kwytskelding of terugbetaling van sulke belasting sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op die voorsiening en aanleg van enige nuwe waterleidings met betrekking waartoe 'n "spesiale waterbelasting" voorgestel word gehef te word, en op die oplegging, kwytskelding of terugbetaling van enige "spesiale waterbelasting."

HOOFSTUK XI.

ALGEMEEN.

DEEL I.—BEVOEGDHEDE VAN ADMINISTRATEUR BY NALATIGHEID VAN PLAASLIKE OUTORITEIT OF IN NOODSAKELIKE GEVAL.

178. (1) (a) Die uitdrukking "munisipaliteit" soas gebruik in hierdie subartikel sal beteken die gebied of distrik geplaas onder die kontrôle van 'n stadsraad.

Bevoegdhe
van Admini-
strateur
tot nominasie
onder
sekere
omstandig-
hede.

(b) In afwagting van die eerste verkiesing van raadslede vir enige nuut ingestelde munisipaliteit, mag die Administrateur vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie, deur Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant*, sulk 'n aantal bekwame en behoorlike persone nomineer en benoem as hy sal uitkies, wat nie minder sal wees as vyf nie nog meer as sewe, om 'n stadsraad te vorm met jurisdiksie oor enige gebied wat kragtens die genoemde Ordonnansie—

(i) vir die eerste maal as 'n nuwe munisipaliteit ingestel is ;

(ii) van 'n munisipaliteit afgeskeie is (waarvan dit oorspronklik deel uitgemaak het) en as 'n afsonderlike munisipaliteit ingestel is.

(c) Iedere sulke genomineerde stadsraad sal alle of enige van die bevoegdhede en magte uitoefen en sal die pligte vervul aan 'n stadsraad toegeken of opgelê deur hierdie Ordonnansie, of kragtens enige ander wet onderwerp aan die verpligtings aan die uitoefening daarvan verbind.

Ord. No. 11
van 1926.

op begraafplase of tremwege mag, by besluit van die raad, toegepas word op enige begraafplaas of tremweg gevestig kragtens hierdie artikel, en sal by sulke toepassing volle krag en effek hê met betrekking daartoe.

Tremweg-
verordeninge.

176. Die raad mag van tyd tot tyd verordeninge maak, verander en intrek vir alle of enige van die volgende doeleindes:—

(a) Vir die reël van die gebruik van enige tremweë gevestig, verkry, of geëksploiteer deur die raad en die wyse van eksplorasie van sulke tremweë, insluitende laat ry daarop van privaat gehuurde tremwaens en die koste vas te stel in verband met die gebruik van die tremwaens van die raad, mits dat as hy daartoe besluit, die raad sulke koste by besluit van die raad mag vasstel en nie by verordening nie;

(b) afsonderlike tremwaens bestem vir die gebruik, respektiewelik, van blanke persone en naturelle of Asiate of ander kleurlinge en die gebruik beperk van sulke waens tot sulke persone en die gebruik van enige tremwa verbied deur persone wat nie fatsoenlik gekleed is of wat hom nie behoorlik gedra nie;

(c) die diensvoorwaardes en pligte reël van persone in diens van die raad by die eksplorasie van tremweë en boetes oplê (deur inhouding van loon) aan sulke persone weens onagsaamheid, pligsversaking, of ander oortreding, nadelig vir die goeie en behoorlike eksplorasie van die tremwegsisteem;

(d) die van die handsitting reël van onopgevoerde voorwerpe of goedere in die tremgeboue of tremwaens van die raad agtergelaat

Sulke verordeninge mag nie onbestaanbaar of in stryd wees nie met die bepaling van hierdie Ordonnansie of enige ander wet binne die munisipaliteit van krag.

Water.

Spesiale
water-
belasting.

177. Die kapitaalkoste van die voorsiening of aanleg van enige nuwe waterleidings benodig vir die doel water te lewer aan enige grond of eiendom binne die munisipaliteit, wat nie aangesluit is met enige bestaande leidings nie, sal geag word 'n abnormale of buitengewone uitgaaf te wees binne die mening van artikel *seventien* van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan; gemaak ten opsigte van enige bepaalde gebied wat bedien word of bedoel is bedien te word deur enige sulke nuwe waterleiding, hetsy dat hy binne of buite sulke gebied gelê word, en die raad mag, met

173. As te eniger tyd binne die tydperk toegestaan kragtens artikel *honderd een-en-sewentig* vir indiening van kennisgewing van beswaar aan die raad met betrekking tot die aanleg van enige tremweg en tot die spesiale belasting wat voorgestel word ten opsigte daarvan, die eienare van twee derdes van die belasbare eiendom waarop voorgestel word sulke 'n spesiale belasting op te lê (sulke twee-derdes gereken te word deur waarde volgens die waardes op die waarderingstelsel ten tyde van krag dog onderwerp aan die aftrekking genoem in die voorafgaande artikel) 'n petisie aan die raad sal teken en by die stadsklerk laat indien waarin gevra word dat die voorstelle van die raad vir die aanleg van sulke tremweg, en dat die oplegging van spesiale belasting soos vermeld in die advertensie wat daarop betrekking het, heeltemal opgegee moet word, dan sal die raad nie verder daarmee aangaan nie dog die plan sal terstond opgegee word, en die raad sal nie weer kragtens die genoemde artikel stappe neem nie wat die aanleg van sulke tremweg aangaan, tot na verloop van 'n tydperk van ses maande na die datum waarop sulke petisie om van die voorstel af te sien deur die stadsklerk ontvang is.

As eienare van twee-derdes in waarde van eiendom wat aan spesiale belasting blootstaan ten opsigte van voorgestelde tremweg aansoek doen vir opgee van voorstelle van raad, dan mag raad nie daarmee aangaan nie.

Ord. No. 11
van 1926.

174. As sou blyk dat die bedrag ontvang of ontvang te word aan spesiale belasting opgelê ten opsigte van die kapitaalkoste van aanleg van enige tremlyn (soos omskrywe deur artikel *honderd sewentig*) meer bedra as sulke kapitaalkoste, sal die raad aan die persone wat sulke belasting betaal het, 'n eweredige deel daarvan terugbetaal, of aan persone wat aan betaling daarvan onderhewig is 'n eweredige deel daarvan kwytstel, sodat die totale bedrag ontvang of ontvang te word deur die raad by wyse van sulke spesiale belasting ten naastebly gelyk sal wees aan die kapitaalkoste van aanleg van sulke tremlyn. As sig enige kwessie sou voordoen omtrent die bedrag van enige terugbetaling deur die raad kragtens hierdie artikel verskuldig, dan mag die persoon wat sulke terugbetaling vorder aansoek by die Administrateur doen sulke kwessie op te los, en sy beslissing daarin sal finaal wees.

Oorskryding van spesiale belasting op kapitaalkoste van aanleg van tremweg terugbetaal of kwytgestel te word.

175. Die raad mag, onderwerp aan die goedkeuring van die Administrateur, begraafplase buite die munisipaliteit vestig en onderhou, en tremweë aanleg, onderhou en eksploiteer ten dienste van sulke begraafplase, en hy sal dieselfde bevoegdheid besit verordeninge te maak vir enige sulke begraafplase en tremweg en koste in verband daarmee te maak as hy sou hê as hulle binne die munisipaliteit was, en enige verordeninge wat betrekking het

Bevoegdheid begraafplase te vestig buite die munisipaliteit en tremweë in verband daarmee.

Ord. No. 11
van 1926.

raad belas sal word kragtens die bevoegdheids van die laasvoorafgaande artikel, en die verhouding (as daar is) in welke voorgestel word dat sulke spesiale belasting dien opgelê te word, en die plek opgee waar 'n tekening van die voorgestelde tremweg en van sulke gebied op alle redelike ure ingesien kan word.

(2) As enige belanghebbend persoon as eienaar, huurder, of bewoner van enige grond, voorgestel spesiaal deur die raad belas te word, beswaar maak teen die aanleg van enige sodanige tremweg, of teen die oplegging van enige spesiale belasting of teen die verhouding in welke voorgestel word die belasting op te lê, of teen die uitsluiting van enige ander eiendom van die grondgebied voorgestel spesiaal belas te word, en skriftelike kennisgewing van sulke beswaar op die raad en die Administrateur dien te eniger tyd binne veertien dae na die laaste publikasie van die advertensie genoem in subartikel (1), dan sal die raad nie geregtig wees nie aan te gaan met die aanleg van enige sulke tremweg sonder die toestemming van die Administrateur, tensy sulke beswaar ingetrek is.

(3) Die Administrateur mag op die applikasie van die raad en nadat behoorlik bewys gelewer is dat die advertensie behoorlik gepubliseer was, 'n persoon of persone benoem om op die plek self 'n ondersoek in te stel na die gepastheid van die voorgestelde onderneming en die beswaar daarteen, en aan die Administrateur te rapporteer oor die sake met betrekking waartoe sulke ondersoek opgedra was, en op ontvangs van sulke rapport, mag die Administrateur 'n order uitvaardig waarby die raad gemagtig word met die aanleg van sulke tremweg aan te gaan op die wyse deur die raad voorgestel, of onderwerp aan sulke voorwaardes en wysigings as hy dienstig mag ag.

Spesiale
tremweg
belasting sal
opgelê word
op waarde
van belasbaar
eiendom
minus aftrek-
king vir
waarde van
geboue.

172. Nieteenstaande enigiets vervat in die Plaaslike Bestuur Belastings Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan sal die raad, vir die doel van enige spesiale belasting welke hy mag besluit op te lê ten opsigte van die kapitaalkoste van aanleg en enige verlies wat mag ontstaan uit die eksploitasie van enige tremlyn van die waarde van die belasbare eiendom waarop sulke belasting opgelê sal word soas die voorkom op die waarderingslys, sulke deel daarvan aftrek as die waarde van geboue verteenwoordig, en sulke belasting oplê op die waarde van sulke eiendom, onderwerp aan sodanige aftreding as voorsê, in plaas van die volle waarde daarvan.

(b) in verband met enige tremweë deur die raad geëksploiteer, 'n diens instel en onderhou vir die vervoer en aflewering van pakkette binne die munisipaliteit, en koste belas vir sulke diens kragtens sulke verordeninge en op sulke voorwaardes as deur die Administrateur goedgekeur mag word;

mits dat die raad alvorens met die vestiging, verkryging of aanleg van tremweë aan te vang, die toestemming van die Administrateur sal verkry.

Ord. No. 11
van 1926.

170. Die kapitaalkoste van aanleg soas hierna aangedui, en enig verlies wat mag voortvloei uit die eksplorasie van enige tremlyn buite 'n gebied, wat die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* mag verklaar en aandui 'n binne tremweggebied te wees, sal geag word abnormale of buitengewone uitgawe te wees, binne die betekenis van artikel *sewentien* van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan gemaak ten opsigte van 'n bepaalde gebied bedien deur sulke tremweg en geleë buite sulke binnegebied; en die raad mag, ten opsigte van sulke kapitaalkoste en verlies op eksplorasie (as daar is) al die bevoegdhede uitoefen deur die genoemde Ordonnansie of wysiging daarvan toegeken. Die voorsegde kapitaalkoste van aanleg sal beteken en insluit die koste van tremlyne, en tremweë, gelykmaak of ophoog van weë waar die lyn moet uitgegrawe of opgehoog word, elektriese verbinding, bogrondse of andere kragaanleg langs sulke lyne, en enige benodigde terreine vir eindpunte en karloodse.

Spesiale
aanslag
vir tremweë
in buite-
distrikte.

171. Die volgende bepalings sal toepaslik wees op die aanleg van enige tremweg ten opsigte waarvan 'n spesiale belasting voorgestel word te hef kragtens die laasvoorafgaande artikel:

Sekere
voorwaardes
wat
voorafgaan
voordat raad
tremweë kan
aanlê.

(1) Die raad sal, alvorens met sulke aanleg 'n begin te maak—

(a) 'n besluit aanneem deur 'n meerderheid van aanwesige raadslede op 'n vergadering van die raad gehou minstens veertien dae nadat kennis sal gegee wees op 'n vergadering van die raad van 'n voorneme die aanleg van sulke tremweg voor te stel;

(b) daeliks in ses uitgawes van elk van twee of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer 'n advertensie publiseer met 'n korte beskrywing van die tremlyn wat voorgestel word aan te lê, met vermelding van die grondgebied wat spesiaal deur die

Ord. No. 11
van 1926.

koste van die eenaar van private rirole met publieke rirole, afvoerleidings of pype, en die konstruksie deur die raad te reël op koste van die eenaar van alle huisafvoerleidings, in so ver hulle aansluit met en van die hoofriool tot die grens van die betrokke eiendom loop ;

(b) vir reël van gee van kennis en indiening van tekenings en deursnedes deur persone wat van plan is enig riolerings- of dreineringswerk uit te voer op enige grond of eiendom en die goedkeuring of afkeuring daarvan deur die raad en die verwydering of verandering van enige riolerings- of dreineringswerke waarmee is aangevang of uitgevoer in stryd met enige verordening en vir belas van fooie vir nagaan van sulke tekenings ;

(c) die koste te bepaal wat belas mag word vir die gebruik van die afvoerleidings, rirole en rioleringswerke van die raad ten opsigte van enige eiendom wat daarmee aangesluit is ;

(d) oor die algemeen vir die uitoefening van die bevoegdhede en gesag deur die laasvoorgaande artikel aan die raad toegeken.

Geen sulke bywet sal onbestaanbaar, of in stryd wees met die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige ander wet nie binne die munisipaliteit van krag.

DEEL III.—ANDER WERKE.

Tremweë.

Mag om
tremweë te
onderneem.

169. Die Raad mag—

(a) tremweë met of sonder rails binne of buite die grense van die munisipaliteit vestig, verkry, konstrueer, aanlê, uitrus, onderhou en werk, en in verband daarmee koste belas, en mag in verband met enige tremweë buite die grense van die munisipaliteit 'n ooreenkoms aangaan met enige persoon of korporasie vir die vestiging, verkryging, konstruksie, aanleg, uitrusting, werking en waarborg van die kapitaalkoste, en rente op die kapitaalkoste van sulke vestiging, ens., en mag sulke bevoegdhede uitoefen, hetsy alleen of gesamentlik met iemand anders of 'n ander munisipaliteit, persone of korporasies, of outoriteite ;

bedrae sal voorskiet uit gelde, geleen teen 'n rente gelyk aan of hoër as ses persent per jaar, die raad die rente betaalbaar deur die eienaar mag bepaal op 'n voet gelyk aan die rentevoet betaal deur die raad vir die aldus geleende gelde plus 'n ekstra rente van een persent per jaar. Die bedrag van rente betaalbaar in terme hiervan sal deur die raad vasgestel word in 'n ooreenkoms met die eienaar, en sal nie onderhewig wees nie aan enige verandering gedurende die duur van sulke ooreenkoms, nieteentstaande enige latere verandering in die rentevoet welke aan die raad bereken mag word vir gelde deur hom geleen.

(3) Sulke onkoste en voorskotte tesaam met rente daarop sal 'n las wees op die grond of eiendom ten opsigte waarvan hulle aangegaan of gemaak is en sal aan die raad betaal word deur die persoon wat as dan eienaar daarvan is en die paaielemente daarvan sal nagelang hulle verskuldig word van die teenswoordige of enige toekomstige eienaar van die grond of eiendom in enige bevoegde hof invorderbaar wees ;

(4) Die raad sal op die munisipale kantore 'n register aanhou van alle kragtens hierdie artikel gemaakte onkoste en verleende voorskotte, en sal in sulke register die totale bedrae daarvan, die termynne waarin hulle betaalbaar is, die grond of eiendom ten opsigte waarvan hulle gemaak of verleen is, en die saldo's as dan uitstaande, aantoon en sal sulke register op alle redelike tyde vir inspeksie deur enige persoon oop hou, sonder koste daarvoor te hef ; sulke register en enige uittreksel daaruit gesertifiseer deur die stadsklerk of ander persoon deur die raad gemagtig sal in alle gevalle van vervolgings vir die invordering van sulke onkoste, voorskotte of rente daarop of enige betalings-termyne daarvan, prima facie bewys wees van die daarin voorkomende sake.

(5) Niks in hierdie artikel sal die bevoegdheid van die raad beperk of enige invloed hê op die uitoefening van enige werk waartoe die raad, deur wet of kragtens enige verordening in die munisipaliteit van krag, bevoeg is uit te voer of die koste van uitvoering van sulke werk van enige persoon wat daarvoor aanspreeklik is in te vorder.

168. Die raad mag van tyd tot tyd verordeninge maak, verander en intrek vir alle of enige van die volgende doeleindes, naamlik—

Verordeninge vir riolering en dreineringswerke.

(a) Vir reël van riolerings of dreineringswerke en die konstruksie en aansluiting te verplig op

**Ord. No. 11
van 1926.**

(c) sonder die skriftelike vergunning van die raad enige opening maak of laat maak in sulke riool, afvoerleiding of pyp, vir die doel rioolstof daarin af te voer of andersins; of
(d) enige sulke rirole, afvoerleidings of pype of enige werke of dinge in verband daarmee beskadig of verniel of laat beskadig of verniel, sal skuldig wees aan 'n oortreding en blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, en die raad mag enige gebou of bouwerk aldus opgerig, verander, afbreek of op ander wyse daarmee handel na gelang hy dienstig mag ag, enige sulke skade opvul en reg maak, of enige sulke opening in 'n riool, afvoerleiding of pyp sluit, en die onkoste aldus gemaak sal tesaam met sulke boete van die skuldige in enige bevoegde hof invorderbaar wees.

Koste vir gebruik van rirole.

166. Enige koste welke die raad deur verordening mag bepaal vir die gebruik van die afvoerleidings of rirole en rioleringswerke ten opsigte van enige grond of eiendom wat daarmee aangesluit is, sal vir alle doeleindes geag word koste vir gesondheidsdienste te wees, en sal invorderbaar wees van die eienaar van enige grond of eiendom wat aldus aangesluit is ooreenkomstig die bepalinge van artiekels *ag-en-veertig* en *neën-en-veertig*.

Bevoegdheid rioleringswerke te verrig op private grond of eiendom of daarvoor voorskotte te verleen.

167. (1) Die raad mag na diskresie—

(a) enige werk in verband met die aanleg of verbetering van 'n dreinerings- of rioleringsstelsel op enige grond of eiendom uitvoer deur sy eie bediendes of deur kontraktors, en die aansluiting van sulke grond of eiendom met die afvoerleidings of rirole van die raad, en van die eienaar van sulke grond of eiendom die onkoste invorder gemaak vir sulke werk, insluitende 'n redelike bedrag vir toesig, en, as die werk deur die raad onderneem word sonder tussenkoms van 'n kontrakter, mag die koste insluit vir die gebruik van gereedskappe en werktuie; of
(b) aan die eienaar van enige grond of eiendom die bedrag van enige onkoste voorskiet deur hom gemaak of gemaak te word vir die uitvoering van enige sulke dreinerings- of rioleringswerk op sulke grond of eiendom.

(2) Die raad mag ooreenkom betaling van sulke onkoste en terugbetaling van sulke voorskotte in sulke paaiemente aan te neem, op sulke tye en op sulke voorwaardes as die raad billik mag voorkom, tesaam met rente daarop teen ses persent per jaar (wat sal belas word van die datum waarop die werke voltooi of die voorskotte gemaak is) op sulke bedrag as dan uitstaande is; mits dat, waar die raad enige

162. Die raad sal minstens dertig dae alvorens buite die munisipaliteit aan te vang met die konstruksie of 'n uitbreiding van enige riool of enige ander werk vir riolerings-doeleindes, kennis gee van die voorgename werk deur 'n advertensie in een of meer plaaslike nuusblade wat sirkuleer in die gebied waarin die werk verrig sal word of as daar geen sulke nuusblad bestaan nie, dan in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer. Sulke kennisgewing sal die aard van die voorgename werk beskryf en sal die voorgestelde eindpunte daarvan vermeld, en besonderhede van die weë, strate, pleine, ope ruimtes en ander grond (as daar is) waardeur, waaroor, waaronder of waarop die werk verrig sal word, en sal 'n plek noem waar 'n tekening van die voorgestelde werk op alle redelike ure ingesien kan word; 'n kopie van sulke kennisgewing sal gedien word op die eienare of veronderstelde eienare, huurders of veronderstelde huurders en bewoners van die grond en op die plaaslike outoriteit (as daar een is) wat die sorg het oor sulke weë, strate, pleine of ope ruimtes.

Kennisgewing **Ord. No. 11**
voor aanvang **van 1926.**
 met enige
 riolerings-
 werke buite
 munisipale
 grense.

163. As enige sulke eienaar, huurder of bewoner, of enige sulke plaaslike outoriteit, of enige ander persoon wat gemoei sou wees met die voorgename werk, teen sulke werk beswaar maak en 'n skriftelike kennisgewing van beswaar by die Administrateur en by die stadsklerk indien te eniger tyd binne die genoemde tydperk van dertig dae, dan sal met die voorgename werk nie aangevang word nie sonder die toestemming van die Administrateur, tensy sulke beswaar teruggetrek word.

Kennisgewing
van beswaar
deur
eienaar.

164. Die Administrateur mag enige persoon of persone benoem om op die plek self 'n ondersoek in te stel na die gepastheid van die voorgename werk en die besware daarteen, en aan hom oor die saak te rapporteer, en op ontvangs van die rapport van sulke persoon of persone, mag die Administrateur 'n order uitvaardig, die voorgestelde werk nie toe te staan nie of dit toe te staan met sulke wysiginge (as daar is) as hy nodig mag ag.

Ondersoek
deur
Administra-
teur en aksie
daarop.

165. Enige persoon wat sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die raad—

Oortredings
en strawwe.

(a) enige gebou of ander bouwerk sal of laat oprig oor enige riool, afvoerleiding, of pyp behorende aan of gemaak met die magtiging van die raad; of

(b) die grond onder of naby enige sulke riool, afvoerleiding, of pyp uitgraaf, oopmaak of verwyder of laat uitgraaf, oopmaak of verwyder; of

**Ord. No. 11
van 1926.**

onderwerp aan die bepalings van subartikel (b) van hierdie artikel aansluitings maak met en gebruik maak van enige private riool op private grond ten einde sulke eiendom aan te sluit met enige publieke riool; mits dat by sulke aansluiting die genoemde riool waarmee 'n aansluiting aldus gemaak is, van die punt van sulke aansluiting met die publieke riool, aangemerkt en gebruik sal word as 'n gesamentlike of onderlinge riool, en die koste van konstruksie, reparasie en onderhoud van sulke gesamentlike of onderlinge riool sal vir sover as die nie deur die raad gedra moet word nie, betaal en gedra word deur die eienare van eiendom wat daarmee gedien word, in sulke verhouding as die raad van tyd tot tyd sal vereffen en reël.

Riole aan raad te behoer en reg van toegang daartoe.

160. Alle riole, afvoerleidings, pype, lugkokers, of ander gemakke vir die afvoer van rioolstof, vervaardig deur of wat onder die kontrôle staan van die raad, sal aan die raad behoer, en die raad of enige ander persone behoorlik deur die raad gemagtig, sal op alle tye 'n reg van toegang hê tot private eiendom vir die doel van inspektie, onderhoud, verandering of reparasie van sulke riole, pype, kokers en ander gemakke, en mag alle dinge doen nodig om sulke riole, afvoerleidings, pype, lugkokers of ander gemakke oop te maak en bloot te lê vir die doel van sulke inspeksie, onderhoud, verandering of reparasie, mits dat die raad alle skade sal repareer veroorsaak deur sulke toegang en inspeksie.

Uitvalplase.

161. Die raad mag enige uitvalplaas of rioolstof-deponeringswerke gevestig by die aanvang van hierdie Ordonnansie, waarvan die vestiging toegestaan was deur 'n order gemaak kragtens artikel *dertig* van die Munisipaliteit Bevoegdhe tot Onteiening Ordonnansie 1903, onderhou en bewerk, en mag met die toestemming van die Administrateur sulke uitvalplase of rioolstof-deponeringswerke vestig, onderhou en bewerk binne, of onderwerp aan die bepalings van artikels *honderd twee-en-sestig*, *honderd drie-en-sestig* en *honderd vier-en-sestig*, buite die munisipaliteit, as nodig of raadsaam mag wees vir die vereistes van die munisipaliteit en mag òf enige gronde verhuur gebruik as 'n uitvalplaas aan huurders òf die plase bewerk en die produkte daarvan van die hand sit, en nog die raad nog enige ander persoon sal aanspreeklik wees vir enige oorlas of skade wat die onvermydelike gevolg is van die behoorlike en gewone beheer van enige uitvalplaas of riolerings-deponeringswerke gevestig, onderhou of bewerk kragtens die bepalings van hierdie artikel.

159. Vir die doel enige dreinerings of rioleringswerke uit te voer mag die raad—

(a) sulke riole, afvoerleidings en pype laat maak, lê, verander, dieper maak, oordek en onderhou, hetsy binne of (onderwerp aan die bepalings van artiekels *honderd twee-en-sestig*, *honderd drie-en-sestig* en *honderd vier-en-sestig*) buite die munisipaliteit as nodig mag wees vir die doelmatige afvoer van die rioolstof van of dreinerings van die munisipaliteit of enige gedeelte daarvan, en van tyd tot tyd alle sulke reservoirs, sluise, toestelle, lugkokers, en ander werke laat maak en onderhou as mag nodig wees vir die reiniging en ventilasie van sulke riole, afvoerleidings en pype;

(b) sulke riole, afvoerleidings of pype laat lê deur, oor, of onder enige publieke weg, straat, plein, of ope ruimte of enige plek uitgelê as of bestem vir 'n publieke weg, straat, plein of ope ruimte hetsy binne of buite die munisipaliteit, sonder vergoeding te betaal en na redelike skriftelike kennis gegee te hê aan die eienaar of bewoner van sy voorneme, dieselfde handeling te verrig ten opsigte van enige grond binne, of (onderwerp aan die bepalings van die genoemde artiekels) buite die munisipaliteit teen vergoeding vir enige skade veroorsaak, waarvan die bedrag, indien nie onderling ooreengekom nie, bepaal sal word deur arbitrasie op die wyse soas bepaal deur die Munisipaliteite Bevoegdhede tot Onteiening Ordonnansie 1903 of enige wysiging daarvan, mits dat, by die vasstelling van enige vergoeding betaalbaar deur die raad hieronder, die bestaan van enige sanitêre deurgang deur of waaroor die raad 'n reg van toegang het tot enige private grond of gebou vir die doel van sanitêre diens en welke reg die raad bereid mag wees af te staan, in aanmerking geneem sal word;

(c) van tyd tot tyd enige riole, afvoerleidings of pype onder die kontrôle van die raad verander, vergroot, verlê, stop set, afsluit, of vernietig;

(d) binne, of (onderwerp aan die bepalings van die genoemde artiekels) buite die munisipaliteit enige werke aanlê vir die doel van opvang, bewaar, onstmet, suiwer, afvoer of op ander wyse enige rioolstof of dreineerstof wegruim;

(e) in enige geval waar weens die ligging van die grond of om ander redes, dit moeilik is enige eiendom binne die munisipaliteit direk aan te sluit vir riolerings doeleindes met 'n publieke riool deur die raad onderhou, mag die raad,

Bepalings
angaande
die aanleg
van riolerings
en dreinerings-
werke.

**Ord. No. 11
van 1926.**

**Ord. No. 11
van 1926.**

varke, ook die kop, as die raad mag voorskryf, of van 'n sertifikaat van 'n geneeskundige of veearts dat sulke karkas of vleis en die ingewande wat daartoe behoort behoorlik geïnspekteer was ten tyde van slag en vry van siekte bevind was ; die inbrenging in die munisipaliteit te verbied van enig onbevrore karkas (ander as wild) of onbevrore slagtersvleis van diere geslag buite die munisipaliteit, tensy sulke diere geslag was op 'n plek goedgekeur deur die raad of 'n komitee daarvan ; die voorwaardes voor te skryf waarop sulke goedkeurig verleen of ingetrek mag word en die duur daarvan te beperk ; mits dat hierdie en die voorafgaande subartikkel nie toepaslik sal wees nie op vleis of geslagte diere wat in die munisipaliteit gebring of ingevoer mag word deur enige persoon of die bediende van enige persoon vir gebruik deur sulke persoon of sy huisgesin ;

(13) (a) die aanleg te reël deur enige eienaar van grond op sy koste van 'n voetpad langs die kant van enige straat wat aan sy grond grens, en die bestrating van sulke voetpad met betonblokke of vlakke of ander klipplate, of op enige andere wyse en die konstruksie en bestrating deur die raad op koste van sulke eienaar van sulke voetpad te reël ;

(b) die koste te bepaal wat belas mag word vir die konstruksie en bestrating deur die raad van enige sulke voetpad ; enige aldus bepaalde koste sal vir alle doeleindes geag word koste te wees vir dienste deur die raad en sal as sodanig invorderbaar wees ;

(14) vir die verskaffing van toestelle vir luisteraars en die foie voor te skryf daarvoor betaalbaar en die voorwaardes waarop sulke toestelle gebruik sal word.

Geen sodanige verordening sal onbestaanbaar of in stryd wees nie met die bepalinge van hierdie Ordonnansie of enige ander wet binne die munisipaliteit van krag.

DEEL II.—RIOLERINGS EN DREINERINGSWERKE.

Bevoegdheid
riolerings en
dreinerings-
werke te
onderneem.

158. Die raad mag riolerings en dreineringswerke binne en buite die munisipaliteit maak, vervaardig, uitrus en uitvoer ; mits dat die raad nie met die aanleg of konstruksie van rioleringswerke sal aangevang nie sonder die toestemming van die Administrateur.

slordige of onvakkundige wyse verrig het tot nadeel van enige persoon of eiendom of in stryd met enige van die verordeninge van die raad ; mits dat voor sulke intrekking die persoon wie se lisensie ingetrek sal word, 'n kans gegee sal word om voor 'n komitee van die raad te verskyn en in sy eie verdediging gehoor te word ;

**Ord. No. 11
van 1926.**

—
Art. 157.

(9) vir die verlening van lisensies aan elektrisiëns (dog sonder daarvoor enige fooi te belas), waarby hulle gemagtig word elektriese draad-aanlegwerk te verrig vir die installasie, verandering of reparasie van enige sisteem van draadaanleg aangesluit of bestem aangesluit te word met enige munisipale werk vir die lewering of aanvoer van krag, vir reël van sulke elektrisiëns en die uitvoering te verbied van enige sulke werk deur enige ongelisiseerde persoon ; mits dat die bepalings van paragrafe (a) en (b) van subartikkel (8) *mutatis mutandis* toepaslik sal wees op sulke lisensies ;

(10) onderwerp aan die bepalings van Wet No. 22 van 1925 vir lisensieer, kontroleer, inspekteer, toesig hou oor en reël van plekke gebruik vir die doel van publieke verkoop of vir publieke verkoop vertoon van enige vee, perde, skape, bokke, varkens, gevoëlte, of andere lewende hawe ; vir lisensieer van persone sulke verkopings te hou op munisipale markte of op plekke anders as munisipale markte en die deposito van sekerheidstelling deur 'n applikant vir sulke lisensie te verlang ;

(11) die onderwerping aan die goedkeuring van die raad te verplig en te reël van alle vleis van geslagte diere bestem vir menslike voedsel, wat in die munisipale gebied gebring of ingevoer mag word deur die eienare of geadresseerdes daarvan, en op hulle koste, opdat sulke vleis of geslagte diere deur die raad kan gekeur of goedgekeur word, brandmerk of stempel te reël van sulke vleis of geslagte diere en die fooie wat daarvoor belas sal word, en om die verkoop of gebruik te belet van sulke vleis of geslagte diere bestem vir menslike voedsel, totdat dit deur die raad geïnspekteer en goedgekeur is ;

(12) die inbrenging in die munisipaliteit te verbied van enige karkas, ander as wild, of van enige slagtersvleis geslag buite die munisipaliteit, behalwe wanneer vergesel van sulke nieverwyderde ingewande en in die geval van

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 157.

getree is binne die munisipaliteit, vir minstens twee jaar in *bona fide* praktyk as 'n verloskundige was en dat sy ter goeder naam bekend staan, geregtig sal wees met die praktyk in die munisipaliteit voort te gaan ;

(6) die gebruik te reël en te kontroleer van publieke bade, washuise en wasserye gevestig deur die raad en die afsonderlike gebruik te bepaal en te beperk van sulke inrigtings respektiewelik deur blanke persone of deur naturelle of Asiate of ander klasse van persone ;

(7) die opmaking deur die raad te reël van enige sensus van die inwoners van die munisipaliteit, die pligte vas te stel van sensus amptenare deur die raad benoem, die verstrekking van informasie te verplig vir die doeleindes van sulke sensus, en die openbaarmaking van sulke informasie te verbied ;

(8) vir die verlening aan loodgieters en rioleleggers van lisensies (dog sonder daarvoor 'n fooi te belas) hulle magtigende die werk te verrig van—

(a) loodgieters of rioolaanleg vir die installasie, verandering of reparasie van enige rioleringsstelsel aangesluit of bestem om aangesluit te word met enige munisipale riool, en/of

(b) rioollegging of rioleringswerk (ander as stormwater-riolering) vir afvoer van was- of vuilwater ;

vir reël van sulke loodgieters en rioolleggers, en die uitvoering te verbied van enige sulke werk deur enige ongelisensieerde persoon ; mits dat—

(c) die raad mag weier 'n lisensie toe te staan aan enige persoon om enige sulke loodgieters- of rioolleggerswerk te verrig op die volgende grond buiten en behalwe die gronde genoem in artikel *een-en-neëntig*, naamlik, dat die applikant nie bekwaam is nie loodgieters- of rioolleggerswerk op 'n behoorlike en vak-kundige wyse uit te voer ; mits dat die weiering van die raad 'n lisensie te verleen op die hierin genoemde grond, onderwerp sal wees aan dieselfde beroep as in genoemde artikel bepaal ;

(d) die raad mag verder enige sulke lisensie verleen aan enige loodgieter of rioollegger, intrek, as hy oortuig is dat hy enige sulke loodgieterswerk of rioolleggerswerk op 'n

mag word, skadeloos te stel; mits dat die raad bevoeg sal wees diere af te wys of weier hulle te verseker wat ingebring is van enige gebied of plaas wat bekend staan besmet te wees of ingebring of ingestuur te wees deur enige persoon van wie bekend is dat hy handel dryf in besmette of sieke diere;

(b) vir die doel van hierdie subartikel vorder dat eienare van diere wat na die munisipale slaghuis gebring is bydra tot sulke fonds of fondse na gelang van die skaal van bydrae van tyd tot tyd van krag, en die raad is hierby gemagtig sulke skaal van bydrae te maak, te verander, te wysig en in te trek na gelang hy mag bepaal; en

(c) alle sodanige stappe te neem as hy mag nodig of wenslik ag vir die doel volle en algehele uitvoering te gee aan die bepalings van hierdie subartikel, insluitende die bevoegdheid voorskrifte of regulasies te maak, te verander, te wysig en in te trek aangaande die kontrôle oor sulke fonds of fondse;

(15) vliegmasjienparke vestig, oprig, bou, onderhou en beheer;

(16) draadlose uitsaaistasies vestig, oprig, bou, onderhou en beheer en kontrakte aangaan vir die huur van toestelle en vir luisteraars.

157. Die raad mag van tyd tot tyd verordeninge maak, verander en intrek vir alle of enige van die volgende doeleindes, naamlik—

(1) vir onderhou en reël van enige diens van motoromnibusse of ander voertuie, getrek of voortbeweeg deur dierlike, meganiese of elektriese krag, wat deur die raad ingestel mag word;

(2) vir reël van die fabrikasie van gemakalieë;

(3) vir reël van barbiers en kappers en barbiers- en kapperswinkels;

(4) vir verlening van lisensies (dog sonder daarvoor enige fooi te belas) aan private hospitale en verpleeginrigtings en vir reël van sulke hospitale en verpleeginrigtings;

(5) vir reël en toesig hou op die praktyk van verloskundiges en die praktyk van verloskunde te verbied deur persone anders as geregistreeerde verloskundiges; mits dat enige persoon wat die raad bewys dat sy, op die datum waarop 'n verordening gemaak was kragtens hierdie subartikel, waarby die praktyk van verloskunde verbied was aan persone anders as geregistreeerde verloskundiges, vir die eerste maal in werking

Verdere
spesiale
verordening
bevoegdhede
vir stadsrade.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 156.

klippe of op sulke ander wyse of vorm en van sulke breedte as die raad dienstig mag ag, hetsy deur sy eie bediendes of deur kontraktors, en van sulke eienaar die onkoste van sulke werk terug vorder, met inbegrip van 'n redelike bedrag vir toesig, en as die werk deur die raad onderneem word sonder tussenkoms van 'n kontrakter, die koste invorder vir die gebruik van gereedskappe en werktuie ;

(b) aan die eienaar van enige grond of eiendom die bedrag voorskiet van enige onkoste deur hom gemaak of gemaak te word vir die konstruksie of bestrating van enige sulke voetpad op of ten opsigte van sulke grond of eiendom ;

(c) die bepalings van subartiekels (2) tot (5) van artikel *honderd sewen-en-estig* van hierdie Ordonnansie sal toepaslik wees op enige voetpaaie gemaak deur die raad of deur die eienaar van enige grond of eiendom kragtens hierdie subartikel ;

(11) die aantreklikhede en voordele van die munisipaliteit en distrik adverteer en daaraan publisiteit gee ;

(12) die loop van enige stroom, spruit, of waterloop binne die munisipaliteit verlê, reg maak, aandui en kanaliseer na kennis te gee en vergoeding toe te ken aan enige eienaar of bewoner van grond of enige regte of servitude verbind aan grond wat grens aan sulke loop soas bestaande en soas voorgestel op die wyse bepaal deur Deel II van die Munisipaliteite Bevoegdhede tot Onteining Ordonnansie 1903 ; mits dat by die vereffening van enige vergoeding hieronder deur die raad betaalbaar, die verhoogde of verbeterde waarde onmiddellik of toekomstig wat sulke grond sal verkry deur die uitvoering van die genoemde doeleindes of enige daarvan, in aanmerking geneem sal word ;

(13) instellings of klinieke vir die sorg en welvaart van pasgebore kinders vestig, oprig, bou, onderhou en aanhou en voorsiening maak vir doelmatige onderrig gegee te word aan aanstaande moeders en moeders van sulke kinders en in verband daarmee koste hef ;

(14) (a) 'n fonds of fondse stig, onderhou, ondersteun, bevorder en aanhou en indien wenselik of noodsaaklik geag daartoe bydra, vir die doel eienare van karkasse of van gedeeltes van karkasse afgekeur in die munisipale slaghuus vir sulke siektes as deur die raad omskrywe

(4) (a) koelkamerwerke, depots vir die keuring van melk en geslagte vleis en melk-proefstasies vestig, verkry, oprig, uitrus en aanhou en in verband daarmee koste belas;

(b) ys maak en verkoop;

(5) vestig, verkry, instel, onderhou en aanhou binne die munisipaliteit 'n diens van motor-omnibusse of ander voertuie getrek of voortbeweeg deur dierlike, meganiese of elektriese krag vir die vervoer van passasiers en pakkette, en koste te hef vir of in verband met sulke diens, en in verband met enige sulke diens ooreenkomste aangaan met enig persoon of korporasie vir die vestiging, verkryging, konstruksie, aanleg, uitrusting, onderhoud, eksploiteer van en waarborg stel vir die kapitaalkoste en rente op die kapitaalkoste van sulke instelling, ens., en mag sulke bevoegdheid uitoefen, hetsy alleen of tesaam met 'n ander of meerdere munisipaliteite, persone, korporasies of outoriteite; mits dat hierdie subartikel nie toepaslik sal wees op tremweë nie; en mits verder dat enige raad die bevoegdhede mag uitoefen deur hierdie subartikel toegeken in enige gebied buite die munisipaliteit met die toestemming van die plaaslike outoriteit, as daar een is, van sulke gebied, of as daar geen plaaslike outoriteit in sulke gebied bestaan nie, dan met die toestemming van die Administrateur;

(6) 'n Sensus hou van die inwoners van die munisipaliteit en hydra in die koste van enige sulke sensus wanneer opgemaak deur enige ander outoriteit;

(7) enige kontrak of kontrakte aangaan met enige stadsraad, dorpsraad, gesondheidskomitee, of met enige korporasie of maatskappy, persoon of persone, tot verkryging of verdere uitvoering buite die munisipaliteit van enige werk of onderneming wat val binne die bevoegdhede van die raad;

(8) wasserye vestig, verkry, oprig, konstrueer, uitrus, onderhou en dryf en in verband daarmee koste hef;

(9) stoom-ontsmettingstasies vestig, oprig, konstrueer, onderhou en dryf;

(10) (a) op versoek van die eienaar van enige grond of eiendom geleë binne die grense van die munisipaliteit, 'n voetpad langs die kant van enige straat wat grens aan die grond of eiendom van sulke eienaar maak en bestraat met betonblokke of vlak gekapte of ander

**Ord. No. 11
van 1926.**

Art. 156.

Ord. No. 11
van 1926.

deur artikel *neën-en-vyftig* aan die ouditeur of ouditeurs deur die Administrateur benoem en sal, behalwe die gewone pligte van ouditeurs, minstens eenmaal in elk jaar sertifiseer of al dan nie—

(a) die rekenings van die munisipaliteit in orde is ;

(b) afsonderlike rekenings van alle handels-ondernemings aangehou is ;

(c) die uitgemaakte rekenings 'n waar en suiwer oorsig gee van die finansiële posisie van die munisipaliteit, en van sy transaksies, en die resultate van handeldrywe (indien enige) ;

(d) behoorlike voorsiening gemaak is vir die delging en afbetaling van enige gelde deur die raad geleen, hetsy in die vorm van munisipale effektewissels of andersins ;

(e) die waarde van die bate van die munisipaliteit billik opgegee is ;

(f) die bedrae afgesonder vir waardevermindering en veroudering van werktuie, ens., voldoende is ;

(g) of aan al sy of hulle vereistes en aanbevelings as ouditeurs voldoen is en uitvoering gegee.

(3) Met uitsondering van die rade van die munisipaliteite Germiston, Johannesburg en Pretoria, sal geen raad die bevoegdheid uitoefen nie verleen deur of op die munisipaliteit die bepalings toepas van hierdie artikel totdat 'n petisie geteken deur minstens twee-derdes van die raadslede die Administrateur aangebied is waarin gevra word om verlof die bevoegdheid uit te oefen of die bepalings toe te pas, en totdat die Administrateur deur proklamasie in die *Provinciale Koerant* sulke bevoegdheid verleen en die genoemde bepalings op sulke raad toepaslik gemaak het.

Ander
spesiale
bevoegdhede
vir stads-
rade.

156. Die raad mag enige van die volgende dinge doen, naamlik—

(1) hospitale oprig, vestig, bou, uitrus, en onderhou, hetsy binne of buite die munisipaliteit, hetsy permanent of tydelik, vir die opname van pasjente wat lydende is aan besmetlike siektes, koste belas vir behandeling in sulke hospitale, en voorsien in kostelose behandeling van behoeftige pasjente wat inwoners van sulke munisipaliteit is ;

(2) 'n kunsgallery vestig, onderhou en aanhou, en kunswerke verkry vir bewaring daarin ;

(3) publieke monumente oprig en onderhou of toelae in geld verleen vir die vestiging en onderhoud daarvan ;

HOOFSTUK X.

Ord. No. 11
van 1926.

SPESIALE BEVOEGDHEDE VAN STADSRADE.

DEEL I.—SEKERE SPESIALE BEPALINGS.

154. Behalwe soas anders bepaal is in subartikel (3) van artikel *honderd vyf-en vyftig*, sal die bepalinge van hierdie hoofstuk en enige wysiginge daarvan hierby toegeken wees en word aan iedere stadsraad ingestel of hierna ingestel kragtens hierdie Ordonnansie.

Toepassing
van
hoofstuk.

155. (1) Buiten en behalwe die ouditeur of ouditeurs deur die Administrateur benoem mag die raad na 'n besluit daartoe behoorlik aangeneem ooreenkommende 'n ouditeur te benoem, 'n ouditeur of ouditeurs benoem; mits dat aan die volgende bepalinge voldaan word:—

Addisionele
ouditeurs
mag deur
raad benoem
word.

(a) Voordat enige benoeming hieronder gemaak of vernuut word, sal die voornoemde besluit minstens eenmaal per week vir drie agtereenvolgende weke gepubliseer word in die *Provinciale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer;

(b) enig raadslid mag, voor 'n datum deur die raad vasgestel te word, een of meer behoorlik gekwalifiseerde persone nomineer om op te tree as ouditeur of ouditeurs van die rekenings van die munisipaliteit;

(c) iedere nominasie sal verwys word na 'n komitee wat uit minstens vyf raadslede bestaan, en die raad sal nie minder as veertien dae na die aldus vasgestelde datum nie, oorgaan tot die verkiesing by stemming van een of meer persone uit die genomineerde persone, of in die geval dat daar geen nominasies bestaan nie, een of meer behoorlik gekwalifiseerde ouditeurs.

Die verkiesing van sulke ouditeur of ouditeurs sal wees vir 'n tydperk van drie jare, en die raad sal ten tyde van sy of hulle verkiesing die besoldiging vasstel aan hom of hulle betaal te word en sulke bedrag sal nie verander word nie gedurende sy of hulle ampstydperk. Die aldus benoemde ouditeur of ouditeurs sal nie uit hulle amp gesit word nie voor afloop van sy of hulle termyn van benoeming as voorsê, sonder die toestemming van die Administrateur.

(2) Die ouditeur of ouditeurs benoem soas bepaal in hierdie artikel, sal alle bevoegdhede besit toegeken

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 153.

gedeelte daarvan, mag die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar dat vir die doel van oplegging en invordering van sulke belasting of heffing die genoemde gebied, vir sulke doeleindes alleen, geag word te staan onder die jurisdiksie van sulke raad, en dat alle bepalinge van hierdie Ordonnansie en van die Plaaslike Bestuur Belastings Ordonnansie 1912 en enig wysiging daarvan wat binne die munisipaliteit toepaslik is of mag word vir sulke doeleindes, toepaslik sal wees binne die genoemde jurisdiksiegebied van 'n gesondheidskomitee of gedeelte daarvan; mits dat die Administrateur die bevoegdhede van hierdie artikel nie sal uitoefen nie behalwe op die volgende voorwaardes:—

(a) Dat die genoemde komitee op ieder sulke eienaar 'n skriftelike kennisgewing sal geding het inhoudende volledige besonderhede van die voorgestelde ooreenkoms, die aard van die diens wat voorgestel word aan hom te verleen, en die benaderde bedrag van die belasting, heffing of koste en die tydperk waarvoor hulle heffing sal word deur sulke raad as uitvoering gegee word aan die genoemde ooreenkoms;

(b) dat minstens twee-derdes van sulke eienare binne ag weke van die datum van diening van sulke kennisgewing gesaamlik die Administrateur sal versoek het sulke bevoegdhede uit te oefen.

(4) Enige eienaar waarop sulke kennisgewing sal geding wees, mag by die Administrateur skriftelik beswaar indien teen die uitoefening deur die Administrateur van sulke bevoegdhede, en die Administrateur sal daarop sulke stappe neem as hom mag nodig voorkom enige sulke beswaar te ondersoek.

(5) Na behoorlik ondersoek in enige beswaar gemaak kragtens die bepaling van die laasvoorgaande subartikel mag die Administrateur die bevoegdhede van hierdie artikel uitoefen, en sulke veranderinge in die toepassing op enige bepaald gebied van die voorgestelde ooreenkoms maak as hy dienstig mag ag, of weier sulke bevoegdheid uit te oefen; mits dat die Administrateur sulke bevoegdhede nie sal uitoefen nie tensy die toestemming van twee-derdes van sulke eienare verkry is tot die voorgestelde ooreenkoms op die wyse soas hierin bepaal.

bevestig by Eerste Volksraad Besluit Artikel 1256, dato 18 September 1899, of van hierdie Ordonnansie ;

Ord. No. 11
van 1926.

(c) alle belastings gehef deur die komitee kragtens die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastings Ordonnansie 1912 en enige wijsiging daarvan ;

(d) alle ander foie, gelde of koste invorderbaar deur die komitee of waarop die komitee geregtig is kragtens hierdie Ordonnansie of kragtens enige ander wet.

152. 'n Gesondheidskomitee mag—

Lenings-
bevoegdhede.

(1) voorskotte verkry van enige bank by wyse van oortrekking tot sulke bedrae en op sulke voorwaardes as die Administrateur mag goedkeur ;

(2) van tyd tot tyd lenings aangaan tot sulke bedrae en op sulke voorwaardes as deur die Administrateur goedgekeur mag word. Die sekuriteit vir enige lening aangegaan deur 'n gesondheidskomitee kragtens hierdie artikel, sal die sekuriteit wees genoem in artikel *een-en-vyftig* vir lenings aangegaan deur munisipale raade, en vir die doel van invordering van enige sulke lening of paaiemente daarvan of rente daarop, sal die bepalings van sulke artikel *mutatis mutandis* toepaslik wees.

153. (1) 'n Gesondheidskomitee mag, met die toestemming van die Administrateur, 'n ooreenkoms aangaan met enige naburige stads- of dorpsraad vir die verrigting deur sulke raad van enige diens of werk binne die jurisdiksiegebied en vir die gebruik en nut van die bewoners van die gebied of gedeelte van die gebied onder die jurisdiksie van die gesondheidskomitee, wat die genoemde raad bevoeg is of bevoeg mag verklaar word onder en kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie te onderneem, binne die gebied van sy eie jurisdiksie.

Stads- of
dorpsraad
mag dienste
of werke
verrig vir
gesondheids-
komitees.

(2) Nieteenstaande enigiets in hierdie Ordonnansie of enige ander wet vervat, mag enige sulke raad, mits dat die toestemming van die Administrateur verkry word as voorsê, sulke ooreenkoms met 'n naburig gesondheidskomitee aangaan.

(3) Waar enige ooreenkoms gemaak en goedgekeur as voorsê met sig bring dat enige spesiale belasting of heffing opgelê word op eienare van eiendom binne die jurisdiksiegebied van 'n gesondheidskomitee of

Ord. No. 11
van 1926.

(e) magtiging te verleen aan die komitee met die toestemming van die Administrateur tot vrywillige aankoop van enige grond, reg van weg, waterreg, of enige ander eiendom of servituut binne of buite sy jurisdiksieggebied wat vir sy doeleindes nodig mag wees, mits dat, behalwe in die geval van 'n komitee wat kragtens subseksie (3) van artikel *eeenhonderd ses-en-veertig* verklaar is 'n gemeente te wees, enige eiendom of servituut hieronder aangekoop geregistreer sal word op naam van die Goewerment van die Unie van Suidafrika ;

(2) Die bepalings van artikels *ses-en-dertig, veertig, neën-en-veertig, vyf-en-vyftig, ses-en-vyftig, ag-en-vyftig, neën-en-vyftig, sestig, ag-en-sestig, sewentig, een-en-sewentig, twee-en-sewentig* en *drie-en-sewentig* van hierdie Ordonnansie sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op iedere gesondheidskomitee ingestel kragtens hierdie Ordonnansie as of sulke komitee 'n raad van 'n munisipaliteit en die gebied waarvoor dit was ingestel 'n munisipaliteit was.

(3) Die bepalings van artikels *honderd en ses* tot en met *honderd en veertien* hiervan sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op die regulasies voornoemd as of sulke regulasies verordeninge was, sulke komitees rade van munisipaliteite was, en die gebiede waarvoor hulle benoem was, munisipaliteite was.

(4) (a) Kopieë van die *Prowinsiale Koerant* bevatende regulasies en wysiginge daarvan hieronder gemaak sal op alle redelike tyde op die kantore van die komitee ter insage wees.

(b) Die sekretaris of klerk van die komitee sal verplig wees op aanvraag en teen betaling van sulke som as deur die komitee bepaal mag word (van hoogstens drie pennies vir iedere honderd woorde voorkomende in sulke regulasie of tien sielings in totaal) enige persoon te voorsien van 'n kopie van iedere sulke regulasie of wysiging.

Hoe gesondheidskomitee moet vervolg en vervolg moet word.

150. By enig geregsdeding wat mag ingestel word deur of teen sodanig komitee, sal dit voldoende wees sulke komitee aan te dui as die "..... gesondheidskomitee" sonder die name te noem van enige van die lede van sulke komitee.

Inkomste van gesondheidskomitees.

151. Die inkomste van die gesondheidskomitees sal bestaan uit—

(a) alle fooie, koste, belastings en heffings onder die regulasies, gemaak deur die Administrateur ;
(b) alle boetes opgelê deur 'n bevoegde hof en verbeurd verklaarde borggelde vir oortreding van sulke regulasies, of die regulasies vir stede

148. Die Administrateur mag, deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar dat die wyse van verkiesing van 'n gesondheidskomitee en die kwalifikasies as kiesers vir die verkiesing van sy lede sal wees soos bepaal in hierdie Ordonnansie vir die verkiesing van dorpsrade en die kwalifikasies as kiesers vir verkiesings van dorpsrade, of die Administrateur mag na eie diskresie enige ander wyse van verkiesing en kwalifikasie van kiesers voorskryf.

Sekere bepalings van hierdie Ordonnansie mag toepaslik gemaak word op gesondheidskomitees.

Ord. No. 11
van 1926.

149. (1) Die Administrateur mag van tyd tot tyd regulasies maak, verander en intrek vir enige gesondheidskomitee en vir die gebied waarvoor sulke komitee ingestel is ten opsigte van die volgende sake, naamlik—

Regulasies.

(a) vir toepaslik maak op die jurisdiksiegebied van die komitee *mutatis mutandis* die bepalings van artikels *een-en-tagtig*, *twee-en-tagtig*, en Deel I van Hoofstuk VII van hierdie Ordonnansie vir toekenning aan die komitee enige of alle van die bevoegdhede genoem in subartikels (1), (2), (3), (4), (5), (7), (14), (15), (16), (17), (26), (27), (32), (36), en (40) van artikel *neen-en-sewentig* en vir alle of enige van die doeleindes genoem in artikel *tagtig* van hierdie Ordonnansie ;

(b) vir oplegging aan die lede van die komitee van enige of alle van die pligte, verpligtings en aanspreeklikhede kragtens hierdie Ordonnansie opgelê aan raadslede van 'n munisipaliteit ;

(c) vir reëling van die benoeming, pligte en voorregte van die amptenare en bediendes van die komitee ;

(d) vir reëling van die geldmiddele van die komitee en vir vordering van betaling deur die komitee—

(i) van alle onkoste gemaak in verband met die nominasies en verkiesings van lede van die komitee, en

(ii) van die koste van publiseer in die *Prowinsiale Koerant* van enige regulasies gemaak kragtens hierdie artikel of kragtens enige ander wet teen sulke skaal as deur die Administrateur voorgeskrywe mag word, van hoogstens die helfte van die koste van sulke publikasie ; mits dat geen vordering vir sulke betaling gemaak mag word nie ten opsigte van enige regulasies gepubliseer voor die afkondiging van 'n regulasie hieronder ;

Ord. No. 11
van 1926.

gemeente sal wees met ewigdurende opvolging, en sal in staat wees wettelike vervolging in te stel of vervolgt te word, grond te koop, besit en vervreem en in die algemeen sodanige handelinge en dinge te verrig as wat gemeentes volgens wet mag doen en verrig, onderwerp aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en enige andere wet.

(4) By afkondiging van 'n proklamasie kragtens die voorafgaande subseksie waarby enig gesondheidskomitee ingestel word as 'n gemeente, sal sodanig komitee vir die doeleindes van die Dorpewet geag word 'n munisipale raad te wees, en—

(i) die Goewerneurgeneraal sal geregtig wees aan sodanig komitee te transporteer :—

(a) dorpsgronde onderwerp aan die bepalings van die Dorpsgronde Ordonnansie 1904 ;

(b) enige grond of persele genoem in paragrawe (b) en (c) van subseksie (1) van artikel *ag* van die Dorpewet ;

(c) enige andere grond geregistreer op naam van die Goewerment ;

(ii) in die geval van enig dorp goedgekeur kragtens die Dorpewet, sal by sodanig komitee die *dominium* berus oor die strate, pleine en ope ruimtes, vermeld op die algemene kaart van sodanig dorp ;

(iii) artikel *vyf-en-dertig*, artikels *twee-en-sestig* tot en met *sewen-en-sestig*, subseksies (18,) (19), (20), (21), (22), (23), (24) en (25) van artikel *nege-en-sewentig* en subseksie (1) van artikel *een honderd drie-en-veertig* van hierdie Ordonnansie sal wees en word hierby toepaslik gemaak op sodanig komitee as of dit 'n raad van 'n munisipaliteit was en die gebied waarvoor dit was ingestel 'n munisipaliteit was.

Herinstelling
van
bestaande
gesondheids-
komitees.

147. Die komitees ingestel kragtens die bepalings van Ordonnansie No. 9 van 1912 en genoem in die Sesde Bylae van hierdie Ordonnansie sal van die aanvang van hierdie Ordonnansie as gesondheidskomitees ingestel wees kragtens hierdie Ordonnansie vir die jurisdiksiegebiede omskrywe en bestaande by sulke aanvang.

Die lede van ieder sulke komitee sal in funksie bly kragtens die bepalings van die proklamasie waarby dit ingestel word en voorsiening maak vir die benoeming of verkiesing van sy lede, totdat die Administrateur by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* sal voorskrywe dat die lede van enige sulke komitee op ander wyse verkies of benoem moet word, of dat enige sulke komitee op ander wyse kragtens hierdie Ordonnansie ingestel sal word.

144. Die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belastings Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan sal toepaslik wees op iedere munisipaliteit waarvoor 'n dorpsraad ingestel is kragtens hierdie Ordonnansie, mits dat die Administrateur by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* mag verklaar dat vir 'n tydperk van minstens een kalenderjaar die bepalings van die genoemde Ordonnansie of enige wysiging daarvan nie van toepassing sal wees nie in enige sulke munisipaliteit, en dat vir sulke tydperk die erfbelasting hefbaar kragtens die bepalings van artikel vyf van Wet No. 4 van 1899 of enige wysiging daarvan in die genoemde munisipaliteit ingevorder sal word.

Erfbelasting mag in die plek gestel word vir eiendomsbelasting. **Ord. No. 11 van 1926.**

145. (1) Telkens wanneer kragtens die laasvoorgaande artikel die erfbelasting hefbaar is in 'n munisipaliteit sal sulke belasting aan die raad betaal word en invorderbaar wees as of dit belasting was opgelê kragtens die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912, of enige wysiging daarvan en die bepalings van sulke Ordonnansie en enige wysiging daarvan sal toepaslik wees vir die doel van sulke invordering.

Spesiale bepalings waar erfbelasting gehef word.

(2) Die Administrateur mag enige erfbelasting kwytstel in gevalle waarin die grond afgesonderd of uitsluitend gebruik word vir onderwys, godsdienstige, liefdadige of openbare doeleindes.

HOOFSTUK IX.

GESONDHEIDSKOMITEES.

146. (1) Die Administrateur mag van tyd tot tyd by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* op sulke wyse as hy dienstig mag ag vir enige stad, dorp, of ander gebied 'n komitee instel, wat 'n gesondheidskomitee genoem sal word, en sulke komitee sal, onderwerp aan die bepalings van hierdie Ordonnansie, belas wees met die instandhouding van die gesondheid van die inwoners vir die gebied waarvoor dit ingestel is en met sulke ander pligte as hierna voorgeskrywe is.

Instelling van Gesondheidskomitees.

(2) Die Administrateur mag die jurisdiksiegebied van sulke komitee vergroot, verander of inperk en mag te eniger tyd wanneer daarvan 'n goeie grond aangevoer word sulke komitee afskaf en ophef, en, die Administrateur mag, om die afskaffing of opheffing te bewerkstellig sulke order onder sy hand uitvaardig as nodig mag wees, en sulke order sal die krag van wet hê en bindend wees vir alle partye in enige betrokke saak.

(3) Die Administrateur mag van tyd tot tyd per proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* verklaar dat enig gesondheidskomitee hieronder ingestel 'n

Ord. No. 11
van 1926.

Administrateur mag regulasies vir dorpsrade maak.

141. Die Administrateur mag van tyd tot tyd regulasies maak, verander en herroep, toepaslik op enige munisipaliteit waarvoor 'n dorpsraad ingestel is op enige saak waarop sulke raad bevoeg is kragtens artikel *honderd neën-en-dertig* verordeninge te maak, dog op welke saak die genoemde raad versuim het verordeninge te maak, of na verordeninge gemaak te hê, die goedkeuring daarvoor van die Administrateur te verkry.

Uitdrukking "burgemeester" geles word as "voorsitter" en "plaasvervangende burgemeester" as "plaasvervangende voorsitter."

142. In Hoofstukke III, IV, V en VII, toegepas kragtens artikel *honderd neën-en-dertig*, sal die uitdrukking "burgemeester" geles word as "voorsitter" en die uitdrukking "plaasvervangende burgemeester" sal geles word as "plaasvervangende voorsitter."

Toepassing en nie-toepassing van sekere ander wette op dorpsrade.

143. (1) Behalwe soas bepaal in subartikel (3) hiervan, sal die volgende wette nie toepaslik wees op dorpsrade nie:—

(a) Die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan;

(b) Die Munisipaliteite Bevoegdhede tot Onteiening Ordonnansie 1903, of enig wysiging daarvan (hierna in hierdie paragraaf die Onteienings Ordonnansie genoem), behalwe dat die bepalinge van artikels *nege* tot en met *twaalf* van sulke Ordonnansie toepaslik sal wees in die geval van enige arbitrasie aangeleentehede in verband met enige werke wat deur 'n dorpsraad onderneem mag word kragtens artikels *een-en-tagtig* en *vier-en-tagtig* van hierdie Ordonnansie, mits dat die Administrateur op die applikasie van enige dorpsraad op sulke dorpsraad die Onteienings Ordonnansie mag toepas vir enige bepaalde doel neergelê in sulke Ordonnansie;

(c) Die Plaaslike Bestuur Weë Ordonnansie 1904 of enige wysiging daarvan.

(2) Die bepalinge van die Dorpsgronde Ordonnansie 1904 en enige wysiging daarvan sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op alle dorpsrade ingestel kragtens hierdie Ordonnansie.

(3) Verkiesings van raadslede vir die Munisipaliteit Innesdale sal geskied kragtens en ooreenkomstig die bepalinge van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan as of die raad van die genoemde munisipaliteit 'n stadsraad was.

munisipaliteit ingestel kragtens artikel *honderd sestien*, mits dat 'n dorpsraad nie noodsaakelikerwyse 'n geneeskundige gesondheidsamptenaar sal benoem nie tensy deur die Minister verlang kragtens artikel *twaalf* (1) van die Volksgesondheidwet 1919; mits verder dat waar geen geneeskundige gesondheidsamptenaar benoem is nie die Sekretaris van Volksgesondheid van die Unie persoonlik of deur 'n plaasvervanger deur hom skriftelik benoem mag nagaan of aan die volksgesondheidsverordeninge of regulasies of enige regulasies deur die Administrateur gemaak kragtens artikel *honderd een-en-veertig* hiervan of gemaak kragtens die Publieke Gesondheidswet, 1919, of enige wysiging daarvan, voldaan word.

(2) Die Administrateur mag by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* en onderwerp aan die voorwaardes genoem in die eersvolgende artikel, aan enige dorpsraad enige of alle van die bevoegdhede en pligte toeken aan stadsrade toegeken deur, en op sulke dorpsraad enige van die bepalings toepaslik maak van Deel I van Hoofstuk X van hierdie Ordonnansie met uitsondering van die bepalings van artikel *honderd vyf-en-vyftig*.

140. 'n Dorpsraad wat wens enige of alle van die bevoegdhede uit te oefen genoem in, of dat enige bepaling van Deel I van Hoofstuk X anders as die bepaling van artikel *honderd vyf-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie toegepas word, sal die Administrateur 'n petisie aanbied, geteken deur minstens twee-derde van die raadslede vraende om verlof sulke bevoegdhede uit te oefen of sulke bepaling toepaslik te maak.

Hoe spesiale bevoegdhede te verleen.

Op ontvangs van sulke petisie sal die Administrateur terstond die strekking daarvan in drie agtereenvolgende uitgawe van die *Prowinsiale Koerant* en eenmaal per week vir drie weke in 'n nuusblad (as daar een is) wat binne die munisipaliteit sirkuleer, laat publiseer.

Enige belanghebbend persoon sal bevoeg wees, binne dertig dae na die eerste publikasie in die *Prowinsiale Koerant* van die strekking van sulke petisie, by die Administrateur skriftelik beswaar in te dien teen inwilliging van die petisie.

Op ontvangs van sulke beswaar mag die Administrateur die magistraat of een of meer ander persone benoem om die petisie te oorweeg en enige beswaar daarteen, en na die rapport van die aldus benoemde ondersoekende persone gehoor te hê, of as daar geen sulke beswaar is nie na behoorlike ondersoek, mag die Administrateur na diskresie sulke petisie in sy geheel of gedeeltelik toestaan of weier.

Ord. No. 11
van 1926.

Omstandig-
hede waar-
onder ver-
kiesing deur
loting sal
beslis word.

137. By die verkiesing van 'n voorsitter kragtens die bepalings van die laasvooraangaande artikel, sal, as bevind word dat die aantal stemme uitgebring op enige twee of meer kandidate gelyk is, die verkiesing deur loting beslis word.

Plaasver-
vangend
voorsitter
van raad.

138. (1) Van tyd tot tyd sal 'n plaasvervangende voorsitter van die raad verkies word, onderwerp *mutatis mutandis* aan die bepalings van die laaste twee vooraangaande artikels, en sulke plaasvervangende voorsitter sal telkens wanneer dit sal nodig wees weens oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte, of onbekwaamheid van die voorsitter, alle handelinge verrig wat die voorsitter as sodanig mag verrig. Die feit van die oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte of onbekwaamheid van die voorsitter sal deur die stadsklerk gerapporteer word op die eerste vergadering van die raad gehou na dat sulke oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte of onbekwaamheid plaas gehad het of aangevang is, en sal in die notule van die raad opgeneem word. Sulke aantekening sal voldoende magtiging wees vir alle handelinge verrig deur die plaasvervangende voorsitter, welke die voorsitter as sodanig mag verrig, van die datum van oorlyde of bedanking, of die aanvang van afwesigheid, siekte of onbekwaamheid van die voorsitter, totdat 'n nuwe voorsitter benoem sal wees of die voorsitter sy pligte sal hervat het.

(2) Op iedere vergadering van die raad van sulk 'n munisipaliteit sal die voorsitter, indien teenwoordig, voorsit, en in geval van sy afwesigheid die plaasvervangende voorsitter, en indien nóg die voorsitter nóg die plaasvervangende voorsitter op enige vergadering teenwoordig is, dan sal die aanwesige raadslede onder hulle 'n tydelike voorsitter kies, wat by afwesigheid van die voorsitter en plaasvervangende voorsitter op sulke vergadering sal presideer, en as dit die raad sal blyk op sulke vergadering dat die voorsitter en plaasvervangende voorsitter albei van die munisipaliteit afwesig is, of om enige ander rede nie in staat is om op te tree nie, mag die raad by besluit aan die tydelike voorsitter verkies as voorsê, volle outoriteit toeken alle handelinge te verrig wat die voorsitter as sodanig mag verrig, totdat of die voorsitter of die plaasvervangende voorsitter weer in staat is as sodanig op te tree.

DEEL II.—BEVOEGDHEID EN PLIGTE VAN DORPSRADE.

Algemene en
spesiale
bevoegdhede.

139. (1) Die bepalings van Hoofstukke III, IV, V, VI en VII van hierdie Ordonnansie sal wees en word hierby toepaslik gemaak op die dorpsraad van enige

135. (1) Die raadslede verkies by iedere jaarlikse verkiesing tot aanvulling van vakatures veroorsaak deurdat raadslede aftree weens afloop van hulle ampstydperk, sal sitting hê vir 'n tydperk van drie jare, en 'n raadslid verkies tot aanvulling van 'n toevallige vakature wat moet aangevul word kragtens artikkel *honderd neën-en-twintig*, hetsy dat sulke verkiesing sal plaas hê by die jaarlikse verkiesing of nie, sal sitting hê vir die resterende tydperk waarvoor die raadslid wat afgetree is en wat hy opvolg, anders sitting sou gehad het.

Duur van ampstydperk van raadslede.

Ord. No. 11 van 1926.

(2) By enige jaarlikse verkiesing waarby raadslede verkies sal word tot aanvulling van toevallige vakatures, sal die vakatures ontstaan deur aftreding van raadslede weens afloop van hulle ampstydperke geag word aangevuld te wees deur die kandidate wat by die verkiesing die grootste aantal stemme verkry het. Die andere verkose kandidate sal geag word toevallige vakatures aan te vul in die volgorde en na gelang van die aantal stemme op elk uitgebring, sodat die raadslid wat met die grootste aantal stemme verkies is, geag sal word die raadslid op te volg wat, indien hy nie was afgetree nie, die langste sy setel sou behou het. In geval die saak nie as voorsê kan gereël word nie, weens gelykheid van stemme vir twee of meer kandidate of deurdat geen stemming plaas het nie, sal dit deur die voorsittende amptenaar deur loting beslis word.

136. Op die eerste vergadering van die raad gehou na elke jaarlikse verkiesing van raadslede, of op die eerste vergadering van die raad van enige nuut ingestelde munisipaliteit en daarna op die eerste vergadering van die raad daarvan na iedere jaarlikse verkiesing van raadslede, sal die raad deur stemming, indien daar meer as een nominasie is, 'n raadslid as voorsitter kies, en as daar een nominasie is, dan sal die raadslid aldus genomineer verklaar word behoorlik as voorsitter verkies te wees. Sulke voorsitter sal sy amp, terstond aanvaar en in funksie bly totdat sy opvolger benoem word na die eersvolgende jaarlikse verkiesing van raadslede, tensy sy amp vroeër vakant word, en in geval van sulke vakature sal 'n opvolger gekies word op die eersvolgende vergadering van die raad deur die raadslede onder hulle, wat sy amp terstond sal aanvaar en as voorsitter optree vir die res van die tydperk waarvoor die afgetrede voorsitter verkies was; mits steeds dat as 'n voorsitter om een of ander rede nie verkies word nie op 'n vergadering soas hierin voorgeskrywe, hy verkies mag word op die eerste gewone vergadering van die raad daarna gehou of op 'n spesiale vir die doel belegde vergadering.

Verkiesing van voorsitter.

Ord. No. 11
van 1926.

(2) Die eerste verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie van dorpsrade ingestel kragtens subartikel (2) van artikel *honderd sestien* sal plaas hê op of tussen sulke dae as deur die Administrateur by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* bepaal sal word, en die voorsittende amptenaar sal 'n dag bepaal ooreenkomstig die bepalinge van sulke Proklamasie vir die hou van die verkiesing en sulke kennisgewings uitvaardig as voorgeskrywe is deur artikel *honderd drie-en-twintig*.

Ampstydperk van raadslede verkies by eerste verkiesing.

132. By enige sulke eerste verkiesing sal een-derde van die verkose raadslede, wat daardies sal wees wat bo aan staan by die stemming, hulle amp beklee vir 'n tydperk van drie jare, en die een-derde van die verkose raadslede wat die daarop volgende grootste aantal stemme behaal sal hulle amp beklee vir 'n tydperk van twee jare, en die resterende derde van die verkose raadslede sal hulle amp vir 'n tydperk van een jaar beklee; mits dat in enige geval waarin die raadslede wat 'n gelyke aantal stemme verkry het en om die rede nie kan geplaas word in die eerste, tweede of derde afdeling van raadslede as voorsê, of as daar geen stemming is nie, deur loting sal beslis word welke raadslede hulle amp sal bly beklee respektiewelik vir drie of twee of een jaar. Die voorsittende amptenaar sal as hy die uitslag van die verkiesing bekend maak verder die respektiewe tydperke verklaar waarvoor die raadslede verkies is.

Administrateur mag ampstydperk vasstel.

133. In die geval van 'n eerste verkiesing van 'n dorpsraad gekonstitueer kragtens subartikel (2) van artikel *honderd sestien*, mag die Administrateur nie-teenstaande enigiets in die voorafgaande artikel vervat, die tydperke voorskryf waarvoor elke divisie raadslede verkies by sulke eerste verkiesing hulle amp sal beklee.

Jaarlikse verkiesing van raadslede.

134. Na enige sulke eerste verkiesing van raadslede sal daar 'n jaarlikse verkiesing van raadslede wees welke gehou sal word in die maand Oktober van elke en iedere jaar vir die doel raadslede te verkies tot vervanging van 'n gelyke aantal raadslede wat aftree weens afloop van hulle ampstyd en ook vir die doel sulke toevallige vakatures aan te vul as wat nodig is aangevul te word kragtens die bepalinge van artikel *honderd neën-en-twintig*; mits dat in die geval van dorpsrade gekonstitueer kragtens subartikel (2) van artikel *honderd sestien*, die Administrateur by proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* mag verklaar dat die verkiesing van raadslede na die eerste verkiesing nie sal plaas hê nie tot die maand Oktober van die jaar wat volg op die jaar waarin sulke eerste verkiesing gehou was.

129. Enige raadslid wat sal ophou die kwalifikasies te besit deur hierdie Ordonnansie gevorder, of wat gediskwalifiseer sal word kragtens hierdie Ordonnansie, sal *ipso facto* sy amp opgee en die voorsitter van die raad sal op die eersvolgende vergadering van die raad enige sulke vakature wat ontstaan is bekend maak; en in geval dat enige persoon tot raadslid verkies sal sterf of gediskwalifiseer word kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie, of ophou as 'n raadslid bevoegdheid te besit, of sal bedank, of sal weier die amp van raadslid te aanvaar, of in geval dat enige vakature ontstaan kragtens Hoofstuk IV van hierdie Ordonnansie, of op enige manier welke ook, dan sal die voorsitter van die raad van enige sulke vakature aan die magistraat kennis gee, wat, behalwe onder die omstandighede genoem in die eerste voorbehoudsbepaling van hierdie artikel, terstond 'n vergadering sal belê van ingeskrywe kiesers vir die munisipaliteit vir die doel sulke vakature aan te vul op die hiervoor voorgeskrywe wyse; mits dat as enige sulke vakature ontstaan sal binne drie maande voor die eerste dag van November in die jaar waarin die raadslede uit hulle amp tree, sulke vakature nie aangevul sal word nie, dog sal oop bly tot die eerste algemene verkiesing gehou word; mits verder dat as daar meer as drie vakatures bestaan, hulle aangevul sal word deur 'n spesiale verkiesing vir die doel en gehou op die wyse soas in hierdie Ordonnansie bepaal is.

Toevallige vakatures.

Ord. No. 11
van 1926.

130. As daar deur enige oorsaak die vereiste aantal raadslede nie sal verkies word nie by enige verkiesing gehou kragtens hierdie hoofstuk, dan mag die Administrateur enige persoon of persone tot raadslid of raadslede benoem om die benodigde aantal vir die raad voltallig te maak en mag die tydperk voorskrywe gedurende welke aldus benoemde persone as raadslede sitting sal hê.

Bepalings in geval van versuim lede te kies.

131. (1) Die eerste verkiesing kragtens hierdie Ordonnansie van dorpsrade ingestel kragtens subseksie (1) van artikel *honderd sestien* sal plaas het gedurende die maand Oktober 1926, en die datum van ampstaanvaarding deur die raadslede wat verkies word by sodanige verkiesing sal die eerste dag van November 1926 wees; mits dat enige toevallige vakature wat op enige sodanige dorpsraad ontstaan voor die datum van die eerste verkiesing gehou te word as voorsê sal aangevul word op die wyse deur hierdie Ordonnansie voorgeskryf; mits verder dat enig raadslid verkies ter aanvulling van 'n toevallige vakature op die wyse as voorsê sy amp slegs sal beklee tot die eerste dag van November 1926.

Eerste verkiesing van dorpsrade.

Ord. No. 11
van 1926.

totale aantal kiesers op enige kieserslys minder is as tweehonderd en vyftig die aantal ure toegestaan vir die duur van die vergadering as voorsê na goeddunke van die voorsittende amptenaar mag verminder word tot nie minder as vier ure nie indien behoorlik melding gemaak was van sodanige vermindering in die kennisgewing genoem in artikel *een honderd drie-en-twintig* hiervan.

(2) Daarop sal die voorsittende amptenaar die bus oop en aanvang met telling van die stemme aldus uitgebring en die name van die persone wat die grootste aantal stemme verkry het as behoorlik verkies verklaar in die volgorde van die aantal stemme op hulle uitgebring. In die geval dat die aantal stemme uitgebring vir enige twee of meer kandidate bevind word gelyk te wees en in die geval dat die gelykheid van invloed is op die uitslag van die verkiesing, sal die voorsittende amptenaar deur loting bepaal wie as behoorlik verkies sal verklaar word. Daarop sal die voorsittende amptenaar die stembriefies in 'n verseelde envelop sluit en daarvan besit hou, en die inhoud na verloop van drie maande vernietig. Die voorsittende amptenaar sal nimmer bekend maak hoe enige kieser sy stem uitgebring het.

(3) Alle uitgawe noodsaakelikerwyse beloop deur die voorsittende amptenaar in verband met die nominasies voor en hou van enige verkiesing sal deur die raad gedra word.

Bepalings in
geval van
verkiesing
onreëlmatig
gehou.

128. (1) Enige kieser mag beswaar indien teen die verkiesing van een of meer persone wat die voorsittende amptenaar as behoorlik verkies verklaar het kragtens die twee laasvooraangaande artikels. Sulke beswaar sal by die voorsittende amptenaar ingedien word binne sewe dae na die verklaring van die verkiesing, en sal die gronde van beswaar skriftelik vermeld, en die voorsittende amptenaar sal op ontvangs van sulke beswaar daarop sulke ondersoek instel as hy dienstig mag ag en na eie diskresie sulke beswaar gegrond of ongegrond verklaar.

(2) As enige verkiesing deur die voorsittende amptenaar vir ongeldig verklaar word tengevolge van sy grondig verklaar van sulke beswaar, of as om rede van enige versuim of nalatigheid of enige ander oorsaak welke ook enige vergadering vir die verkiesing van raadslede nie sal gehou word nie, dan sal die voorsittende amptenaar en in ieder geval sodra moontlik nadat enige sulke gebeurtenis of versuim hom ter kennis gebring is, vergaderings van kiesers belê vir die doel 'n raadslid of raadslede te nomineer en te verkies op die wyse soas hiervoor bepaal is.

betrekking wat die raad bevoeg is toe te ken, nog die eggenote van sulke persoon in staat sal wees verkies te word of om verder raadslid te bly.

Ord. No. 11
van 1926.

126. Enige persoon op die kieserslys van die munisipaliteit ingeskrywe en teenwoordig op sulke vergadering mag enige persoon voorstel vir verkiesing as 'n dorpsraadslid bevoeg om verkies te word, en iedere sulke voorstel sal, voordat dit aan die vergadering voorgelê word, gesekondeer word deur enige ander persoon wat op die kieserslys ingeskrywe is van die munisipaliteit en teenwoordig op sulke vergadering. Die persoon aldus voorgestel en gesekondeer sal geag word behoorlik genomineer te wees sodra hy persoonlik op die vergadering of skriftelik per brief of telegram van sy aanneming van die nominasie kennis gegee het. As die aantal behoorlik genomineerde persone nie meer is as die aantal raadslede wat verkies moet word, sal die voorsittende amptenaar dan en daar die persone aldus genomineer as verkies verklaar, dog as die aantal persone behoorlik genomineer meer is as die aantal te verkiese raadslede, sal die voorsittende amptenaar op 'n tyd en plek en op 'n datum dan en daar deur hom bepaal te word, sulke datum nie later te wees nie as veertien dae na die datum van die genoemde vergadering, dan en daar oorgaan 'n stemming te hou onder die ingeskrywe kiesers op die wyse soas bepaal in die eersvolgende artikel.

Nominasie
van kandi-
date vir
verkiesing.

127. (1) Die voorsittende amptenaar sal aan die vergadering die name voorlees van die persone behoorlik genomineer. Ieder kieser op die vergadering teenwoordig sal sig op sy beurt na die tafel begee waaraan die voorsittende amptenaar gesete is en na die voorsittende amptenaar oortuig te hê dat sy naam voorkom op die kieserslys vir die munisipaliteit en dat hy nie reeds gestem het nie by die verkiesing wat dan gehou word, sal hy op 'n strook papier behoorlik geperforeer of officieel gemerk deur die voorsittende amptenaar en deur hom aan die kieser ter hand gestel, die name van die persone genomineer waarop hy wens te stem van hoogstens die aantal te verkiese persone, aanteken. Daarop sal die kieser die strook papier in 'n bus werp vir die doel bestem. Die vergadering sal gesluit word na afloop van ses ure van die uur voorgeskrywe as die tyd van die vergadering, tensy daar enige ingeskrywe kieser teenwoordig sal wees wat sy stem nie uitgebring het nie; in welke geval die voorsittende amptenaar bevoeg sal wees die vergadering te verleng totdat iedere sulke kieser sy stem sal uitgebring het; mits dat waar die

Wyse van
hou van
verkiesing.

Ord. No. 11
van 1926.

Vasstelling
van die aan-
tal lede.

122. Die Administrateur mag die aantal raadslede van enige dorpsraad vasstel en van tyd tot tyd vermeerder of verminder en van iedere sulke vermeerdering of vermindering sal kennis gegee word deur proklamasie in die *Provinsiale Koerant*, mits dat die aantal raadslede vir enige dorpsraad nie minder as drie of meer as twaalf sal wees nie, en verder 'n aantal sal wees wat 'n veelvoud van drie is.

Datum van
jaarlikse
verkiezing
van dorps-
rade en
kennisgewing
van ver-
gadering van
verkiezing.

123. (1) Verkiesings van dorpsrade sal gehou word gedurende die maand Oktober in elke jaar op die hierna bepaalde wyse.

(2) Die magistraat of sulke ander persoon as deur die Administrateur benoem mag word (hierna die voorsittende amptenaar genoem) sal, onderwerp aan die bepalinge van subartikel (1), die dag bepaal vir die hou van die verkiesing, en hy sal minstens veertien dae voor die aldus bepaalde dag, 'n kennisgewing publiseer in 'n nuusblad (as daar een is) wat binne die munisipaliteit sirkuleer, en sal sulke kennisgewing laat aanplak op 'n plek goedgekeur deur die voorsittende amptenaar en op sulke ander in die oog lopende plekke binne die munisipaliteit as die voorsittende amptenaar geskik sal ag.

(3) Sulke kennisgewing sal 'n publieke vergadering oproep van die persone op die kieserslys van die munisipaliteit ingeskrywe om raadslede te nomineer en te verkies.

(4) Iedere sulke kennisgewing sal die uur en plek binne die munisipaliteit omskryf waarop die vergadering gehou sal word en die vergadering sal op die aldus bepaalde uur en plek gehou word. Die genoemde kennisgewing sal ook die duur van die genoemde vergadering voorskryf.

Voorsittende
amptenaar te
presideer.

124. Op die tyd en plek in die kennisgewing bepaal, sal die voorsittende amptenaar teenwoordig wees en op die gehoue vergadering voorsit.

Kwalifikasies
van persone
vir nominasie
as raadslid
of vir 'n amp
op raad te
beklee.

125. Enige persoon, manlik of vroulik, bevoeg om as 'n kieser geregistreer te word by verkiesings van raadslede kragtens hierdie hoofstuk, kan in aanmerking kom om as raadslid verkies te word; mits dat geen persoon wie se boedel in likwidasie is of onder afstand in bewaring vir sy krediteure of as insolvent gesekwestreer, en wat sy rehabilitasie nie verkry het nie, nog 'n persoon van gekrenkte geesvermoëns as sodanig verklaar deur 'n bevoegde hof, nog 'n persoon wat gediskwalifiseer is kragtens subartikel (3) van artikel *honderd twintig* in aanmerking sal kom verkies te word, of indien verkies, om verder raadslid te bly; mits verder dat geen persoon wat enige pos beklee of winsgewende

datum van affloop van die vonnis vir enige misdad waarvoor die straf gevangenisstraf is met harde arbeid sonder die keuse van 'n boete, tensy grasie sal verleen wees.

(b) Blanke persone wat saam leef met naturelle- of kleurlingvroue.

121. (1) Sodra moontlik na die aanvang van hierdie Ordonnansie of binne een maand na die datum van 'n proklamasie kragtens hierdie Ordonnansie waarby 'n dorpsraad ingestel word, sal die magistraat of 'n ander persoon deur die Administrateur benoem 'n lys opmaak van alle persone wat kragtens artikel *honderd-en-neëntien* bevoeg is te stem by die verkiesing van 'n dorpsraad en wat nie gediskwalifiseer is nie kragtens die laasvooraangaande artikel.

Opmaak van
kieserslys.

Die genoemde eerste kieserslys mag deur die magistraat of ander benoemde persoon gewysig word en sulke lys sal ter insage lê op die kantoor van die magistraat of ander persoon vir veertien dae voor die dag van die verkiesing van lede van die raad, mits dat geen wysiging van die genoemde lys gemaak sal word nie binne 'n tydperk van sewe dae voor die dag van verkiesing.

(2) Die koste van opmaak van sulke lys sal deur die raad betaal word.

(3) Iedere latere kieserslys sal deur die raad opge- maak word voor die vyftiende dag van Augustus in elke en iedere jaar.

(4) Die raad sal onmiddellik na opmaking van sulke lys by kennisgewing aangeplak buite die kantoor van die raad bekend maak dat 'n eksemplaar van die genoemde lys op die genoemde kantoor sal ingesien word, en 'n eksemplaar van sulke lys sal ter insage lê op die genoemde kantoor, gedurende kantoorure, vir 'n tydperk van veertien dae. Die genoemde kennisgewing sal ook te kenne gee dat op 'n sekere datum, wat nie minder sal wees nie as sewe dae na affloop van die genoemde veertien dae, en op 'n tyd en plek daarin vermeld te word, aansprake om opgeneem te word op, of besware teen die genoemde lys sal gehoor en beslis word.

(5) Die voorsitter en twee ander lede van die raad sal op die aangekondigde dag, in ope sitting al sulke aansprake en besware hoor en daarvoor beslis, en mag van tyd tot tyd, na gelang van noodsaakelikeid, verdaag.

(6) Die hersiene lys gewaarmerk deur die voorsitter sal die kieserslys wees en bly, wat van krag is en daaraan sal nie toegevoeg of verander word nie totdat hieronder 'n nuwe lys opgetrek is.

Ord. No. 11
van 1926.

in staat wees eisende en verwerende in regte op te tree, grond aan te koop, te besit en te vervreem, en in die algemeen sulke handelinge en dinge te doen en te verrig as gemeentes kragtens wet mag doen en verrig, onderwerp aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en enige ander wet rakende sulke dorpsraad.

Lede van bestaande rade van kleinere munisipaliteite hulle amp te behou.

118. (a) Behalwe soas bepaal in paragraaf (b) hiervan, sal die lede van die rade genoem in die Vyfde Bylae van hierdie Ordonnansie en die voorsitter en plaasvervangende voorsitter daarvan hulle amp bly beklee asof sulke raad nie opnuut ingestel was nie kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie tot die eerste dag van November 1926, wanneer hulle uit hul amp sal tree en ophou raadslede te wees, dog nietemin bevoeg sal wees kandidate te wees vir herverkiesing indien nie gediskwalifiseer nie kragtens hierdie Ordonnansie.

(b) Die lede van die Innesdale Dorpsraad en die voorsitter en plaasvervangende voorsitter daarvan sal hulle amp bly beklee kragtens die bepalings van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1912, of enige wysiging daarvan, as of sulke raad nie opnuut ingestel was nie kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Kwalifikasie van kiesers vir verkiesing van dorpsrade.

119. Ieder blanke persoon, manlik of vroulik, van die leeftyd van een-en-twintig jaar en ouer, wat Brits onderdaan is wat die eienaar is van belasbare eiendom binne die munisipaliteit of wat binne die munisipaliteit sal gewoon het vir 'n tydperk van ses maande onmiddellik voorafgaande aan die samenstelling van die kieserslys of sy applikasie om geregistreer te word op die kieserslys, sal, onderwerp aan die hierna genoemde diskwalifikasie, geregtig wees op sulke kieserslys opgeneem te word mits dat geen persoon op enige tyd op die kieserslys sal opgeneem word in meer as een munisipaliteit nie.

Diskwalifikasies.

120. (1) Geen persoon wie se naam nie voorkom nie op die kieserslys as dan van krag sal geregtig wees te stem by enige verkiesing van 'n dorpsraad.

(2) Geen persoon met gekrenkte geesvermoëns as sodanig verklaar deur 'n bevoegde hof sal, tydens hy geestelik gekrenk is, in staat wees as 'n kieser geregistreer te word.

(3) Die volgende persone sal nie bevoeg wees nie te stem by enige verkiesing gehou kragtens hierdie hoofstuk :—

(a) Persone te eniger tyd veroordeel weens moord of tot dat drie jare verloop is na die

115. Waar enige persoon vir 'n tweede maal veroordeel is binne 'n tydperk van twaalf maande weens oortreding van 'n verordening deur enige dier te verkoop of vir verkoop aan te bied of van die hand te sit vir die doel van verkoop of vir die bereiding vir verkoop of in sy besit te hê, of enige artikel (hetsy vloeibaar of vas) bestem vir menselike voedsel, wat siek is of ongesond of onsmaklik of ongeskik vir menselike voedsel, mag die magistraat as hy dit dienstig ag, en bevind dat sulke persoon opsetlik of moedswillig albei oortredings begaan het, buite en behalwe enige ander straf op te lê, gelas dat 'n kennisgewing van die feite aangebring word in sulke vorm en op sulke wyse en vir sulke tydperk van hoogstens een-en-twintig dae as in die order vermeld mag word, op enige eiendom deur sulke persoon geokkupeer, en dat die persoon die koste van sulke aanplakking moet betaal; en as enige persoon die aanplakking van sulke 'n kennisgewing verhinder of die kennisgewing verwyder, onleesbaar maak of verberg tydens dit aangeplak is gedurende die genoemde tydperk, dan sal hy vir iedere oortreding blootstaan aan 'n boete van hoogstens tien pond (£10).

Bepaling vir aanbring op eiendom van kennisgewing *re* veroordeling vir verkoop of besit van siek dier of ongesonde voedsel.

Ord. No. 11
van 1926.

HOOFSTUK VIII.

DORPSRADE.

DEEL I.—KONSTITUSIE EN VERKIESING VAN DORPSRADE.

116. (1) Die rade van munisipaliteite ingestel kragtens Ordonnansie No. 9 van 1912, genoem in die Vyfde Bylae van hierdie Ordonnansie, sal van die aanvang van hierdie Ordonnansie, dorpsrade gekonstitueer wees met jurisdiksie oor die munisipale gebiede wat bestaan en omskrywe is by sulke aanvang.

Konstitusie van dorpsrade.

(2) Vir die doel 'n dorpsraad in te stel vir enige ander stad, dorp of gebied (wat geen munisipaliteit is nie), of die instelling van 'n dorpsraad in die plek van 'n stadsraad of gesondheidskomitee vir enige gebied, of vir die uitoefening ten opsigte van 'n dorpsraad van sulke ander bevoeghede as toegeken is deur artikel *nege* van hierdie Ordonnansie, sal die bepalings van artikels *nege* tot en met *veertien* van hierdie Ordonnansie *mutatis mutandis* van toepassing wees.

117. Iedere dorpsraad ingestel kragtens hierdie Ordonnansie sal, onder die naam van dorpsraad van 'n stadsbestuur wees met ewigdurende opvolging, en sal onder sulke naam volgens wet

Inlywing van dorpsrade.

Ord. No. 11
van 1926.

(2) enige bewoner van eiendom wat die eienaar van sulke eiendom verhinder te voldoen aan enige wettige vordering van die raad ;

(3) enige bewoner van eiendom wat op verlange weier, of opsetlik nalaat sy eie naam of die naam van die eienaar van sulke eiendom op te gee of opsetlik 'n onjuiste naam opgee ;

(4) enige persoon wat weier na sy beste vermoë te antwoord of opsetlik valse antwoorde gee op ondersoeke ingestel deur die geneeskundige gesondheidsamptenaar of enige gesondheidsinspekteur spesiaal deur hom skriftelik gemagtig vir die doel gevalle van enige besmetlike siekte op te spoor of moontlike bronne van besmetting van enige sulke siekte.

Oortreding van Ordonnansie, verordening of regulasies deur maatskappy of vennootskap.

112. As enige oortreding van hierdie Ordonnansie of enige wysiging daarvan of van enige verordening of regulasie begaan is deur 'n maatskappy of vennootskap, sal iedere besturende direkteur, of persoon wat die bestuur of kontrôle in hierdie Provinsie het oor die besigheid of eiendom in die geval van 'n maatskappy en ieder sulke persoon en elke vennootskap, daarvoor verantwoordelik wees, en sal blootstaan aan die straf vir sulke oortreding bepaal, mits dat niks in hierdie artikel vervat geag sal word enige ander persoon skuldig aan die oortreding, van aanspreeklikheid vry te stel.

Bevoegdheid van raad tot vervolging.

113. Die raad mag deur enige persoon skriftelik daartoe gemagtig onder die hand van die burgemeester of stadsklerk summier in die magistratshof vervolg vir alle oortredings van hierdie Ordonnansie of enige verordening of regulasie ; en die bepalings van enige wet wat betrekking het op vervolgings deur private persone in sulke hof sal op al sulke vervolgings toepaslik wees.

Verligting van oorlaste

114. By 'n magistraat mag geklaag word oor die bestaan van 'n oorlaste kragtens hierdie Ordonnansie of kragtens enige verordening of regulasie gemaak kragtens sulke Ordonnansie op enige eiendom binne die munisipaliteit deur enige persoon daardeur gehinder en daarop sal dieselfde weg gevolg word met dieselfde insidente en gevolge as wat betrekking het op maak van orders, strawwe vir ongehoorsaamheid aan orders appèl en andersins, as wat die geval is met 'n klag wat betrekking het op 'n oorlaste gemaak by die magistraat deur 'n raad in terme van die laasvoor afgaande artikel.

bedra nie. Enige sulke verordening mag verder bepaal dat buiten en behalwe hierdie boete, enige onkoste deur die raad beloop as 'n gevolg van 'n oortreding van enige verordening of by die uitvoering van enige werk deur enige verordening opgedra deur enige persoon uit te voer en nie deur hom uitgevoer nie, betaal sal word deur die persoon wat sulke oortreding begaan het of versuim om sulke werk uit te voer.

107. Alle oortredings op enige regulasie of verordening van krag in die munisipaliteit, sal geag word oortredings te wees van hierdie Ordonnansie en ieder persoon skuldig aan sulk 'n oortreding of aan 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie Ordonnansie, sal vir iedere sulke oortreding blootstaan aan 'n straf uitdruklik bepaal deur die regulasie of verordening of deur hierdie Ordonnansie, en as geen straf bepaal is nie dan tot 'n boete van hoogstens tien pond.

Strawwe
waar nie
anders be-
paal nie.

108. Alle boetes of ander gelde betaalbaar ten opsigte van enige oortreding van hierdie Ordonnansie, of van enige regulasie, of enige verordening, mag ingevorder word voor enige hof met bevoegde jurisdiksie.

Invordering
van boetes.

109. Behalwe soas in hierdie Ordonnansie anders uitdruklik bepaal is, mag, telkens wanneer enige boete sal opgelê wees kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie of van enige regulasies, of van enige verordening, en die veroordeelde persoon die boete nie terstond betaal nie, die hof wat die boete oplê gelas dat sulke persoon gevange gesit word met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens een maand, as die opgelegde boete nie meer as vyf pond is nie, of vir 'n tydperk van hoogstens drie maande as die opgelegde boete meer as vyf pond bedra, en sulke persoon sal in hegtenis geneem word tensy hy sulke boete vroeër sal betaal.

Wanbetaling.

110. Iedere boete ingevorder vir 'n oortreding van 'n verordening of regulasie of vir enige ander oortreding van hierdie Ordonnansie of enige borgstelling verbeurd verklaar weens versuim van enige persoon, beskuldig van sulke oortreding, sulke beskuldiging te weerlê, sal gestort word in die inkomste van die raad; mits dat die magistraat wat veroordeel in alle gevalle van oortredings van verordeninge of regulasies die beskuldigde mag gelas sulke koste te betaal as hy redelik mag ag.

Aanwending
van boetes
en bestryding
van vervol-
gingskoste.

111. Die volgende persone sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens tien pond of aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid sonder die keuse van 'n boete vir 'n tydperk van hoogstens drie maande—

Belemmering
van
amptenare
van die raad.

(1) enige persoon wat opsettelik enige raadslid of enige persoon in diens van die raad in die uitoefening van sy plig belemmer;

**Ord. No. 11
van 1926.**

of op die munisipale-aankondigingsbord, en geteken deur die burgemeester of twee raadslede en deur die stadsklerk. Die helfte van die koste van publiseer in die *Prowinsiale Koerant* van enige sulke verordening of wysiging of enige regulasies kragtens artikel *drie-en-twintig* (3) van die Naturelle (Stedelike Gebiede) Wet 1923, sal deur die raad gedra word.

Sulke verordening of wysiging daarvan sal krag van wet het binne die munisipaliteit van en na die datum van sy publikasie in die *Prowinsiale Koerant* tensy uitdrukkelik anders bepaal in die kennisgewing waaronder dit gepubliseer is.

Bewys van publikasie van verordening.

103. 'n Kopie van die *Prowinsiale Koerant* bevatende 'n kennisgewing waarby enige verordening of wysiging daarvan gepubliseer word kragtens die bepaling van die laasvooraangaande artikel sal, by alle geregtelike vervolgings, totdat die teendeel bewys is, bewys wees dat sulke verordening of wysiging daarvan, die krag van wet het binne die munisipaliteit ten opsigte waarvan dit gemaak en goedgekeur is as voorsê.

Verordeninge vir inspeksie beskikbaar en eksemplare verkrygbaar.

104. Eksemplare van die *Prowinsiale Koerant* bevattende bywette en amendemente daarop deur die Administrateur goedgekeur as voorsê en van alle regulasies en wysiginge daarvan sal ter insage lê op die kantore van die raad op alle redelike ure.

Die stadsklerk sal verplig wees op applikasie en teen betaling van sulke som as deur die raad mag vasgestel word (hoogstens drie pennies vir iedere honderd woorde wat in sulke verordening of regulasie voorkom of in totaal tien sielings), enige persoon te voorsien van 'n eksemplaar van iedere sulke verordening, regulasie of wysiging.

Bevoegdheid van Administrateur verordeninge te herroep.

105. Die Administrateur mag na eie diskresie te eniger tyd, na die betrokke raad redelik kennis gegee te hê en van sy redes daarvoor en na sulke raad gehoor te hê enige verordening herroep, verander of wysig, en van sulke herroeping, sal deur die Administrateur aan die Raad kennis gegee word wat bowendien 'n kennisgewing sal publiseer in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad (as daar een is) wat in die munisipaliteit sirkuleer sulke herroeping, verandering of wysiging aankondigende of sal 'n kennisgewing daarvan laat aanplak op die hoofdeur van die magistratshof en van die kantore van die raad.

Bevoegdheid strawwe op te lê vir oortreding van verordeninge.

106. Enige verordening mag 'n boete of ander strawwe voorskryf vir enige oortreding daarvan, en mag ook verskillende boetes of ander strawwe voorskryf in geval van agtereenvolgende of deurlopende oortredinge, dog geen boete sal meer as vyftig pond

Ord. No. 11
van 1926.

(d) die Administrateur sal die voorgestelde verordening tesaam met die hiervoor genoemde opgawe vir rapport na die Minister van Mynwese verwys alvorens hom goed of af te keur ;

(e) die vorenstaande prosedure sal gevolg word in enig geval waarin in die loop van die bespreking oor enige verordening deur die raad, 'n mosie sal voorgestel en gesekondeer word dat daarmee aldus gehandel word.

99. Nadat enige verordening deur die raad gemaak of gewysig is, sal sulke verordening of die wysiging daarvan aan die Administrateur voorgelê word wat, alvorens dit goed te keur, sig sal oortuig of aan die bepalings van artikel *sewen-en-neeëntig* en *ag-en-neeëntig* voldaan is en dat die bepalings van die verordening nie in stryd is nie met die bepalings van hierdie Ordonnansie, of enige wet of regulasie binne die munisipaliteit van krag.

Indiening van ontwerpverordening vir goedkeuring van Administrateur.

100. Die Administrateur mag enige verordening of wysiging na gelang hy mag dienstig ag, goedkeur, verander of afkeur.

Bevoegdheid van Administrateur verordening goed of af te keur wanneer ingedien.

101. Tesaam met kopieë van alle verordeninge of wysiginge van verordeninge ingedien vir die goedkeuring van die Administrateur kragtens die laasvoorgaande artikel, sal die stadsklerk aan die Administrateur voorlê—

Stadsklerk kopie in te dien van notule omtrent ontwerpverordeninge aan Administrateur.

(a) 'n kopie van die notule van die vergadering van die raad waarop die verordeninge of wysiging aangeneem was ;

(b) 'n sertifikaat deur die stadsklerk dat aan die bepalings van artikel *sewen-en-neeëntig* en, waar nodig, van artikel *ag-en-neeëntig* voldaan is ;

(c) kopieë van enige besware teen die aanneming van die verordeninge of wysiging wat skriftelik, mag ingedien wees, aan die stadsklerk, of, indien geen ingekom het nie, 'n verklaring in die sin.

102. By die goedkeuring deur die Administrateur van 'n verordening, of 'n wysiging daarvan deur die raad (met of sonder veranderings en wysiginge deur die Administrateur gemaak), sal die Administrateur 'n kopie van die verordening of wysiging aldus goedgekeur aan die stadsklerk laat stuur, en 'n kopie van die verordening of wysiging aldus goedgekeur sal deur die Administrateur gepubliseer word deur 'n kennisgewing in die *Prowinsiale Koerant* en deur die stadsklerk deur 'n kennisgewing aangeplak hetsy op die hoofdeur van die kantore van die raad

Afkondiging van goedgekeurde verordening.

Ord. No. 11
van 1926.

(b) dat die metodes gevolg of voorgestel gevolg te word deur die applikant om te voorkom dat skadelike of hinderlike dampe, gasse, of stank, wat uit sulke werk of bedryf ontstaan nie vol-doende is nie ;

mits egter dat die weiering van die raad enige lisensie toe te staan op die hierin genoemde gronde onderwerp sal wees aan dieselfde beroep as bepaal is in die voornoemde artikel *een-en-neëntig*.

DEEL II.—VERORDENINGE.

Hoe ver-
ordeninge
gemaak
moet word.

97. Geen verordening sal deur die raad gemaak of gewysig word totdat 'n kopie van die voorgestelde verordening of wysiging op die kantoor van die raad gedeponeer is vir inspeksie deur enige persoon op alle redelike tye, en 'n kennisgewing gepubliseer is in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer en aangebring op die hoofdeur van die kantore van die raad of op die hoof-aankondigingsbord, een-en-twintig dae voor die vergadering van die raad gehou vir die doel sulke verordening of wysiging te maak met vermelding van die algemene strekking daarvan en dat 'n kopie daarvan kan ingesien word soas voorsê.

Prosedure
gevolg te
word in geval
van
verordeninge
wat betrek-
king het op
enige myn-
maatskappy.

98. Waar enige voorgestelde verordeninge enige mynmaatskappy raak met betrekking tot die bestuur van sy mynwerksaamhede of die kontrôle oor die eiendom waarop sulke werksaamhede verrig word, sal die volgende prosedure gevolg word :—

(a) die voorgestelde verordening soas aangeneem, sal deur die raad oorgelê word aan alle maatskappye wat betrokke is by werksaamhede binne die munisipaliteit, of aan enige assosiasie wat sulke maatskappye verteenwoordig ;

(b) as enige sulke maatskappy of assosiasie beswaar wens te maak teen sulke verordening op grond dat die belange van enige mynmaatskappy daardeur onredelik sou benadeel word, dan sal hy aan die raad 'n opgawe stuur van sy besware binne 'n tydperk van veertien dae van die datum waarop die verordening deur die maatskappy van die raad ontvang was ;

(c) op ontvangs van sulke opgawe binne die voorgeskrewe tyd sal die raad, by indiening van die verordening aan die Administrateur vir goedkeuring, vir oorweging aan die Administrateur 'n kopie stuur van sulke opgawe tesaam met 'n opgawe van die opmerkings (indien enige) wat die raad daarvoor wens te maak ;

te besit gedurende die tydperk van skorsing of intrekking; mits dat indien 'n handelslisensie verleen aan enige maatskappy of deelgenootskap of aan enige persoon ten behoeve van 'n maatskappy of vennootskap ingetrek of geskors is, enige diskwalifikasie tot hou van 'n lisensie wat hieronder mag opgelê word verbind mag wees òf aan sulke maatskappy of vennootskap òf aan die persoon wat kragtens artikel *honderd twaalf* verantwoordelik was vir die oortreding ten opsigte waarvan die order van skorsing of intrekking gemaak is, of so wel die maatskappy of vennootskap, en sulke persoon as die magistraatshof wat die order uitvaardig, mag bepaal.

**Ord. No. 11
van 1926.**

96. (1) Niemand sal binne die munisipaliteit die werk van vilder of bloedkoker, benekoker, seepsieder, penskoker of skraper, talksmelter, vetmelter, of vetuittkoker, huidehandelaar, vellekoper, vellebereider, bloeddroër, darmeskraper, vishandelaar, visbakker, leerbereider, looier, gommaker, lymkoker, houtskoolbrander, steenbakker of kalkbrander, mismaker, misberger, beneberger, of enige ander werk of bedryf van 'n hinderlike aard uitoefen wat, met die toestemming van die Administrateur, die raad mag toevoeg aan bowestaande lys, sonder vooraf van die raad 'n lisensie vir die doel verkry te hê.

Lisensieer
van hinder-
like bedrywe.

(2) Enige persoon wat enige sulke werk of bedryf sal uitoefen sonder die nodige lisensie van die raad verkry te hê sal blootstaan aan 'n straf van hoogstens vyftig pond en aan 'n verder straf van hoogstens twee pond vir iedere dag gedurende welke sulke oortreding sal bly voortbestaan nadat 'n kennisgewing om met sulke hinderlike werk of bedryf op te hou op sulke persoon deur die raad gediën is deur persoonlike aflewering of per geregistreerde brief of deur dit agter te laat by sy kantoor, werk- of woonhuis.

(3) Alvorens enige applikasie vir enige sulke lisensie as in hierdie artikel genoem oorweeg word, mag die raad van die applikant verlang die koste te betaal van adverteer van volledige besonderhede van sy applikasie op sulk 'n wyse en vir sulke tydperk as die raad dienstig mag ag.

(4) Die raad mag weier enige sulke lisensie as in hierdie artikel genoem te verleen op enige van die gronde genoem in artikel *een-en-neëntig* van hierdie Ordonnansie en ook op enigeen of meer van die volgende gronde, naamlik—

(a) dat die eiendom gebruik of voorgestel gebruik te word deur die applikant vir die werk of bedryf waarvoor die lisensie verlang word vir die doel ongeskik is;

**Ord. No. 11
van 1926.**

drie jaar driemaal veroordeel was vir oortreding van 'n wet, verordening, of regulasie van krag in enige munisipaliteit wat betref die leiding van die bedryf waarvoor die lisensie verleen was ;

(d) voorwaardes oplê waarby aan die gelisensieerde, sy bediendes, of enig ander persoon verbied word in enige winkel of op enige eiendom te woon, waarin waarop of waaruit enige sulke voorsegde bedryf of besigheid uitgeoefen word ;

(e) enige ander voorwaardes oplê wat deur wet voorgeskryf mag word ;

mits dat die voorwaardes deur die raad kragtens hierdie artikel opgelê duidelik vermeld sal word op die keersy van die lisensie en die lisensiehouer sal 'n duplikaat van die lisensievorm wat sulke voorwaardes bevat, teken. Die raad sal die aldus geëndosseerde en getekende duplikaat behou en dit sal, wanneer vertoon voor enige geregshof, *prima facie* bewys wees van die opgelegde voorwaardes ; enige oortreding deur 'n lisensiehouer van die opgelegde voorwaardes ten opsigte van sy lisensie kragtens hierdie artikel, sal geag word 'n oortreding van hierdie Ordonnansie te wees.

Bevoegdheid van raad sekere lisensies na diskresie te weier.

94. Nietenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, mag die raad, na eie diskresie weier lisensies te verleen aan die trekker van enige jinricksha of aan die drywer van enige straatlokomotief, straatlokomobiel, tramkar, of publieke voertuig, of aan die applikant vir 'n lisensie wat medies of liggaamlik ongeskik is of wat geen bekwaamheidsproef kon aflê nie of enige waarborg stel deur verordening voorgeskryf.

Straf by veroordeling vir oortreding van wet of verordeninge van raad wat betrekking het op lisensies.

95. By veroordeling van enige persoon in die besit van 'n handelslisensie deur die raad verleen vir enige oortreding van die Dranklisensies Ordonnansie 1902 of enig wysiging daarvan of vir oortreding van die wet of die verordeninge van die raad hetsy in die leiding van sulke bedryf of op die eiendom waarop sulke bedryf uitgeoefen word of weens oortreding van die wettige voorwaardes waarop sulke lisensie verleen was, mag die magistratuurshof waarvoor sulke persoon skuldig bevind was, op applikasie gemaak sewe dae na sulke skuldigbevinding hetsy namens die raad of namens die Prokureur-generaal van die Provinsie sy lisensie endosseer, skors of intrek, en gelas dat geen nuwe lisensie vir die uitoefening van sulke bedryf binne dieselfde munisipaliteit verleen word nie aan sulke persoon vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar van die datum van intrekking, en daarop sal sulke persoon onbevoeg wees 'n lisensie

Vir die doeleindes van hierdie subartikel sal die uitdrukking "verversingswinkel" beteken en insluit 'n restaurant, teekamer, kafee, suiker-goed, vrugte- of groentewinkel.

Ord. No. 11
van 1926.

92. Die raad mag 'n lisensie weier vir enige eiendom gebruik as 'n teater, musieksaal, danssaal, publieke saal, konsertsaal, of ander plek van vermaaklikheid of as 'n natuurlike of Asiate eethuis, of as 'n plek waar voedingsmiddele of drankte verkoop of tekoop aangebied word vir verbruik op die eiendom, of enige persoon te lisensieer as 'n venter, marskramer, drywer van 'n publieke voertuig, straathandelaar, bank-van-leninghouer, koshuishouer, losieshuishouer, 'n persoon wat die bedryf uitoefen van ontsmetter, of rywielandelaar op enige van die gronde genoem in die laasvooraangaande artikel, en ook op een of ander van die volgende gronde—

Bevoegdheid van raad te weier sekere eiendomme en handelaars te lisensieer.

- (a) dat die applikant in gebreke gebly het bevredigende bewys van goed gedrag te lewer;
- (b) dat die eiendom waarvoor 'n lisensie verlang word of enige aangrensende eiendom in die besit of geokkupeer deur die applikant, besoek word deur persone van slegte karakter;
- (c) dat die verlening van sulke 'n lisensie in stryd sou wees met die publieke belang;

mits egter dat die verlening van enige lisensie of die weiering van die raad om enige lisensie toe te staan op enige van die gronde hierin genoem onderwerp sal wees aan dieselfde beroep as waarin voorsien is in die vooraangaande artikel.

93. Die raad mag ten opsigte van 'n lisensie wat hy mag toestaan kragtens sy verordeninge en wat aan die houer daarvan die reg gee enige bedryf of besigheid uit te oefen vir die fabrikasie, bereiding, verkoop of gebruik van voedingstowwe of drank vir menslike gebruik—

Bevoegdheid van raad sekere lisensies toe te staan op sekere voorwaardes.

- (a) voorwaardes stel wat die indiensneming op eiendom waar voedingsmiddele of drank verkoop word van vroue onder die leeftyd van sestien jaar of die besiging op sulke eiendom van vroue na ag uur in die aand verbied of beperk;
- (b) voorwaardes stel wat betref die persone wat omrede van hulle lewensomstandighede, gewoontes of gesondheid beperk sal wees in of uitgesluit van die bereiding of hantering van sulke voedingsmiddele en drank in verband met enige sulke bedryf of besigheid as voorsê;
- (c) voorwaardes stel waarby die besiging in die besigheid van die gelisensieerde verbied word van enige persoon wat binne die vooraangaande

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 91.

(b) dat die eiendom waarin of waarop die applikant van plan is sy bedryf of besigheid uit te oefen, nie voldoen aan die vereistes van die verordeninge van die raad nie;

en in die geval van applikasies vir 'n lisensie tot uitoefening van enige bedryf of besigheid waarin voedingsmiddele of drankte geproduseer, berei, gebruik, of verkoop word vir menslike verbruik ook op enige van die volgende gronde, naamlik—

(c) dat die verlening van sulke 'n lisensie ten opsigte van die eiendom waarvoor dit verlang word bereken is oorlas of ergernis te veroorsaak aan persone in die buurte woonagtig;

(d) dat die applikant om rede van onsindelikheid op sy persoon of in sy gewoontes of lewenswyse, ongeskik is die hantering, bereiding of verkoop van voedingsartikels of drank bestem vir menslike verbruik toevertrou te word;

(e) dat die applikant volgens die oordeel van die raad geen gewenste persoon is sulke 'n lisensie te besit;

mits dat enige belanghebbende persoon wat hom gekrenk mag gevoel deur die verlening van enige lisensie deur die raad, of enige applikant vir 'n lisensie wie se applikasie geweier was, beroep mag aanteken by die magistraat teen die beslissing van die raad, en in geval dat die raad by appèl die magistraat nie kan oortuig nie dat die lisensie op goeie en voldoende gronde verleen of geweier was, mag sulke magistraat die raad gelas sulke lisensie toe te staan of in te trek, na gelang van omstandighede, en dienooreenkomstig sal sulke lisensie toegestaan of ingetrek word. Die beslissing van die magistraat by appèl na hom gegee sal finaal wees.

(2) Die raad mag enige lisensie vir 'n kaffereethuis of natuurlike restaurant weier waar, volgens die oordeel van die raad, die aantal kaffereethuse of natuurlike restaurants meer is as vir die behoeftes van die buurte vereis word.

(3) Die raad sal weier 'n lisensie toe te staan vir 'n verversingswinkel, tensy sulke winkel gehou word in 'n kamer of kamers uitsluitend gebruik vir die doel van die verkoop van vars bereide maaltyde, brood, vrugte, lekkergoed, suikergoed, tabak, vuurhoutjies, groente of blomme, of waar sulke kamer of kamers enige inwendige kommunikasiemiddele het met enige ander winkel, kamer of kamers waarin goedere ander as die voornoemde gehou word vir die doel van verkoop.

Ord. No. 11
van 1926.

sal bevoeg wees enige applikant vir of enige objekt eerder teen die verlening van 'n lisensie (in geskryfte onder sy hand gedien op sulke persoon) op te roep om getuienis af te lê op enige sitting van die raad of 'n komitee gehou vir die doel om die applikasie vir sulke lisensie te behandel of op sulke sitting boeke of dokumente te toon en enige sulke persoon wat weier of versuim sonder voldoende rede teenwoordig te wees en getuienis af te lê of boeke en dokumente in sy besit of onder sy beheer oor te lê soas deur sulke oproep verlang, sal skuldig wees aan 'n oortreding van hierdie Ordonnansie; mits steeds dat ieder persoon kragtens hierdie artikel opgeroep om getuienis af te lê of boeke en dokumente oor te lê die reg sal hê op alle voorregte waarop 'n getuie opgeroep om getuienis af te lê of boeke of dokumente oor te lê voer die Hoë Hof geregtig is.

(2) Alle getuie wat getuienis aflê voor die raad of 'n komitee by die behandeling van enige applikasie vir sulke lisensies sal getuienis aflê onder ede wat mag afgeneem word deur die burgemeester of voor-sittende raadslid.

(3) Enige getuie wat na behoorlik ingesweer te wees valse getuienis sal aflê by die behandeling van enige sulke applikasie betreffende die onderwerp van die ondersoek sal skuldig wees aan meened en sal blootstaan vervolg en gestraf te word volgens wet.

(4) Die raad of die komitee mag enige verklaring afgelê onder ede voor hulle by die behandeling van sulke 'n applikasie skriftelik aanteken en deur die aflegger laat teken, en dit sal bekragtig word met die handtekening van die burgemeester of voor-sittende raadslid, na gelang van omstandighede, as by sulke verhoor afgeneem en iedere sulke verklaring aldus opgeteken sal geag en aangemerkt word goeie getuienis te wees in 'n vervolging weens meened.

91. (1) Die raad mag weier enige lisensie uit te reik vir die uitoefening van 'n bedryf of besigheid welke hy bevoegd is te lisensieer ooreenkomstig sy verordeninge op enige van die volgende gronde—

Bevoegdheid
van raad
lisensies te
weier.

(a) dat binne die drie jaar onmiddellik aan die applikasie voorafgaande of die applikant of enig ander persoon werksaam of behulpsaam in sy besigheid of direk of indirek daarby belang hebbende, driemaal veroordeel was weens oortreding van 'n wet, verordening of regulasie in die munisipaliteit van krag ten opsigte van die leiding van die bedryf waarvoor die lisensie aangevra word;

**Ord. No. 11
van 1926.**

na enige eiendom weg te neem en af te sny, of vir die doel enige pype, elektriese draade, lyne, akkumulatore, fittings, werke, of toestelle wat aan die raad behoort te verwyder, alle skade veroorsaak deur sulke betreding, inspeksie, of verwydering deur die raad vergoed sal moet word.

Bevoegdheid
aanvoer af te
sny.

87. Indien enige persoon nalaat enige koste te betaal vir die lewering van elektrisiteit, gas of water of enige ander som aan die raad verskuldig vir die lewering daarvan, of ten opsigte van enige voorskotte verleen krachtens subartikkel (4) van artikel *drie-entagtig* van hierdie Ordonnansie, dan mag hy sulke aanvoer afsny, en mag vir daardie doel enige pyp, elektriese draad, lyn, of ander werk waardeur die elektrisiteit, gas of water aangevoer mag word, afsny of losmaak, en mag, totdat sulke koste of ander som, tesaam met die koste deur die raad gemaak deur sulke aanvoer van elektrisiteit, gas of water af te sny, ten volle betaal is dog nie langer nie, ophou met die lewering daarvan aan sulke persoon.

Straf vir
beskadiging
van pype of
draade.

88. Enige persoon wat deur strafbare nalatigheid of met boosaardige opset enige draad, lyn, pyp, of ander werk gebruik vir die oorbringing van elektrisiteit, gas of water, en aan die raad behorende as voorsê, deursny of beskadig, sal skuldig wees aan 'n oortreding en by veroordeling blootstaan die skade veroorsaak deur sulke beskadiging te herstel, of aan 'n boete van hoogstens honderd pond, of tot gevangenisstraf met of sonder harde arbeid sonder die keuse van 'n boete, vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar.

HOOFSTUK VII.

BEPALING OP LISENSIES EN VERORDENINGE.

DEEL I.—LISENSIES.

Belastings of
fooie.

89. Die Raad mag sulke belastings of fooie oplê ten opsigte van enige handel, bedryf of eiendom as hy bevoeg is onder hierdie Ordonnansie te inspekteer of toesig oor te hou, en te lisensieer, as vasgestel mag wees deur sy verordeninge wat van tyd tot tyd van krag is.

Lisensieer—
prosedure.

90. (1) Die raad mag komitees benoem vir die doel enige applikasie te hoor vir lisensies tot uitoefening van enige bedryf of besigheid of mag self sit vir die behandeling van sulke applikasies, en die burgemeester of die voorsitter van enige aldus benoemde komitee, na gelang van omstandighede,

84. Die raad mag—

(a) alle dinge doen nodig vir die aanleg van hoof- en takdrade en pyplyne om elektriese stroom, gas of water onderdeur en bo oor publieke plekke oor te bring, en sulke drade of pype te verbind met enige eiendom op versoek van die eienare of bewoners daarvan;

(b) na dertig dae vooraf skriftelik kennis gegee te hê aan die eienaar, huurder of bewoner van sy voorneme, hoofleidings, pype, drade en kabels deur, oor, onder of bo enige private grond deur lê, binne of buite die munisipaliteit, en vergoeding gee vir enige skade aangebring, waarvan die bedrag by gemis van ooreenkoms, vasgestel word deur arbitrasie op die wyse bepaal deur die Munisipale Bevoegdheids van Ont-eienings Ordonnansie 1903, en die raad mag sulke hoofleidings, pype, drade en kabels laat lê, verander, dieper lê, oordek, daarbo plaas, en onderhou binne of buite die munisipaliteit, mits dat as enige eienaar, huurder of bewoner van grond buite die munisipaliteit beswaar maak teen sulke werk, die bepalings van artikel *honderd drie-en-sestig* en *honderd vier-en-sestig mutatis mutandis* toepaslik sal wees.

Pype en drade aan te lê op publieke plekke en private eiendom.

**Ord. No. 11
van 1926.**

85. Alle hoofleidings, pype, drade of kabels wat aangelê is deur of namens en op koste van die raad of wat onder sy beheer staan, sal die eiendom van die raad beskou word, en die raad of enige persone behoorlik deur die raad gemagtig, sal op alle tyde 'n reg van toegang hê tot private eiendom vir doeleindes van inspeksie, onderhoud, verandering of reparasies van en aan sulke hoofleidings, pype, drade of kabels, en mag alle dinge doen nodig om sulke hoofleidings, pype, drade of kabels oop te lê vir die doel van sulke inspeksie, onderhoud, verandering of reparasie; mits dat die raad alle skade veroorsaak deur die uitoefening van sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel sal repareer.

Besitreg van raad oor pype, drade, ens.; reg van raad tot toegang, inspeksie, ens.

86. Enige amptenaar daartoe deur die raad benoem mag op alle redelike tye enige eiendom betree waaraan elektrisiteit, gas of water word of was gelewer deur die raad, om die pype, elektriese drade, lyne, meters, akkumulatore, fittings, werke en toestelle vir die lewering van elektrisiteit, gas of water wat aan die raad behoort te inspekteer, of vir die doel die hoeveelheid elektrisiteit, gas of water verbruik of gelewer op te neem, of telkens wanneer 'n lewering van elektrisiteit, gas of water nie langer verlang word nie, of telkens wanneer die raad gemagtig is die aanvoer van elektrisiteit, gas of water

Bevoegdheid tot toegang op eiendom waaraan dienste gelewer.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

gebruik word na en ten opsigte van enige grond, gebou of eiendom binne die munisipaliteit, en mag daarvoor sulke koste belas en sulke leweringsvoorwaardes stel as deur verordening of regulasie bepaal mag word; mits dat alvorens met die instelling, verkryging of konstruksie van sulke werke aangevang word, die raad die toestemming van die Administrateur sal verkry.

(2) 'n Raad wat elektriese ligwerke aangelê het kragtens subartikel (1) hiervan, mag—

(a) met inagneming van die bepalings van artikel *neën-en-dertig* van die Elektrisiteits Wet, No. 42 van 1922, elektrisiteit lewer aan enige korporasie, maatskappy of persoon wat besigheid dryf of woonagtig is buite die munisipaliteit met die vergunning van die plaaslike outoriteit, as daar een is, van die gebied waarin die lewering plaas het, en die bepalings van hierdie Ordonnansie aangaande die lewering van elektrisiteit aan die inwoners van die munisipaliteit sal, vir so ver as hulle toepaslik mag wees, ook strek tot en van toepassing wees in die geval van sulke lewering buite die munisipaliteit;

(b) met die raad van 'n aangrensende munisipaliteit kontrakteer vir die lewering van elektrisiteit aan sulke raad op sulke bepalings en voorwaardes as onderling mag ooreengekom word;

(3) Die raad mag (met inbegrip van verkoop teen betaling in termyne) elektriese lyne, fittings, toestelle of werktuie verkoop aan private verbruikers op voorwaardes deur die Administrateur goedgekeur te word. Die bepalings van subartikel (2) tot (5) van artikel *honderd sewen-en-sestig* hiervan sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op enige voorskotte kragtens hierdie artikel verleen.

(4) Die raad mag voorskotte in geld verleen aan enige eienaar van grond binne of buite die munisipaliteit vir die doel hom in staat te stel of behulpsaam te wees by die installasie van gewone draadaanleg, elektriese of gasfittings en artikels in of op sy eiendom, mits dat geen enkel voorskot hieronder meer as vyftig pond (£50) sal bedra sonder die toestemming van die Administrateur; sulke som sal insluit die koste van die aansluiting na die hoofleidings van die raad en enige onkoste in verband daarmee. Die bepalings van subartikels (2) tot (5) van artikel *honderd sewen-en-sestig* hiervan sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op enige voorskotte verleen kragtens hierdie subartikel.

Ord. No. 11
van 1926.

bewaring, en lei van water uitgrawe, maak, en aanlê, en enige sulke werke as van tyd tot tyd nodig mag wees sluit, verander of verlê; mits dat as die raad enige werk vir die lewering van water sluit of verlê en daardeur enige eienaar van private eiendom van 'n watervoorsiening beroof word waarop sy eiendom tot dusver volgens wet of reg geregtig was, hy by die raad 'n beswaar kan indien en die raad sal daarop nie met die sluiting of verlegging voortgaan nie totdat vooraf die toestemming van die Administrateur verkry is;

(3) wanneer nodig enige watervore deur en oor enige private eiendom lê, mits dat deur die raad vergoeding gegee word vir enige skade daardeur aangerig, die bedrag van sulke vergoeding, by gemis van 'n ooreenkoms, deur arbitrasie vasgestel te word op die wyse soas bepaal deur die Munisipale Bevoegdhede Onteinings Ordonnansie, 1903;

(4) voorskotte toestaan aan die eienaar van enige grond in geld of materiaal vir die doel om hom in staat te stel 'n watervoorsiening op sy eiendom aan te lê uit munisipale leidings op sulke voorwaardes as deur die raad goedgekeur mag word. Die bepalings van subartikels (2) tot

(5) van artikel *honderd sewen-en-sestig* hiervan sal *mutatis mutandis* toepaslik wees op enige voorskotte kragtens hierdie subartikel verleen.

82. In enige munisipaliteit waarvan die raad werke onderneem vir die lewering van water aan die inwoners daarvan, sal niemand enige werke aanlê vir die lewering van water na enige eiendom sonder vooraf van die raad skriftelike vergunning gekry te hê sulke werke aan te lê; mits egter dat sulke vergunning deur die raad in alle gevalle verleen sal word waarin die raad self nie genege en in staat is nie 'n behoorlike en voldoende aanvoer van water te lewer aan die eiendom teen sulke prys as vasgestel mag word in sy verordeninge of deur die Administrateur goedgekeur, en mits verder dat niks in hierdie artikel die eienaar van enige eiendom sal belet daarop enige werke vir die lewering van water aan sulke eiendom te onderneem.

Lewering van
water aan
private
eiendom.

83. (1) Onderwerp aan die bepalings van artikel *ag-en-dertig* van die Elektrisiteits Wet, No. 42 van 1922, mag die raad binne of buite die munisipaliteit werke vestig, verkryg, konstrueer, uitrus, en uitvoer vir die lewering aan die inwoners van die munisipaliteit van lig, warmte, en krag, en mag elektrisiteit en gas lewer vir alie doeleindes waarvoor dit kan

Werke vir
die lewering
van lig,
warmte en
krag.

**Ord. No. 11
van 1926.**

(113) om die verkoop te verbied van *Cannabis indica* (dagga) of enige preparaat daarvan anders as deur 'n geregistreerde apteker en drogis op magtiging of voorskrif van 'n geregistreerde geneeskundige ;

(114) vir die handhawing van openbare welvoeglikheid, die verkoop of uitstalling te verbied van ongenaste literatuur, skilderye en vindings en vir die verbod van verkoop of vertoning van skilderye en plate met naakte figure ;

(115) om die publieke vertoning te verbied of te beperk deur bioskoop, kinematograaf, towerlantaarn of ander meganisme, medium, of bemiddeling, of die publieke vertoning deur tablo's, lewende beelde, aanplakbiljette, advertensies of ander afbeelding publiek tentoongestel, van enige prysgeveg, of enige ander worstelwedstryd, of voorval of voorvalle daarby betrokke, of enige sulke vertoning of voorstelling of illustrasie wat in stryd is met die goeie sede of publieke politiek ;

(116) die publieke vertoning te verbied of te beperk binne die munisipaliteit van gedrogte, natuurwonders, of enige abnormale persoon of dier, wat volgens die oordeel van die raad ongewens is om in die publiek vertoon te word ;

(117) bedelary op enige publieke plek te verbied ;

(118) in die algemeen vir die goeie beheer en bestuur van die munisipaliteit.

Geen sodanige verordening mag in stryd of onbestaanbaar wees met die bepalings van hierdie Ordonnansie of enige ander wet van krag binne die munisipaliteit.

DEEL II.—WERKE.

81. Die raad mag—

Werke vir
die lewering
van water.

(1) werke oprig, verkry, konstrueer, uitrus en uitvoer, binne of buite die munisipaliteit om die inwoners daarvan van water te voorsien, en sulke koste belas en sulke diensvoorwaardes oplê vir die lewering van water as deur verordening of regulasie vasgestel mag word ; mits dat die raad, alvorens met sulke werke aan te vang, te vestig, te verkry of te konstrueer, die toestemming van die Administrateur sal verkry ;

(2) binne die munisipaliteit waterlope, water-vore, waterpype, leidings, sluise, riole, damme, reservoirs en ander werke vir die lewering,

(100) om publieke plekke van ontspanning te vestig, reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer ;

Ord. No. 11
van 1926.

(101) om te voorkom, reël of beperk dat persone onder die leeftyd van sestien jaar op enige plek van publieke vermaaklikheid of ontspanning sing of vertonings gee ;

Art. 80.

Algemeen.

(102) vir die reël, toesig hou oor en lisensieer van houtsaers ;

(103) vir die reël, toesig hou oor en lisensieer van bank-van-leninghouers, 'n deposito te vorder as waarborg van enige persoon wat vir sulke lisensie applikasie maak en die verkoop van onopgevorderde pande te reël ;

(104) vir die reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer van die bedryf, besigheid of beroep van handelaars in, kopers en verkopers van tweedehands goedere, insluitende bottels, sakke, bene, parafien- en ander blikke ;

(105) vir die reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer van rywielandelaars, fabrikante en reparateurs ;

(106) vir die reël, toesig hou oor en lisensieer van asiatische teekamers en eethuise en die indiensneming of aanwesigheid te verbied van blanke vroue in sulke teekamere of eethuise waarvan 'n gedeelte gelisensieer is vir sulke doel ;

(107) vir die reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer van swembade en badinrigtings en baai in enige ope watervlak binne die munisipaliteit te verbied en te reël ;

(108) vir die reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer van bootinrigtings en lisensieer van bote, hetsy gehou om verhuur te word of andersins, en die gebruik van en bepaling van die aantal persone in sulke bote opgeneem te word te reël ;

(109) vir die reëling, toesig hou oor en lisensiering van lykbesorgers ;

(110) vir die beskerming teen beskadiging van en bemoeing met enige munisipale werke of eiendom geleë of in of onder of oor enige publieke of ander plek binne die munisipaliteit ;

(111) vir die verbied, beperk of reël van kwarrie of uitgrawe van klip, kalk, klei of ander materiaal op enige eiendom ;

(112) vir die in standhouding en beskerming van wilde diere en wilde voëls, hulle neste, en eiers binne die munisipaliteit ;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

Verligting.

(94) om die konstruksie en onderhoud te reël van alle installasies vir die lewering van lig, warmte of krag deur middel van elektrisiteit, gas of andersins; en onderwerp aan die bepalinge van subartikel (4) van artikel *drie-en-tagtig* voorwaardes voor te skrywe waarop voorskotte in geld verleen mag word aan eienare van grond vir die doel om hulle in staat te stel of behulpsaam te wees by die installasie van gewone elektriese draadaanleg, of gas en fittings en artikels in of op hulle eiendomme;

(95) tot reëling van die verligting met gas, elektrisiteit of andersins;

(96) om die ontwikkeling van acetylene gas of ander ontvlambare of ontplofbare gas te reël, en te kontroleer en die konstruksie en gebruik van alle toestelle wat daarmee in verband staan, en tot voorkoming of reëling van die berging van vloeibare acetylene of korbiet of kalsium;

Brande.

(97) vir die voorkoming en blussing van brande en die eienare van geboue verwyder ten einde die verspreiding van brande te voorkom te kompenseer, en tot reëling van die brandweer, en die koste wat belas mag word vir die dienste van sulke brandweer en die gebruik van water by brande;

Plekke van Publieke Vermaaklikheid.

(98) vir lisensieer, inspekteer, toesig hou oor, kontroleer en reël van teaters, bioskope, musieksale, danssale, konsertsale, publieke biljart kamers, en publieke bagatellekamers en ander plekke van publieke vermaaklikheid en vir stel van voorwaardes in enige sulke lisensie beperkende die dae en ure gedurende welke die gelisensieerde eiendomme oop mag gehou word; en in die geval van bioskope, teaters, musieksale, konsertsale en ander plekke van publieke vermaaklikheid vir kleurlinge, Asiate en natuurle, die in diensneming of teenwoordigheid te verbied van blanke vroue in sulke plekke van publieke vermaaklikheid of in enige huis waarvan 'n gedeelte vir sulke doel gelisensieer is;

(99) om die gebruik te lisensieer, te inspekteer, toesig oor te hou en te reël van kinematograaf en bioskoop appaarte en toestelle en die operateurs daarvan te lisensieer, en die bekwaamheid van applikante vir sulke lisensies te eksamineer;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

(87) vir die reël en kontroleer van straat-versierings en die oprigting en verwydering van tydelike platforms, sitplekke en ander oprigtings vir die gebruik van die publiek by enige vergadering of vermaaklikheid, of vir die akkommodasie van toeskouers by enige optog, tentoonstelling, plegtigheid of kunsvertoning van enige aard te verbied, te reël en te kontrôleer ;

(88) (a) om die vervoer, verwydering, transport, fabrikasie, bewaring en gebruik van petroleum (parafien en petrol) en van enige ander vloeistof welke die Administrateur by proklamasie in die *Provinsiale Koerant* sal verklaar 'n ontvlambare vloeistof of brandbare materiaal te wees, te reël en te kontrôleer ;

(b) om die roetes en snelheid voor te skrywe waarmee en die dae en tye wanneer ontplofbare stowwe of ontvlambare vloeistowwe vervoer mag word ;

(89) om geldkollekte op publieke plekke vir liefdadige of ander doeleindes te verbied of te reël, en die gebruik van blanke vroue onder die leeftyd van sestien jare by enige sulke kollekte te verbied ;

Marke, Verkopings en Honde.

(90) vir die vestiging en reëling van publieke markte en markfoeie, en die vestiging te verbied van enige mark binne die munisipaliteit sonder die vergunning van die raad ;

(91) onderwerp aan die bepalings van enige wet wat betrekking het op naturelle, Asiatische of kleurlinge in stedelike gebiede, vir die afsondering vir die uitsluitende gebruik van naturelle of Asiatische of kleurlinge of Europeane van enige gedeelte of gedeeltes van enige munisipale markplein ;

(92) met inagneming van die bepalings van Wet No. 22 van 1925, vir reëling van publieke verkopings en foeie te belas in verband met publieke verkopings gehou op enige publiek plein of ope ruimte of in 'n publieke gebou ;

(93) om 'n belasting op te lê op hou van honde en voorsiening te maak vir opvang, verkoop of afmaking van honde sonder eienaar en van honde waarvoor die belasting nie betaal is nie, en ook ter behandeling van kwaadaardige, gevaarlike of sieke honde en sulke wat die rus verstoor deur blaf of op ander wyse, en te verbied dat loopse tewe losloop in die straat ;

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

en met die verstande verder dat sulke lisensies uitgereik sal word deur die plaaslike outoriteit van die munisipaliteit waarin die applikant vir enige sulke lisensie woonagtig is ;

(80) vir die lisensieer en reël van alle private voertuie, behalwe kinderwaens (en dergelike), motorkarre, motorvoertuie en motorrywiele ;

(81) vir die reël en kontroleer van die vervoer van vleis van dooie diere deur of langs enige publieke strate of publieke deurgange ;

(82) om te voorkom dat voorwerpe op vensterkosyne of in enige ander posiesie naby enige straat geplaas word, op sodanige wyse dat dit wellig gevaar of hindernis vir voorbygangers kan veroorsaak ;

(83) om die oprigting van drade van enige aard in, langs, onder, of oor enige straat of deurgang te verbied of te reël, te inspekteer, toesig hou oor en te lisensieer ; mits dat sulke drade as wat vir publieke doeleindes deur die Posmeester-generaal of die Spoorweg Administrasie opgerig mag word, nie verbied of gereël sal word nie en daarvoor geen lisensie nodig sal wees nie ;

(84) om die vertoning van aankondigings of advertensieborde in of in die gesig van enige straat te reël, te inspekteer, toesig oor te hou, te beperk, te verbied, en te lisensieer, die verbod van advertensies, vindings, of afbeeldings wat onweloweglik is of aanduidende onweloweglikheid of nadelig vir die publieke sedelikheid deur aldus vertoon te word, en tot voorkoming van die vertoning van advertensies of advertensieborde op sulke plekke of op sulk 'n wyse of deur sulke middels as volgens die oordeel van die raad wellig die aanvalligheid van die buurte sou benadeel of ontsier ;

(85) om die gebruik en rondry van advertensiewaens, aankondigingsborde, lanterns, vlae, skerme of ander verplaasbare advertensieborde in of langs enige straat of deurgang te verbied, te reël, te inspekteer, toesig oor te hou en te lisensieer ;

(86) om die ontsiering van die voorkante van geboue of omheinings te belet, of die gebruik te verbied, te inspekteer, toesig oor te hou, te lisensieer, of die afmeting, omskrywing te reël, en aanbring van uithangborde, skerme, private lampe, sonneblinde of ander dinge bevestig aan of in verband met enige geboue of omheinings, deur middel waarvan enige advertensies of kennisgewings van enige aard getoon kan word ;

koste en vragpryse belas te word volgens afstand of tyd binne of buite die munisipaliteit en die aantal passasiers en die gewig, afmetings en aard van die ladings vervoer te word, en die raad in staat te stel enige sulke lisensie te endosseer, skors, of in te trek ; en die voorsiening en gebruik te verplig in publieke voertuie van sodanige taksimeters as deur verordening mag voorgeskrewe word en strawwe te bepaal in geval dat sulke taksimeters gebrekkig bevind word ; en in die belang van die veiligheid van die publiek te voorsien in die periodieke ondersoek deur 'n gemagtigde amptenaar van die raad van publieke voertuie en die gebruik te verbied van enige voertuig as 'n publieke voertuig tensy 'n sertifikaat van geskiktheid onder die hand van sulke amptenaar vooraf verkry is deur die applikant vir 'n lisensie of deur 'n lisensiehouer en vir elke sulke sertifikaat 'n fooi te belas ;

(76) om afsonderlike publieke voertuie vir die gebruik van blanke persone en van naturelle of Asiate of ander kleurlinge onderskeidenlik te reël, kontrôleer en te lisensieer, en die gebruik van sulke publieke voertuie deur sulke persone te beperk ;

(77) om die gebruik te reël, te beperk, toesig oor te hou en te lisensieer van rywiele, driewielers, straatlokomotiewe, en straatlokomobiele binne die munisipaliteit, en sulke voertuie te registreer en te stempel ; en die raad te magtig die gebruik van straatlokomotiewe binne die munisipaliteit of enige gedeelte daarvan te verbied ;

(78) vir die lisensieer van, en toesig oor, drywers van straatlokomotiewe binne die munisipaliteit en die bekwaamheid van die applikante vir sulke lisensies te eksamineer, en drywe van sulke voertuie te verbied deur ongelisensieerde persone en die raad in staat te stel enige sulke lisensies te endosseer, te skors of in te trek ;

(79) om die raad te magtig wedersydse ooreenkomste aan te gaan met ander rade waarby voertuie in een munisipaliteit gelisensieer deur die ander kontrakterende raad as gelisensieer erken sal word, mits die lisensiekoste in elke sulke munisipaliteit dieselfde is ; met die verstande dat waar die grense van twee of meer munisipaliteite aan mekaar grens 'n voertuie-lisensie uitgereik in een van sulke munisipaliteite erken sal word in gevalle waar die koste dieselfde is, deur die rade van sulke munisipaliteite,

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

vir die onderhoud, snoeiing of verwydering van enige sulke bome en die verwydering of beskadiging daarvan te voorkom ;

(67) om aanhou van hingste, donkiehingste, bulle, ramme, bokke, bere, geite, varkens, bye of wilde of gevaarlike diere binne die munisipaliteit te belet of te reël en te kontrôleer ;

Verkeer en Publieke Plekke.

(68) om die breedte, bandaanleg, bestrating, geutaanleg, verhard en skoonmaak van weë en state te reël ;

(69) om die verkeer te reël en belemmerings in of op publieke plase te voorkom en te verwyder, vir die behandeling van lewende hawe en dooie, sieke, of verwonde diere op enige publieke plek aangetref, en drywe van lewende hawe deur strate of ander publieke deurgange te beperk en te reël ;

(70) om die verkeer, optogte en byeenkomste op of in publieke plekke te reël en te kontrôleer, en die gebruik van bepaalde klasse van voertuie in seker strate of gebiede te verbied of te beperk ;

(71) om te belet dat enige persoon of voertuig enige artikkel, las of lading sodanig dra of vervoer dat daardeur passasiers of voertuie in enige publieke plek belemmer of gehinder word, en te belet dat kruise, rywiele of ander voertuie op enige sypad of voetpad gery word anders as vir die doel hulle te kruis na of van enige huis of gebou ;

(72) om te belet dat persone met ander saamkom en sodoende 'n belemmering veroorsaak op enige publieke plek behalwe die sulke as wat vir die doel afgesonder mag word ;

(73) om straathandel te reël en straathandelaars te lisensieer en toesig oor te hou, straathandel te verbied of te beperk deur persone onder die leeftyd van sestien jare en te verbied dat persone onder daardie leeftyd deur ander oorgehaal of toegestaan word op straat handel te dryf in stryd met die bepalinge van enige verordeninge ;

(74) om die bespeel van musiekinstrumente of sing of gramfoonuitvoerings vir profyt in of op enige publieke plek te reël, lisensieer, toesig oor te hou, te beperk of te verbied ;

(75) om die reëling, kontrôle, en lisensieëring van portiers, publieke bestellers, vragryers, motorvoertuig-oppassers, tramrytuie en publieke voertuie die drywers daarvan, en die bedrag van lisensiefoeie betaal te word vas te stel, die

wat deur die raad was goedgekeur, of die sluiting van enige strate, weë, of ope ruimtes aangedui op sulke tekening behalwe met 'n soortgelyke toestemming ;

(61) tot voorkoming, sonder die goedkeuring van die raad, of tot reëling van die onderverdeling of op snyding van grond of die onderverdeling van bestaande boupersele in kleiner stukke, en tot bepaling dat geen transport van enige sulke onderverdeling van grond op enige registrasiekantoor geregistreer sal word tensy en totdat 'n sertifikaat onder die hand van die stadsklerk aan die registrasie amptenaar oorgelê sal wees dat die raad sulke onderverdeling goedgekeur het ; mits dat verordeninge hieronder nie toepaslik sal wees nie op die onderverdeling van grond vir die doel daarop 'n dorp te vestig kragtens die Dorpewet 1907 en enig wysiging daarvan ;

Gronde, ens., onder Kontrôle van Raad.

(62) om voorsiening te maak vir die behoorlike en deeglike sorg van die gemene weiveld en ander munisipale grond en weiding daarop te verbied of te reël, en die fooie voor te skryf, indien enige, betaal te word vir vee gehou en gewei ;

(63) met inagneming van die bepalings van enige Proklamasie uitgevaardig kragtens die Wildbeskermings Ordonnansie van 1905, of enige wysiging daarvan, skiet en jag van wild gedurende die ope seisoen op munisipale gronde te reël, te beperk of te verbied, en fooie te belas aan persone toegestaan wild op sulke gronde te skiet of te jag ;

(64) met inagneming van die bepalings van enige Proklamasie uitgevaardig kragtens die Visbeskermings Ordonnansie van 1921 of enige wysiging daarvan, vis te reël, te beperk of te verbied gedurende die ope seisoen in damme, waterlope en ander waters onder die kontrôle van die raad en daarvoor fooie te belas aan persone toegestaan daarin te vis ;

(65) om permitte te verleen vir maak van bakstene, kalk grawe en brand, of klei, grint, turf, uit te grawe en te verwyder, of klip te kwarrie of te breek of brandhout, struikgewas of gras te sny op munisipale gronde, en fooie (indien enige) voor te skrywe om daarvoor betaal te word ;

(66) om bome, blomme en struike te plant en te preserveer en plant van bome langs publieke plekke te verbied, of reël of te kontrôleer, en

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

(56) om die inspeksie van geboue en oprigtings deur die raad en sy amptenare te reël, en die oprigting en gebruik van steierwerk en afrasterings tydens die konstruksie, afbreek, reparasie, of verandering van enige gebou te reël en die belasting van fooie in verband met enige sulke afrastering ;

(57) om die gebruik van ondergrondse kamers vir menslike bewoning of okkupasie te reël of te verbied ;

(58) tot vasstelling en reëling van—

(a) die konstruksie van mure, fondamente, dake, skoorstene, rame, geute, afvoerpype, en alle ander dele van geboue, hetsy nuut of reeds bestaande, ten einde stewigheid, voldoende hoogte, lig en ventilasie te verseker, en die behoorlike afvoer van reënwater, as ook tot voorkoming van brande en vir gesondheidsdoeleindes ;

(b) die toereikendheid van die ruimte om geboue ten einde 'n vrye sirkulasie van lug en die behoorlike ventilasie van geboue te verseker ;

(c) die sluiting van geboue of dele van geboue ongeskik vir menslike bewoning en vir die verbod van hulle gebruik vir bewoning of okkupasie ;

(d) voldoende voorsiening vir ontsnapping van die bewoners van enige gebou in geval van branduitbreek by wyse van gewone of spesiale deure, yster buitetrappe, of ander middele, met inagneming van die grootte en gebruik van die gebou ;

(59) vir gee van kennis en die indiening van tekenings, en deursnedes deur persone wat geboue wens op te rig of te verander, vir die goedkeuring of andersins van alle tekenings en deursnedes van enige sulke geboue of veranderings deur die raad, vir belas van fooie in verband daarmee, en vir die verwydering, verandering, of afbreking, op koste van die eenaar, van enige werk aangevang of uitgevoer in stryd met enige verordening of regulasie, en tot voorkoming van die okkupasie van enige nuwe of veranderde gebou totdat 'n sertifikaat van die doelmatigheid daarvan vir bewoning sal afgegee en geteken wees deur die geneeskundige gesondheidsamptenaar ;

Dorpe en Onderverdelings van Grond.

(60) tot voorkoming van die terugtrekking, intrekking, of verandering, behalwe met die toestemming van die raad, van enige dorpsplan

behoorlike gesondheidstoestande, bevalligheid en gemak in verband met die aanleg en gebruik van grond in die lokaliteit waarin sulke geboue opgerig is te verseker, en die oprigting te verbied van geboue op enige ope ruimte aldus verskaf ;

(47) om die oprigting te belet van geboue op grond deurtrek van enige rottende, dierlike of menslike stowwe ;

(48) om die verligting en reiniging te vorder en te reël van trappe en gange onderling gebruik deur verskillende bewoners van dieselfde gebou en die reiniging, dreinering, en bestrating van binneplase, agterplase en ope ruimtes gebruik in verband met woonhuise ;

(49) om die frontlyne voor te skryf, die reëlmatigheid van lyne en vlakke van geboue en van die boutrant van geboue en die verwydering, verandering en die voorkoming van uitstekke of belemmerings aan die voorkant van geboue te verseker ;

(50) om die raad in staat te stel die verandering oprigting en gebruik van geboue te belet waarvan die klas of aard of op sigself of volgens die omstandighede of aard van die lokaliteit waarin hulle geplaas is, 'n ontsiering is vir die stad of 'n hindernis vir die inwoners daarvan ;

(51) om die oprigting te verbied van enige gebou deur die raad geag onaanneembaar te wees of wellig te word om rede òf van die aard en/òf konstruksie van die gebou self, of die doel waarvoor dit sal gebruik word, of sy omgewing ;

(52) om die gebruik te reël of te verbied as 'n woning van enige gebou nie vir daardie doel opgerig nie ;

(53) om die raad in staat te stel die onderverdeling of verandering van geboue of woonhuise te voorkom op sulke wyse as bereken mag wees nadelig vir die gesondheid te wees of eiendomme in die lokaliteit in waarde te doen daal of ongerief te veroorsaak aan die bewoners in die buurt ;

(54) om te verbied dat geboue of gronde vir gebruik bestem word bereken aangrensende eiendom in waarde te doen daal of hinderlik te wees vir die gerief of gemak van naburige bewoners ;

(55) om die oprigting van woonhuise of oprigtings van hout of van hout en yster of kanvas, afrasterings of omheinings te reël, te beperk of te verbied :

**Ord. No. 11
van 1926.**

Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

(41) om, onderwerp aan die betaling van vergoeding vir bestaande boorgate of putte, die gebruik van water te verbied uit, of die voorsiening of grawe van enige boorgat of put op enige eiendom in gevalle waarin ter bevrediging van die magistraat kan aangetoon word dat sulke gebruik, voorsiening of grawe nadelig is vir of enige munisipale wateraanvoer verminder of wellig kan verminder;

Geboue.

(42) (a) vir reëling van die bou, rooilyn en hoogte van alle geboue of ander oprigtings en alle dele daarvan en die afbreking, verwydering of veilig maak van alle geboue, mure, brugge, aardwerke, stoepe en veranda's van 'n onveilige of gevaarlike aard te verplig, wat toegelaat is in 'n bouvallige of vervalte toestand te geraak, en sulke werk op koste van die eienaar uit te voer;

(b) om die bou en gebruik te verbied of te reël van rug-aan-rug staande wonings en huise en sorg te dra vir voldoende lugruimte en ventilasie tussen huise en voldoende kruisventilasie binne in die huise;

(43) om aan die eienare of bewoners van enige eiendomme te verbied dat hulle toelaat dat enige putte of ander uitgrawings daarop hulle in 'n onbeskermdede of gevaarlike toestand bevind, die omheining, opvulling of oordekking van putte of uitgrawings te verplig wat hulle in sulk 'n toestand bevind en sulke werk uit te voer en die koste daarvan in te vorder;

(44) om die gebruik en oprigting te reël, kontroleer of te verbied van enige tydelike of verplaasbare oprigtings hetsy dat hulle staan op wiede of andersins, en die gebruik van tente of soortgelyke opstalle vir besigheid of woon-doeleindes te verbied of te beperk;

(45) om die afvoer te belet van enige geute of afvoerpype op enige voetpad, bestrating of sypad, en die aanleg te verseker, te reël en te kontroleer van pype om enige afvoer daarvan na sulke gote of riole te lei as deur die raad vir die doel mag gemagtig of goedgekeur word;

(46) om die afmeting van stukke grond waarop geboue mag opgerig word te bepaal, met behoorlike inagneming van die plaaslike toestande van verskillende dele van die munisipaliteit, die grootte en ligging voor te skrywe van die ope ruimtes op private grond verskaf en onderhou te word in verband met nuwe geboue ten einde

(32) om die voorkoming en uitroeiing te verseker van sprinkane en ander skadelike insekte binne die munisipaliteit en ter voorkoming en vermindering van landbouplae en vir die lewering van vergif en toestelle vir voornoemde doel ;

(33) vir die voorkoming en vermindering van toestande waardeur die uitbroeiing van muskiete of vlieë toegelaat en bevorder word ;

(34) om die uitroeiing te verseker van die onkruid *Xanthium spinosum* (boetebossie), *Cannabis indica* (dagga), *Tagetes minuta*, of enige ander onkruid wat deur die raad as skadelik verklaar mag word, op gronde binne die munisipaliteit, en eienare of bewoners van sulke gronde te verplig sulke onkruid op hulle grond te laat uitroei ;

Water.

(35) vir die reël van die toevoer en lewering van water onder die beheer of bestuur van die raad, en om verkwisting en misbruik daarvan te voorkom, koste te belas vir die gebruik van water uit watervore, en eienare of bewoners te verplig om watervore wat aan hulle eiendom grens in goeie order te hou ;

(36) vir die voorsiening deur die raad van watermeters, koste te bepaal vir water volgens meter, en die gebiede vas te stel waarin sulke meters geplaas sal word ;

(37) om die verontreiniging te voorkom van enige water waarop die inwoners reg van gebruik het ;

(38) om die verontreiniging te voorkom van vangterreine, riviere, kanale, bronne, putte, reservoirs, filtreerbedde, watersuiwerings- en pompwerke, tenks, vergaarbakke, of ander bronne van watertoevoer of waterbewaring waarvan die water gebruik word of waarskynlik sal gebruik word deur persone binne die munisipaliteit vir drink- of huishoudelike doeleindes ;

(39) om die verskaffing verpligtend te stel van 'n behoorlike en voldoende toevoer van water vir iedere woonhuis, skool, winkel, fabriek of werkplaas ;

(40) om eienare van eiendomme wat, volgens die oordeel van die raad nie voorsien is nie van 'n voldoende aanvoer van goeie en gesonde water vir drink- en huishoudelike doeleindes te verplig sulk 'n aanvoer te betrek uit enige pyp of leiding wat aan die raad toebehoort of wat binne 'n redelike afstand van sulke eiendom is ;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

sulke koeie deur middel van die tuberkuline-proef ondersoek is en dat hulle vry is van tuberkulose; mits dat sulke sertifikaat nie sal gevorder word nie met betrekking tot enige melkkoei, tensy daar gegronde redes bestaan om te vermoed dat sulke koei met tuberkulose besmet is, of in aanraking gewees is met vee wat daarmee besmet was;

(26) vir die lisensieer en reël van kaffereethuise en die verbod dat blanke vroue in sulke eethuise of in enige huis waarvan 'n deel vir sulke doel gelisensieer is, werksaam of aanwesig is;

(27) vir die reël, toesig hou oor en lisensieer van venters en marskramers; mits dat geen persoon genoem in die vrystellings tot item 12 van Deel I, Handelslisensies van die Twede Bylae van die Lisensies Konsolidasie Wet No. 32 van 1925, verplig sal wees om 'n venters- of marskramers-lisensie uit te neem nie;

(28) om die was van klere op publieke of private eiendom te reël en te belet en vir die lisensieer van, en toesig hou oor, persone vir was en strykwerk vir die inwoners van die munisipaliteit mits dat as die raad aldus by besluit bepaal, geen fooi sal belas word nie waar was en strykwerk verrig word deur en onder beskerming van 'n godsdienstige of liefdadige instelling, en vir reël en lisensieer (dog sonder daarvoor enige fooi te belas) van geboue of plekke buite die munisipaliteit (hierna buite-wasserye genoem) waar artikels gewas word vir inwoners van die munisipaliteit en om die invoer in die munisipaliteit te belet van enige voorsegde artikels tensy die buite-wasserye waarin hulle gewas was deur die raad gelisensieer is en vir lisensieer (dog sonder daarvoor enige fooi te belas) van, en toesig hou oor, persone vir was en strykwerk in sulke buite-wasserye;

(29) om die gebruik te verbied deur blanke persone vir woondoeleindes van eiendomme of agterplase geokkupeer deur naturelle, Asiatische of kleurlinge;

(30) om die voorkoming en uitroeiing te verseker van ratte en ander ongedierte binne die munisipaliteit en die raad in staat te stel valle te plaas of ander maatreëls te neem op enige eiendom nodig vir hierdie doel, en bemoeiing met sulke valle te verbied;

(31) om die neerlê en gebruik van vergif vir die doel van uitroeiing van diere of ongedierte te verbied en te reël en vir die belas van fooie vir enige inspeksie deur die amptenare of bediendes van die raad in verband daarmee;

bestem vir menslike voedsel op 'n ander plek in die munisipaliteit as in munisipale slaghuise, behalwe wat diere betref wat die bewoner van enige eiendom mag slag vir sy eie gebruik of van sy gesin ;

(23) vir lisensieer, inspekteer, toesig hou oor en reël van teekamers, kafees, restourants, hotels, eet-, kos- en losieshuise, bakhuise, slagterye, kruidenierswinkels, en alle fabriekke en plekke waar voedingsartiekels of drank vervaardig of bereid word vir verkoop of gebruik, of gebêre of verkoop word ;

(24) vir lisensieer, toesig hou oor en reël van melkleweransiers, roomysfabrikante of verkopers en vir lisensieer, inspekteer, toesig hou oor en reël van melkerye, melkwinkels en koeistalle ; vir reël van die vervoer en uitdeling en om die aanwysing te verkry van die bron van melk en melkprodukte afgelewer, te koop aangebied of verkoop binne die munisipaliteit ; om die voorwaardes voor te skryf waarop enige melk of melkprodukte geprodusseer of bereid binne of buite die munisipaliteit mag ingevoer, rondgebring, bewaar, verkoop of binne die munisipaliteit gebruik word, en om die invoer, rondbring, bewaring, verkoop of gebruik binne die munisipaliteit te verbied van melk of melkprodukte ten opsigte waarvan aan sulke voorwaardes nie voldaan is nie ; om die raad in staat te stel die kwaliteit van enige melk na te gaan en die nie-gemagtigde gebruik te verbied van enige terme deur die raad toegepas om sulke kwaliteit aan te dui ; om die invoer, aflewering, bewaring, verkoop of gebruik binne die munisipaliteit te verbied van enige melk of melkprodukte uit enige bron binne of buite die munisipaliteit wanneer dit die raad of 'n komitee daarvan blyk op die sertifikaat van die geneeskundige gesondheidsamptenaar dat die verbruik van sulke melk of melkprodukte waarskynlik die uitbreek of verspreiding van besmetlike of aansteeklike siekte kan veroorsaak ; (25) om die verkoop te verbied van tuberkuleuse melk, voorsiening te maak vir die ondersoek deur 'n veearts van melkkoeie binne die munisipaliteit en van tyd tot tyd te verlang dat ten opsigte van enige melkkoei waarvan melk verkry word of van wie se melk enige melkprodukt bereid word vir invoer, aflewering, bewaring, verkoop of gebruik binne die munisipaliteit 'n sertifikaat vertoon word van 'n veearts, goedgekeur deur die Hoofveearts, Transvaal, dat

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

Ord. No. 11
van 1923.

Art. 80.

middele verrig word, te ontruim en vir die intrekking van lisensies verleen aan uitrokers in gevalle waarin die gelisensieerde by veroordeling vir enige oortreding getoon het onvoorsigtig, sorgeloos of onbekwaam te wees in of by sy werk of bedryf as voorsê ;

(18) om die vestiging of die uitoefening van enige bedryf, besigheid of beroep te reël en te verbied wat volgens die oordeel van die raad 'n bron van ernstige oorlas, ongemak of ongerief is of kan word vir die nabuurskap, mits dat verordeninge uit kragte hiervan gemaak hulle nie sal uitstrek nie tot die verbod van enige bedrywe of besighede wettiglik gevestig ten tyde van afkondiging van die verordeninge ;

(19) om strate of gebiede te omskryf binne welke winkels, pakhuse, fabriekke of besigheidsgeboue nie mag opgerig word nie of waarbinne bepaalde bedrywe, besighede of beroepe of straathandel nie mag gevestig of uitgeoefen word nie, mits dat verordeninge uit kragte hiervan gemaak hulle nie sal uitstrek nie tot winkels, pakhuse, fabriekke, of besigheidsgeboue opgerig of in aanbou of die bedrywe of besighede wettiglik gevestig ten tyde van afkondiging van die verordeninge ;

(20) vir die reël, inspekteer, toesig hou oor en lisensieer van alle besighede, fabriekke en werkplase wat omrede van rook, dampe, gasse, stof, geraas, trilling of ander oorsaak bronne van gevaar, ongerief, of ergenis vir die buurt is of kan word ; die voorwaardes voor te skrywe waarop sulke besighede, fabriekke of werkplase gedryf sal word en die bedryf daarvan te verbied tensy die voorgeskrywe lisensies eers sal verkry wees en aan die voorgeskrywe voorwaardes voldaan is ;

(21) vir die reëling, inspeksie, toesig hou oor en lisensiering van slag van vee en ander diere en die verkoop van vleis, die oprigting en tot seker plekke beperk van slaghuise en vleiswinkels en die sorg vir die behoorlike en sindelike toestand daarvan, en die verlening van magtiging tot toegang en inspeksie van slaghuise en vleiswinkels en die vee, karkasse en vleis daarin, en die toegang van die polisie en die inspeksie van huide te reël, wat ag-en-veertig ure nadat die diere geslag is moet bewaar word ;

(22) om die gebruik en bestuur te reël van munisipale slaghuise en bergplase vir die inspeksie van melk en geslagte vleis en in verband daarmee koste te hef, en die slagting te verbied van diere

nodig) van enige vleis, vis of ander voedingstowwe of drank wat siek, ongesond, skadelik of ongeskik is vir menslike gebruik ;

(c) om op riesiko van die eienaar sulke behandeling in plaas van vernietiging toe te staan van enige sieke ongesonde of skadelike voedings-artikel wat dit geskik mag maak vir menslike voedsel ;

(d) om die in beslagneem te magtig en die vernietiging te verseker van sieke diere wanneer nodig gesertifiseer deur 'n veearts in diens van of goedgekeur deur die Unie Departement van Landbou ;

(e) om die aanhouding in afwagting van keuring of ondersoek van diere of voedingsartikels of drank te gelas ;

(f) om standaards van samestelling, sterkte of kwaliteit voor te skrywe, en die vervalsing, onjuiste aanduiding of vermindering benede 'n voorgeskrewe of, indien geen voorgeskrewe is nie, 'n behoorlike standaard, te voorkom, en die verkoop in 'n suiwere staat en in 'n toestand wat ooreenkom met sulke standaard te verseker van melk of enige ander voedingsartikel of drank of enige geneesmiddel ; en

(g) om die raad te magtig om deur sy amptenare of bediendes enige dier, artikel of pakket te inspekteer en te ondersoek en in enige dooie dier te sny of enige artikel of pakket, en monsters te koop en die verkoop van monsters te verlang vir die doeleindes van hierdie subartikel ;

(15) om aanstootlike en hinderlike bedrywe te verbied, te reël, te inspekteer, toesig oor te hou, te lisensieer, en bewoners te verplig hulle persele vry te hou van hinderlike of ongesonde stowwe ;

(16) om die werk of die bedryf te reël, te inspekteer of toesig oor te hou van die vervaardiging van poetskatoen van vodde en die verkoop en gebruik te verbied vir die doel van die vervaardiging van artikels van ongesuiwerde katoen vervaardig van vodde en van persone wat sulke werk of bedryf uitoefen te vorder vir daardie doel van die raad 'n lisensie te verkry ;

(17) om die werk of bedryf van ontsmet of uitrook deur syaniet of ander middele te verbied, te reël, te inspekteer, toesig oor te hou, te lisensieer en persone te straf wat na kennisgewing daartoe sonder redelike grond weier enige kamer of kamers deur hulle geokkupeer op dieselfde verdieping of enige verdieping bo die van enige gebou waar uitroking deur syaniet of ander

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

wat lydende is aan enige sulke siekte na doelmatige hospitale of afsonderingsplekke en hulle aanhouding en behandeling daarin waar, volgens die oordeel van die geneeskundige gesondheidsamptenaar sulke oorbringing, aanhouding en behandeling nodig is, hetsy tot beskerming van die volksgesondheid of om rede van die onvoldoendheid of ondoelmatigheid van die huisvesting of verpleging van die pasjent; kwarantyn en die ontsmetting van persone, plekke of dinge te reël en verpligtend te stel en die inbeslagneem en aanhouding en die vernietiging (waar volgens die mening van die geneeskundige gesondheidsamptenaar vereis) van artikels wat besmet is of aan die riesiko van besmetting blootgestel was, teen betaling van vergoeding aan die eienaar daarvan, sulke bedrag deur ooreenkoms of arbitrasie vasgestel te word;

(12) om die verstrekking van enige informasie of die oorlegging van enige dokumentêre of ander getuienis te verplig nodig vir die doel om die bron op te spoor en die verspreiding van besmetting te voorkom, die sluiting te vorder van skole of bedryfsgeboue wat vermoed word bronne van besmetting te wees of dit wellik kan word, en persone wat besmet is of vermoed word besmet te wees of wellik besmet kan word te verbied enige beroep of besigheid uit te oefen of iets te doen wat die verspreiding van 'n besmetlike of aansteeklike siekte kan veroorsaak;

(13) om van enige persoon wat in die munisipaliteit aankom binne vyftien dae van vertrek uit enige distrik wat besmet is of vermoed word besmet te wees met pes, kolera of gele koors of binne vyftien dae na geland te wees uit enige skip in Suid-Afrika aldus besmet of vermoed besmet te wees, of uit enige skip wat binne tien dae voor sy landing vertrek is uit of enige hawe aangedoen het aldus besmet of vermoed besmet te wees, te vorder aan die geneeskundige gesondheidsamptenaar sy naam en woonplaas binne die munisipaliteit op te gee;

(14) (a) om die invoer in die munisipaliteit, die besit, verkoop of te koop aanbieding vir die doel van menslik gebruik of die hantering (anders as vir die doel van vernietiging) te verbied en te belet van sieke diere, sieke vleis, vis of ander voedingstowwe of drank ongeskik vir menslike gebruik;

(b) om die in beslagneem te magtig en die vernietiging te verseker (waar volgens die mening van die geneeskundige gesondheidsamptenaar

gedien sal word; mits verder dat die verordeninge mag bepaal dat, in enige geval waarin blyk dat 'n oorlas wat binne 'n munisipaliteit bestaan geheel of gedeeltelik veroorsaak is deur een of ander handeling of versuim buite die munisipaliteit, vervolging ingestel mag word teen enige persoon ten opsigte van sulke handeling of versuim, op dieselfde wyse en met dieselfde insidente en gevolge asof die handeling of versuim heeltemal binne die munisipaliteit was;

(7) vir die verseker van die behoorlike konstruksie en reëling van stalle, koeistalle, veekrale, hoenderhokke en te belet dat diere aangehou word op eiendomme wat nie gebou word nie ooreenkomstig die verordeninge van die raad of wat so gebou of geleë is dat sulke diere, indien daar gehou, waarskynlik 'n oorlas of skade vir die gesondheid sal veroorsaak, en die raad of 'n komitee daarvan in staat te stel te belet dat varke gehou word op terreine wat volgens verklaring van die geneeskundige gesondheidsamptenaar so geleë is dat hulle vir sulke doel ongeskik is;

(8) om die oprigting te verbied van geboue of die verandering van bestaande geboue vir gebruik as stalle of koeistalle, vir handelsdoeleindes in woongebiede en gebiede aan te wys waar sulke geboue al of nie opgerig of gebruik mag word;

(9) (a) om die bestaan en oorsaak te ondersoek van oorlas wat veroorsaak word deur geute, private, sinkputte, wateraanvoer, geutstene, stankafsluiters, hewels, pype, of ander werk of apparaat daarmee verbind, daarin verbetering aan te bring en die koste in te vorder daarvoor deur die raad gemaak, en die aanspreeklikheid en straf vas te stel vir oorlas in of op enige agterplaas of sanitêre gemak gesamentlik gebruik deur die bewoners van twee of meer verskillende geboue of deur verskillende bewoners van dieselfde gebou;

(b) om die konstruksie of gebruik van septiese tenks en filtreerwerke of ander werke vir die afvoer van rioolvuil op private eiendom te reël, kontrôleer of te verbied;

(10) vir die bewaring van die volksgesondheid;

(11) om die uitbreek en verspreiding te voorkom van besmetlike of aansteeklike siektes, te verklaar welke siektes aangegee moet word, die aangifte van siektes verpligtend te stel, die oorbringing verpligtend te stel van persone

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 80.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 80.

van die raad of 'n komitee van die gehele raad te verbied, te beperk en te reël, en deur skorsing 'n lid van die raad te straf wat skuldig is aan 'n oortreding daarvan ;

Sanitasie en Volksgesondheid.

(3) vir die instelling, onderhou en verpligtend stel van die gebruik van enige gesondheidsdiens welke die raad gemagtig is te verrig of te reël, of wat mag ingestel word kragtens enige bevoegd-hede aan die raad toegeken vir die verwydering of vernietiging of op ander wyse handel met nagvuil, uriene, vuilwater, afval, karkasse van dooie diere en vuilnis van enige aard en die koste vas te stel wat daarvoor belas sal word ;

(4) vir sindelik hou van openbare plekke en brugge van vuil, vuilnis of afval, en persone te verbied enige vuil, vuilnis, glas, blikke, papier, dooie diere, was- en vuilwater of ander vloeibare of vaste afval op of in enige straat, weg, brug, deurgang, ope ruimte, vakante standplaas, vakante erf, spruit of waterloop te werp, neer te gooi en te deponeer, of enige sulke vloeistof te laat afloop in enige sulke plek en baai en was van persone, diere of dinge in enige sulke plek te verbied en te reël ;

(5) om die gebruik of misbruik te voorkom en die sluiting te verseker van sinkputte, en die voorsiening, konstruksie, ligging, afrastering, gebruik, skoonmaak en repareer van, aard-private, waterklosette, private, asputte, asbakke, urinoirs, geutstene, vaste bade en vaste wasbakke, vuilwaterpype, vore en vuilwatertens in verband met geboue te verplig en te reël en skade daaraan te voorkom ;

(6) om die herhaling te verbied, verwyder of voorkom van oorlaste, die raad in staat te stel om hetsy op die veroorsaker van 'n oorlas of op die eienaar of bewoner van die eiendom, waarop die oorlas ontstaan en weer sou kan ontstaan, kennisgewings te dien (met of sonder 'n opgawe van die aard daarvan) waarin gevorder word dat sulke werk as nodig is vir die verwyder, doen ophou of voorkom van herhaling van die oorlas binne 'n redelike tyd in die kennisgewing genoem te word, gedoen moet word, met die bepaling dat die nie-nakoming van sulke kennisgewing 'n oortreding sal wees, en verder die raad in staat te stel sulke werk te verrig op koste van die persoon wat versuim het sulke kennisgewing na te kom, mits dat waar die oorlas veroorsaak is deur 'n gebrek in die gebou self, die kennisgewing op die eienaar van die gebou

(46) skoolkoshuise of losieshuise verbonde aan of in verband met skole gevestig en onderhou kragtens die Onderwyswet 1907 (Transvaal) of enige wysiging daarvan vestig, oprig, bou, uitrus en onderhou, in verband daarmee koste belas;

Koshuise.

Ord. No. 11
van 1926.

(47) van die eienaar van enige eiendom verlang enige van die volgende handeling te verrig—

Verwydering
van bome,
ens.

(a) ten genoeg van die raad enige boom, struik of heg wat oorhang of op enigerlei wyse hinderlik is vir bome of enige drade of werke van die raad te verwyder, te verlaag of te snoei;

(b) enige vervalte omheining of gebou wat grens aan enige publieke plek te verwyder;

(48) alle byprodukte verkoop ontstaan by die uitvoering van enige werke of ondernemings welke die raad gemagtig is te dryf;

Byprodukte.

(49) wetgewing bevorder en teë gaan in die belang van die munisipaliteit;

Wetgewing.

(50) alle dinge doen wat nodig is vir die toepassing van die doeleindes waartoe en ten opsigte waarvan die raad gemagtig is van tyd tot tyd verordeninge te maak, verander of te herroep en vir toepassing van alle bywette en regulasies.

Algemeen

Behalwe waar in hierdie Ordonnansie daarop 'n uitsondering gemaak is, sal alle koste deur hierdie artikkel gemagtig deur verordening vasgestel word.

80. Die raad mag van tyd tot tyd verordeninge maak, verander en herroep vir alle of enige van die volgende doeleindes, naamlik—

Verordeninge.

(1) vir reël van enige van die dinge waartoe die raad kragtens hierdie Ordonnansie of enige proklamasie daaronder uitgevaardig bevoegd is te doen, te vestig, onderhou of onderneem, en die koste ten opsigte daarvan belas te word, behalwe wat skutte aangaan;

(2) vir reël van die verrigtings van die raad en die pligte en voorregte van sy amptenare en bediendes, en die orde te bewaar op raadsvergaderings insluitende die bevoegdheid 'n lid te skors en uit te sluit wat die gesag van die stoel minag of die werksaamhede van die raad moedswillig verhinder; en die publikasie en openbaarmaking van die dokumente van die raad en aantekeninge en die verrigtings van enig komitee

- Ord. No. 11 van 1926. —
Art. 79.
- Bydrae—
Transvaal
Munisipale
Vereniging.
- (36) sy bydrae betaal aan die Transvaalse Munisipale Vereniging en die redelike reis- en persoonlike onkoste van sy verteenwoordigers gemaak weens bywoning van vergaderings van enige konferensie of van die uitvoerende komitee van die genoemde vereniging ;
- Versiering
van pleine.
- (37) enige plein of ope ruimte die eiendom van of afgestaan aan die raad kragtens artikel *twee-en-sestig* hiervan aanlê en versier deur enige boukundig of ander skema van versiering met inbegrip van standbeelde, fonteine of ander oprigtings ;
- Krema-
toriums, ens.
- (38) publieke krematoriums, lykhuisse en publieke weegmasjiens vestig, oprig en onderhou, en daarvoor sulke koste belas as deur verordening vasgestel word ;
- Bote.
- (39) bote en bootinrigtings verkry, uitrus en onderhou en in verband daarmee koste hef ;
- Slaghuisse.
- (40) munisipale slaghuisse vestig, oprig, onderhou en dryf en in verband daarmee koste hef ;
- Brandweer
en ambu-
lanses.
- (41) een of meer brandweerbrigades en ambulanses vestig, en onderhou en koste belas vir die dienste van sulke brigades en ambulanses en vir water gebruik by brande ;
- Aanteeldiere.
- (42) aanteeldiere, soas hingste, donkiehingste, bulle, ramme, bere, of bokke aankoop of huur of aanhou vir publieke gebruik en in verband daarmee koste belas en bepaal ;
- Publieke ver-
makelikeid.
- (43) 'n redelike bedrag aan uitgawes maak nodig vir publieke vermaaklikheid ;
- Biblioteke,
ens.
- (44) (1) vestig, verkry, oprig, vervaardig, onderhou, ondersteun, bevorder en hou—
(a) publieke biblioteke en museums en letterkundige en wetenskaplike lesings ;
(b) botaniese en dieretuine ;
(c) publieke bad en washuisse,
en in verband daarmee koste belas ;
(2) besluit dat die algemene bestuur, reëling en kontrôle van inrigtings genoem in paragrafe (a) en (b) deur die raad gevestig oorgedra en uitgeoefen sal word deur sulke komitee as sulke raad van tyd tot tyd mag benoem waarvan die lede geen raadslede behoef te wees nie, nietaenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie.
- Musiekkorpse.
- (45) korpse vir musiekuitvoerings op publieke plekke of in munisipale sale instel, onderhou, aanhou of daarvoor bydra, en in die algemeen voorsien in musikale vermaakhede op sulke plekke of in sulke sale, en daarvoor koste belas ;

keuse van 'n boete vir 'n tydperk van meer as een maand, enige sulke jaargeld gedurende sulke termyn van gevangenskap aan sy afhanklikes betaalbaar sal wees ;

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

(c) met een of meer andere rade ooreen te kom 'n verenigde pensioen-, voorsienings- of weldadigheidsfonds te stig ten voordele van die persone in die diens van enige van die rade ; mits dat—

(i) elke sulke verenigde fonds gestig sal word by afsonderlike besluite aangeneem deur elkeen van die rade en goedgekeur deur die Administrateur, en onderwerp sal wees aan sulke verordeninge as opgetrek mag word kragtens paragraaf (b) hiervan en aangeneem deur elkeen van die betrokke rade ;

(ii) sulke verordeninge voorsiening sal maak vir die beheer en belegging van sulke verenigde fonds toevertrou te word aan 'n gesaamlike bestuur bestaande uit verteenwoordigers van die rade wat lede is van die genoemde fonds en hulle bediendes, en vir die verkiesing van die lede van sulke bestuur ;

(iii) die onkoste van die beheer van 'n verenigde fonds aldus gestig bestry sal word deur die betrokke rade in sulke verhouding as van tyd tot tyd ooreengekom sal word ;

(iv) enige raad, anders as 'n raad betrokke by die stigting van sulke verenigde fonds, by besluit, goedgekeur deur die Administrateur en onderwerp aan sulke voorwaardes as onderling ooreengekom mag word deur die gesaamlik bestuur en die raad, tot enige verenigde fonds mag toetree ;

(34) alle uitgawes aangaan nodig gemaak vir die bereiking van enige doel van hierdie Ordonnansie of enige wysiging daarvan wat die raad gemagtig is uit te voer, of van enige doel waarvoor in hierdie Ordonnansie nie spesiaal voorsiening gemaak is nie wat die Administrateur mag bepaal 'n doel te wees behorende tot die uitoefening deur die raad van sy bevoegdhede en pligte kragtens hierdie Ordonnansie, met inbegrip van 'n redelike bedrag aan reiskoste en persoonlike onkoste van raadslede en amptenare tydens hulle vir die raad werksaam is ;

Uitgawes
waarin nie
voorsien nie.

(35) aan raadslede passe verleen wat hulle die reg gee sonder betaling in munisipale trems of omnibusse te reis ;

Passe
op trems.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 79.

(ii) die vasstelling van die kontribusies, as daar is, daaraan by te dra deur sulke lede en deur die raad ;

(iii) vir periodieke waarderings van sulke fondse en vir die uitvoer gee aan enige verhoging van kontribusies daartoe of verlagings van die voordele wat daaruit ontstaan so as aangetoon mag word deur enige waardering wat nodig is vir die behoud van die solvabiliteit daarvan ;

(iv) vir voorskryf van die leeftyd waarop persone in die diens van die raad sal vergun word of verplig wees lede van die fonds te word en die leeftyd en die voorwaardes waarop hulle sal vergun of verplig word uit die diens van die raad te tree ;

(v) vir vasstelling van die bedrag van pensioen of ander voordeel betaal te word aan lede by aftreding uit die diens van die raad en aan hulle afhanklikes by oorlyde ;

(vi) vir die reëling van die beheer oor en belegging van fondse en die benoeming of verkiesing, waar nodig, van lede van 'n komitee vir daardie doel ;

(vii) vir toevertrou van eiendom, geld en/of bates aan sulke fondse behorende aan beheerders vir die doel van administrasie daarvan soos opgedra deur enige komitee van bestuur deur en teen wie alle regsgedinge wat op die fonds betrekking het ingestel sal word ;

(viii) vir die aftreding, ontslag en bedanking van lede van sulke komitee van bestuur of beheerders en vir aanvulling van vakatures daardeur ontstaan ;

(ix) dat geen pensioen of reg op 'n pensioen sal kan toegewys of oorgedra of op ander wyse daarvan afstand gedoen word of verpand of onder verband geplaas of in beslag geneem word of onderwerp aan enige vorm van voltrekking onder 'n vonnis of order van 'n geregshof en vir agterhouding, skorsing of gehele staking van die betaling daarvan in die geval dat die bevoordeelde sou trag enige pensioen of reg as voorsê toe te wys, oor te dra of op ander wyse af te staan, te verpand of onder verband te plaas ;

(x) dat in die geval dat enige persoon wat in die genot is van jaargeld deur enige hof in Sy Majesteits geweste skuldig bevind word en veroordeel tot gevangenisstraf sonder die

inbegrip van amptenare of bediendes van die raad) in staat te stel grond te verkry en/of woonhuise oprig, en sulke voorskotte met rente daarop in termynbetalings terugvorder, of op ander wyse na gelang die raad na eie diskresie mag ooreenkom met enige persoon aan wie 'n voorskot verleen is; mits dat woonhuise wat voorgestel word deur die raad gebou te word met geleende geld, onder kontrak gebou sal word nadat tenders gevra is;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 79.

- (29) werke vir die fabrikasie van bakstene en tegels vestig, verkry, oprig, uitrus en dryf hetsy binne of buite die munisipaliteit en alle sulke dinge doen wat tot sulke fabrikasie behoort; Steenbakkerye.
- (30) kaffereethuise vestig, oprig, onderhou en dryf; Kaffereethuise.
- (31) die mediese of begrafniskoste betaal van enige persoon in diens van die raad wat verwondings opdoen of sterf tengevolge van 'n ongeval hom oorkom tydens sy werk of as 'n gevolg van siekte opgedaan tengevolge van sulke diens; Mediese onkoste van bediendes.
- (32) In gevalle waarin geen pensioen, voor sienings- of weldadigheidsfonds gestig is nie of in gevalle waarin geen voordele getrek word uit enige fonds gestig kragtens die eersvolgende subartikkel nie, uit sy inkomste pensioene of gratifikasies verleen aan amptenare of bediendes van die raad by aftreding uit die diens van die raad of andersins en aan die weduwees of afhanklikes van oorlede amptenare en bediendes van die raad; Pensioene, ens., uit inkomste.
- (33) (a) Met inagneming van die bepalings van sulke verordeninge as gemaak word kragtens paragraaf (b) hiervan, enige pensioen-, voorsienings- of weldadigheidsfonds stig, beheer en bestuur en daartoe bydra, bestem ten voordele van die amptenare en bediendes van die raad en uit enige sulke fonds pensioene of gratifikasies verleen aan sulke amptenare of bediendes by hulle aftreding uit die diens van die raad of andersins, of aan afhanklikes by oorlyde van sulke amptenare of bediendes; Pensioen, ens., uit fonds.
- (b) van tyd tot tyd verordeninge maak, verander en herroep kragtens die bepalings van deel II van hoofstuk VII van hierdie Ordonnansie, bepalende—
- (i) alle of enige van sy amptenare of bediendes toe te staan of van hulle te verlang lede van een of meer sulke fondse te word;

<p>Ord. No. 11 Grond vir van 1926. bewoning en industriële terreine.</p> <p>Art. 79.</p>	<p>(22) (a) boupersele uitlê op of op ander wyse enige grond wat aan die raad toebehoort onderverdeel vir die doel van woningskema's vir inwoners van die munisipaliteit of vir die doel van terreine vir fabriek, industriële besigheid of werkplaas ; (b) met inagneming van die bepalings van subartikel (18) hiervan, enige sulke persele of onderverdelings van grond en geboue daarop verhuur, verkoop, of op ander wyse vervreem of van die hand sit ;</p>
<p>Gebiede vir kleurlinge.</p>	<p>(23) op gronde onder sy beheer hetsy binne of buite die munisipaliteit sulke gebiede uit lê vir kleurlinge as wat wenslik geag mag word, mits dat geen sulke gebied ingestel sal word binne die jurisdiksiegebied van enige ander plaaslike outoriteit nie sonder die vergunning van sulke plaaslike outoriteit ;</p>
<p>Grond— Verkryging van.</p>	<p>(24) met die toestemming van die Administrateur deur vrywillige aankoop, of huur enige grond, regvan-weg, waterreg of enige ander eiendom of servituut binne of buite die munisipaliteit verkry, wat vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie nodig mag wees, mits dat die toestemming van die Administrateur nie sal vereis wees nie waar geen vergoeding of slegs nominale vergoeding gegee word vir sulke verkryging of huur ;</p>
<p>Grond vir hinderlike bedrywe.</p>	<p>(25) met die toestemming van die Administrateur enige grond verkry vir van die hand setting by verkoop, verhuur of andersins en op sulke voorwaardes as die raad mag bepaal, aan enige persoon vir die doel daarop enige werk of bedryf van 'n hinderlike aard wat die raad bevoeg is te lisensieer, uit te oefen ;</p>
<p>Dipbakke.</p>	<p>(26) dipbakke vestig, oprig en onderhou, en in verband daarmee koste hef ;</p>
<p>Wasplekke, ens.</p>	<p>(27) publieke wasplekke, klosette en urinoirs bo of onder die grond, vestig, oprig en onderhou, en in verband daarmee koste hef ;</p>
<p>Wonings.</p>	<p>(28) Onderwerp aan die goedkeuring van die Administrateur— (a) woonhuise met daartoe behorende bygoue oprig en onderhou op persele of onderverdelings van grond genoem in subartikel (22) en in gebiede genoem in subseksie (23) hiervan ; (b) geboue in woonhuise verander en hulle verbou, vergroot, repareer en verbeter ; (c) voorskotte in geld op die sekuriteit van onroerende eiendom verleen vir die doel persone in die munisipaliteit woonagtig (met</p>

(c) dat alle gelde deur die raad ontvang van die verkoop van onroerende eiendom of die verlening van sulke kontrakte of huurkontrakte aangewend sal word vir die delging en aflossing van bestaande skuld gemaak vir kapitaaldoeleindes op sulke wyse, of waar geen skuld bestaan nie, vir sulke kapitaaluitgawe, as die raad op 'n rapport van die finansiële komitee mag bepaal; mits dat gelde ontvang ten opsigte van huurkontrakte aangegaan vir 'n tydperk van minder as tien jaar aangewend sal word na gelang die raad sal dienstig ag en mits verder dat waar behoorlike voorsiening gemaak is vir die aflossing van enige skuld die Administrateur die raad mag magtig alle inkomste en profyte deur die raad ontvang voortvloeiende uit regte genoem in artikel vier van die Dorpsgronde Ordonnansie 1904 (Transvaal), of ten opsigte van soortgelyke regte verkry kragtens enige wet en/of van alle gelde ontvang van die verkoop van onroerende eiendom of die verlening van kontrakte of huurkontrakte, anders as huurkontrakte van korter duur as tien jaar, mag aangewend word vir sulke kapitaaluitgawe as deur hom goedgekeur mag word;

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

(19) met inagneming van die bepalings van subartikel (18) hiervan en nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in die Dorpewet enige grond wat aan hom toebehoor verhuur vir sulke tydperk en op sulke voorwaardes as die raad dienstig mag ag;

Grond—
Huurkon-
trakte van.

(20) met inagneming van die bepalings van die Dorpe. Dorpewet, dorpe vestig op grond, die eiendom van die raad;

(21) (a) met inagneming van die bepalings van enige wet wat betrekking het op dorpe of die registrasie van landboubesittings, persele uitlê op of op ander wyse enige grond wat aan die raad toebehoort onderverdeel vir die doel van tuinpersele, kleine hoewes of landbouhoewes;

Landboube-
sittings, ens.

(b) met inagneming van die bepalings van subartikel (18) hiervan, enige sulke persele of hoewes verhuur, verkoop of op ander wyse vervreem of van die hand sit;

(c) afsonderlike verordeninge maak, verander en herroep alleen toepaslik op landbouhoewes oor enige saak ten opsigte waarvan die raad bevoeg is kragtens hierdie Ordonnansie of enige proklamasie daaronder uitgevaardig, verordeninge te maak;

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

Grond—Ver-
vreemding
van.

of onderhou, en beurse toeken om skoliere en studente aan enige van die genoemde inrigtings sowel as aan enige ander uniwersiteit wettiglik binne die Unie van Suid-Afrika gevestig assistensie te verleen by onderwys en vir onderhoud ;

(18) enige roerende of onroerende eiendom van die raad verhuur, verkoop of op ander wys vervreem of van die hand sit, insluitende die verlening van prospekteregte, opsiekontrakte, en die vervreemding van regte op minerale, edele en onedele metale en edele gesteentes op dorpsgronde op enigerlei wys bevoegd kragtens en onderwerp aan die bepalings van die Edele en Onedele Metale Wet, 1908, en enige wysiging daarvan, en die Edele Gesteentes Ordonnansie, 1903, of enige wysiging daarvan, mits—

(a) dat, behalwe in die geval van enige onroerende goed, waaromtrent deur wet spesiale voorsiening gemaak is, en behalwe in die geval van huurkontrakte, anders as huurkontrakte van dorpsgronde, wat nie notarieel voltrek behoef te word nie kragtens artikel *neën-en-twintig* van die Hereregte Proklamasie (No. 8) van 1902, of enige wysiging daarvan geen verkoop, verhuur of vervreemding van onroerende goed of die vervreemding van enige regte op minerale, of die verlening van enige prospekter of opsiekontrakte plaas sal hê nie of van krag sal wees totdat die toestemming van die Administrateur verkry is ;

(b) dat, behalwe in die geval van 'n huurkontrak beëindigbaar met nie meer as drie maande opsegging nie van albei kante voordat sulke toestemming verkry word, die besluit van die raad tot verkoop, verhuur, of op ander wys vervreem of van die handsit van onroerend eiendom of om sulke kontrakte of huurkontrakte te verleen minstens eenmaal per week vir drie agtereenvolgende weke gepubliseer sal word in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, mits dat in alle gevalle van die vervreemding van die eiendomsreg van grond, of van die erfpag daarvan vir enige tydperk van meer as twintig jaar publikasie van sulke besluit ook sal plaas hê deur 'n voldoende aantal in die oog lopende plakkate aangebring in op of naby die grond wat voorgestel word te vervreem en sulke plakkate sal nie kleiner wees as dubbel demy in afmeting en die opskrif sal wees in drieduims letters ;

inrigtings, handels- of beroepskole, inrigtings vir die opleiding van persone in huishoudkunde, diens in die huishouding of huishoudelike werk of pligte, of publieke vrywillige verenigings of assosiasies in verband met die bestryding van siektes of in verband met kraamvroue of kindervelvaart, die opleiding van gesondheidsinspekteurs of gesondheidsbesoekers, onderrig in eerste hulp of huis of distriksverpleging of enige ander saak wat op volksgesondheid betrekking het ;

(b) met die vergunning van die Administrateur enige nasionale of publieke doel, tentoonstelling, organisasie of instelling ;

(c) enige vrywillige vereniging, assosiasie of klub of organisasie gevestig vir jongensverkenner van meisiesgidse of vir die welvaart van of vir spele en ontspanning van studente of skoolkinders of om sulke kinders behulpsaam te wees die seekus of ander plekke gedurende skoolvakansies te besoek ;

(d) enige fonds gestig vir die doel van onthaal of genot van die arme of die pasjente van enige hospitaal of gestig of liefdadige instelling ;

(e) die Transvaalse Munisipale Vereniging ;

(f) enige skietwedstryd ;

(16) van tyd tot tyd aan enige van die inrigtinge genoem in subartikkel (15) (a) hiervan enige munisipale diens kosteloos toestaan en verleen of teen sulke verminderde koste op die tariewe van tyd tot tyd van krag, as dienstig geag mag word ;

Toelae
Munisipale
diens.

(17) grond afstaan of hulptoelae gee aan—

(a) enige skool, klas of inrigting gevestig, onderhou of ondersteun in die Provinsie kragtens die Onderwyswet, 1907, of enige wysiging daarvan ; of

(b) die Uniwersiteit van die Witwatersrand, Johannesburg ; of

(c) die Uniwersiteit van Suid-Afrika of van enig daaraan verbonde kollege daarvan in die Provinsie gevestig ;

(d) enige ander Uniwersiteit wettiglik in die Provinsie gevestig ;

(e) enige inrigting of diens in die Provinsie behoorlik kragtens enige wet verklaar onder hoër onderwys opgeneem te wees ; of vir die doel enige kosinrigting of koshuis in verband met enige van die voornoemde inrigtings wat van geen private aard is nie vestig, uitbrei

Toelae—
Onderwys-
inrigtings.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

- Uitsluitende gebruik van ontspanningsgronde.
- Ontspanningsgronde, werktuie, ens. vir spele.
- Ontspanningsgronde—
Verversingslokale.
- Marke.
- Hulptoelae.
- raad die gebruik van sulke ontspanningsgrond te verhuur of af te staan, gepubliseer sal word op die wyse as bepaal deur paragraaf (b) van subartikel (18) hiervan ;
- (11) enige sulke gedeelte van enige ontspanningsgrond deur die raad gevestig afsonder as deur die raad mag bepaal word en uiteengesit in 'n kennisgewing aangebring op een of ander in die oog lopende plek op sulke ontspanningsgrond vir die doel van enige bepaalde spel of ontspanning en die publiek uitsluit van die gedeelte aldus afgesonder tydens dit vir die doel in werklike gebruik is.
- (12) enige apparaat vir spele en ontspannings verstrekk vir enige ontspanningsgrond deur die raad gevestig en vir die gebruik daarvan koste hef, of aan enige persoon, klub of ander liggaam van persone vergun enige sulke apparaat lewer op sulke voorwaardes as die raad mag bepaal ;
- (13) verversingslokale, kafees en restourants verskaf en onderhou op enige ontspanningsgrond deur die raad gevestig en in enige botaniese of dieretuin en by enig publiek bad gevestig kragtens subartikel (44) hiervan en sulke verversingslokale, kafees of restourants of self beheer of hulle verhuur aan enige persoon, klub of ander liggaam van persone op sulke voorwaardes as die raad mag bepaal ;
- (14) marke en markgeboue vestig, oprig, onderhou, reël en beheer en gedeeltes van sulke geboue en stalletjies verhuur en in verband daarmee koste belas ;
- (15) toelae in geld verleen vir—
(a) die vestiging en onderhoud—
(i) van publieke hospitale ;
(ii) van publieke biblioteke en skoolbiblioteke gevestig, onderhou of ondersteun kragtens die Onderwyswet, 1907, of enige wysiging daarvan ;
(iii) van die instellings in hierdie paragraaf genoem wat van geen private aard is nie (dat wil sê) kunsгаллerye, museums, dieretuine, land- en tuinbou verenigings, wetenskaplike en letterkundige instellings, insluitende hou van lesings oor wetenskaplike, letterkundige en ander onderwerpe, gestigte vir bejaardes, armoedige, sieke of gebrekkige, reddingshuise, weldadigheidsverenigings, tehuse vir behoeftige wese, onderstandskomitees en komitees wat distriksverpleegsters in diens het, onderwys

(8) ontspanningsgronde op dorpsgronde, en in parke, op pleine en ope ruimtes aan die raad afgestaan kragtens artikel *twee-en-sestig* hiervan in stel, onderhou, en beheer, en op enige grond deur die raad gehou in eiendom of erfpag, en mag in verband daarmee koste belas, mits dat in gevalle van grond in erfpag gehou die vergunning van die Administrateur vooraf sal verkry word ;

Ontspanningsgronde.

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 79.

(9) in verband met of op ontspanningsgronde deur die raad gevestigde akwariums, piere, paviljoens, kleeckkamers, wasplekke en ander gemakke, en enige ander geboue of oprigtings van welke aard ook en vir enige doel wat dit volgens die oordeel van die raad nodig of gerieflik is op te rig, maak, vestig, onderhou en uitvoer, en die algemene bestuur, reëling en kontrole daarvoor sal by die raad berus, wat van tyd tot tyd—

Ontspanningsgronde.
en werke en dienste.

(i) die koste sal vasstel, indien enige, wat sal belas word vir die gebruik daarvan, of

(ii) hulle of gedeeltes daarvan of enige regte daarin verhuur aan enige persoon of klub of ander liggaam van persone en sulke persoon, klub of liggaam magtig in verband daarmee koste te hef ;

(iii) voorskotte of lenings toe staan aan enige sportklub op sulke bepalings en voorwaardes as deur die Administrateur goed-gekeur mag word,

mits dat nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, tensy die raad anders sal besluit, die genoemde koste of enige huurprys daaronder betaal te word deur die raad sal vasgestel word sonder regulasie of verordening ;

(10) nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, onderwerp aan die goedkeuring van die Administrateur die gebruik van enige ontspanningsgrond en/of geboue wat daartoe behoer gevestig en opgerig deur die raad of enige deel van sulke ontspanningsgronde of geboue verhuur of afstaan aan enige skool, sportklub of vereniging van persone op sulke voorwaardes as die raad mag bepaal, en sulke skool, sportklub of vereniging van persone vergun koste te hef vir toegang tot ontspanningsgronde deur die raad verhuur of afgestaan ; mits dat tensy sulke ontspanningsgrond slegs tydelik gesluit is vir 'n tydperk van hoogstens drie dae kragtens artikel *vier-en-sestig* van hierdie Ordonnansie, die besluit van die

Gebruik van ontspanningsgronde.

**Ord. No. 11
van 1926.**

sulke vergadering oproep op sulke tyd en plaas as hy mag bepaal, en enige koste deur die burgemeester gemaak in verband met die oproeping en hou van enige sulke vergadering mag as die raad aldus sal besluit, gedek word uit die inkomste van die raad; mits dat geen sulke vergadering opgeroep sal word nie vir die doel die verkiesing van enige persoon as raadslid of as lid van enige munisipale liggaam of van die prowinsiale raad of van die parlement te bevorder, te bestry of te bespreek.

- Algemene bevoegdhedede.** 79. Die raad mag alle of enige van die volgende dinge doen, naamlik—
- Weë, ens., maak.** (1) weë, strate, pleine en ope ruimtes, damme, kanale, reservoirs, waterlope, vore, veerponte, duikers en brugge aan die raad afgestaan kragtens artikel *twee-en-sestig* hiervan, maak, bou, verander, en in 'n sindelike staat onderhou ;
- Gesondheidsdienste.** (2) sulke gesondheidsdienste vir die verwydering en vernietiging van of op ander wyse handel met vuil, uriene, vuilwater, vuilnis, karkasse van dooie diere, en afval van enige aard, instel, onderhou en verrig, en daarvoor sulke koste belas as die raad van tyd tot tyd mag bepaal ;
- Begraafplase.** (3) begraafplase vestig en onderhou en in verband daarmee koste belas ; en enige bestaande begraafplaas of kerkhof oorneem, beheer en onderhou vir begrawingsdoeleindes en enige kerkhof, munisipale, private of ander begraafplaas of grond of enig gedeelte daarvan binne die munisipaliteit, vir begrawingsdoeleindes sluit, mits dat geen sulke sluiting sal plaas hê nie totdat 'n besluit inhoudende die voorneme van die raad sulke sluiting te bewerkstellig aangeneem is deur 'n meerderheid van tweederdes van die raadslede wat as dan sitting het, en gepubliseer geword het in die *Prowinsiale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer ;
- Munisipale geboue.** (4) enige geboue vir enige munisipale behoeftes of doel oprig, onderhou, en in reparasie hou ;
- Bome.** (5) bome in of op enige publieke plek plant, snoei of verwyder ;
- Bosaanplantingswerke.** (6) bosaanplantingswerke binne of buite die munisipaliteit vestig, uitrus, onderhou en uitvoer vir die produksie en verkoop van hout en alle dinge doen in verband daarmee ;
- Verlig van publieke plase.** (7) publieke plase verlig en vir die doel lampe plaas en onderhou ;

die geneeskundige gesondheidsamptenaar of van enige gesondheidsinspekteur hulle in sulke toestand bevind dat dit 'n oorlas is of 'n gevaar vir die gesondheid weens versuim hulle behoorlik te reinig, sal dié persone wat die gebruik daarvan het, onderling as voorsê, wat nalatig is, of by gemis aan bewys aangaande wie van die persone wat die onderlinge gebruik daarvan het nalatig is, dan sal elkeen van die persone blootstaan aan 'n straf van hoogstens vyf pond en enigeen van die persone wat versuim te voldoen aan 'n kennisgewing op hom deur die raad gedien, waarin van hom gevorder word die toestand van sulke agterplaas of sanitêre gemak te verhelp, sal verder blootstaan aan 'n straf van hoogstens tien sielings vir elke dag waarop sulke toestand sal bly voortbestaan na diening van sulke kennisgewing.

**Ord. No. 11
van 1926.**

77. (1) Die raad sal verplig wees te sorg vir die begrawing van alle arme persone wat binne die munisipaliteit sterf anders as dié wat—

Verpligting
van raad om
arme te
begrawe.

- (a) in hospitaal sterf (tensy hulle vir minstens drie maande in die munisipaliteit woonagtig was voor hulle opname in hospitaal in welke geval die raad verantwoordelik sal wees vir die begrawing en alle koste in verband daarmee);
- (b) in die gevangenis sterf; of
- (c) nie binne die munisipaliteit gewoon het nie vir 'n tydperk van drie maande voor hulle oorlyde, en die raad word hierby gemagtig enige uitgawe daarvoor nodig te maak.

(2) In gevalle van dié arme persone wat in hospitaal sterf dog wat in 'n andere munisipaliteit gewoon het vir minstens drie maande voor hulle opname in die hospitaal, sal die raad van sulke munisipaliteit verantwoordelik wees vir die betaling van alle koste in verband met die begrawing van sulke arme persone.

(3) As enige naturel in die munisipaliteit gebring deur enige persoon wat die besigheid uitoefen in naturelle-aanwerwer in die munisipaliteit sterf binne een maand na sy aankoms, dan mag die raad van sulke persoon of sy werkgewer of prinsipaal sulke begrawenskoste invorder as vasgestel is in die verordeninge op begraafplase asdan van krag.

78. Die burgemeester mag van tyd tot tyd as hy dit dienstig ag en op ontvangs van 'n rekwisiesie geteken deur sulke 'n aantal geregistreeerde kiesers vir die munisipaliteit, as van tyd tot tyd sal bepaal word by besluit van die raad of verordening, waarin hy versoek word 'n publieke vergadering op te roep van inwoners vir die bespreking van enige saak van publieke belang in die rekwisiesie genoem te word,

Oproep van
publieke ver-
gaderings.

**Ord. No. 11
van 1926.**

hof sal, indien dit by behandeling van die applikasie oortuig is dat geen veranderings gemaak is nie tot voorkoming van enige sulke gevaar as genoem is in subartikel (1) voortvloei uit die okkupasie van sulke eiendom en dat die nodige stappe nie met bekwame spoed geneem word nie om sulke veranderings aan te bring, of dat die voortbestaan van enige gebou of van 'n gedeelte van sulke gebou 'n oorlas is of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid van die publiek of van die bewoners van die naburige eiendomme, 'n order uitvaardig waarby die raad gemagtig word die gebou af te breek; mits dat die hof, as hy dit dienstig ag, die uitvoering van die order mag uitstel vir sulke tyd van hoogstens ses maande na gelang die hof voldoende ag om die eienaar 'n kans te gee die nodige veranderings aan te bring.

(b) Die raad mag van die eienaar van enig eiendom die koste terugvorder van afbreek van sulke gebou kragtens 'n order uitgereik onder hierdie artikel.

(6) (a) Enige kennisgewing deur hierdie artikel vereis gedien te word op enige persoon mag gedien word deur dit af te lewer aan, of aan die woonplek of besigheidsplek van die persoon aan wie dit gerig is of mag per aangetekende brief aan sulke persoon per pos gestuur word.

(b) As die eienaar van enige eiendom op wie 'n kennisgewing gedien moet word kragtens hierdie artikel nie binne die munisipaliteit woonagtig is of besigheid dryf nie of na redelike ondersoek daarin nie kan opgespoor word nie, dan sal sulke kennisgewing geag word voldoende gedien te wees indien aangeplak op die eiendom waarop dit betrekking het.

**Bewoning
van
rug-aan-rug
huise.**

75. (1) Niemand sal enige rug-aan-rug huis of woning binne die munisipaliteit geleë verhuur of vir bewoning of okkupasie gebruik, wat nie voorsien is nie van voldoende middels van deurlopende ventilasie ten genoegte van die geneeskundige gesondheidsamptenaar of enige kamer so geleë wat 'n deur in 'n buitemuur het en nie aldus voorsien is nie.

(2) Enige persoon wat hierdie artikel oortree sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond en aan 'n verder boete van hoogstens twee pond vir iedere dag waarop sulke oortreding bly voortbestaan.

**Straf vir
ongesonde
agterplase,
ens.**

76. As enige agterplaaas of sanitêre gemak binne die munisipaliteit onderling gebruik word deur die bewoners van twee of meer afsonderlike woonhuise, of deur verskillende bewoners van dieselfde gebou, of deur ander persone, of dat die toegange tot, of die mure, vloere, sittings of fittings van sulke sanitêre gemakke volgens die oordeel van

enig eiendom sluit en die gebruik, okkupasie daarvan en toegang daartoe verbied waarop of waarin deur die geneeskundige gesondheidsamptenaar verklaar word in mens of diere builepesbesmetting te heers.

Die bepaling van die laasvoorafgaande subartikel wat betrekking het op die terugtrekking van 'n sluitingsorder sal *mutatis mutandis* toepaslik wees in die geval van enige order uitgevaardig kragtens hierdie subartikel.

(3) (a) Waar 'n sluitingsorder uitgevaardig is vir enige eiendom, sal die raad terstond 'n kopie van sulke order op 'n in die oog lopende plek op die eiendom laat aanplak.

(b) Enig persoon wat enig eiendom sal gebruik of okkupeer, waarvan die gebruik en okkupasie verbied was deur 'n sluitingsorder, gedurende die tyd dat sulke order van krag bly, sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens tien pond, en aan 'n verder boete van hoogstens twee pond vir iedere dag waarop sulke gebruik of okkupasie bly voortgaan; mits dat na die aanplakking van 'n kopie van sulke order op die voorsegde wyse, ag-en-veertig ure tussenruimte of sulke langer tyd as die raad sal bepaal sal toegestaan word aan die persoon wat die eiendom okkupeer op die datum waarop die kopie van sulke order aldus aangeplak was, voordat sulke order op sulke persoon toegepas word.

(4) Die magistraatshof wat jurisdiksie besit in die munisipaliteit mag op die applikasie van die raad die reiniging en ontsmetting gelas van enige eiendom waarvoor 'n sluitingsorder was of kan uitgevaardig word kragtens hierdie artikel, en sal by sulke order 'n tyd voorskryf binne welke sulke reiniging of ontsmetting sal uitgevoer word; en by versuim van volledige nakoming van enige sulke order, mag die raad sulke eiendom betree of binnegaan en alle dinge doen nodig vir die volledige nakoming van die order, en mag deur vervolging in 'n bevoegde hof die koste en onkoste van en as 'n gevolg van die uitvoering daarvan invorder van die persoon teen wie die order gemaak was. Enige sulke order mag gemaak word teen die eienaar of op die bewoner van die genoemde eiendom.

(5) (a) As 'n sluitingsorder ten opsigte van enige gebou van krag gebly het vir 'n tydperk van drie maande, mag die raad na minstens veertien dae vooraf skriftelik kennis gegee te hê aan die eienaar van sulke eiendom van sy voorneme, in die magistraatshof wat binne die munisipaliteit jurisdiksie het applikasie maak vir 'n order waarby die afbreking van sulke eiendom gemagtig word, en sulke

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 74.

Ord. No. 11
van 1926.

ondersoek nie kan opgespoor word nie, enige sulke kennisgewing, dagvaardiging of ander voorsegde proses geag sal word behoorlik gedien te wees indien bevestig op sulke tenk of waterbak, of aan enige gebou, oprigting, paal of bord op of in die onmiddellike nabyheid van sulke put, boorgat, tenk of waterbak.

Bevoegdheid
watervoor-
siening te
inspekteer.

73. Die raad mag, deur sy lede, amptenare of bediendes op alle redelike tyde sonder kennisgewing, inspekteer en monsters neem van, of informasie verlang oor die toestand en werking van alle vangterreine, riviere en kanale, bronne, putte, boorgate, reservoirs, filterbedde, watersuiveringswerke of pompmasjienerie, of ander bronne van wateraanvoer, bewaring, of leiding, wat hulle binne die munisipaliteit bevind, welke water daarin of daarvan gebruik word of wellik kan gebruik word deur persone binne die munisipaliteit vir drink of huis-houdelike doeleindes.

Bevoegdheid
van raad
eiendom te
sluit, te
reinig
en af te breek.

74. (1) Telkens wanneer dit die raad of 'n komitee daarvan blyk op die sertifikaat van die geneeskundige gesondheidsamptenaar dat enige eiendom tengevolge van gebrekkige of ondoelmatige konstruksie of inrigting, slegte toestand, gebrek aan lig, lug of ventilasie of om ander redes in 'n staat verkeer so gevaarlik of nadelig vir die gesondheid dat dit ongeskik is vir menslike bewoning of gevaar oplever vir die gesondheid van die bewoners van enige naburig eiendom, mag die raad, na minstens sewe dae vooraf skriftelik kennis gegee te hê van sy voorneme aan die eienaar van sulke eiendom en aan die okkuperende huurders (as daar is), applikasie maak by die magistraatshof wat in die munisipaliteit jurisdiksie besit, vir 'n order tot sluiting van sulke eiendom, en sulke hof mag op sulke applikasie 'n order uitvaardig kragtens welke sulke eiendom gesluit word en die gebruik en okkupasie daarvan te verbied, tot sulke tyd as die hof oortuig sal wees dat veranderings aangebring is, hetsy deur afbreking of herbou van enige gebou of andersins, sodat voorkom word dat enige sulke gevaar as voorsê ontstaan uit die okkupasie van sulke eiendom, en sulke hof mag daarna, na aldus oortuig te wees op applikasie van die eienaar van sulke eiendom, sulke order intrek ten opsigte van die gehele of enige deel van sulke eiendom, mits dat die eienaar van sulke eiendom, alvorens sulke applikasie te maak, minstens ag-en-veertig ure vooraf skriftelik kennis sal gee aan die raad van sy voorneme die applikasie te maak.

(2) Die magistraatshof wat jurisdiksie in die munisipaliteit het mag op die applikasie van die raad, sonder kennisgewing aan die eienaar, onmiddellik

die bevoegdheid deur hierdie artikel toegeken, vergesel wees van enige blanke lid van die poliesiemag wettiglik in die Provinsie gevestig.

(3) Enige verordeninge of regulasies gemaak kragtens hierdie Ordonnansie mag aan die raad, sy amptenare en beamptes sulke bevoegdhede tot inspeksie, ondersoek en uitvoering van werke toeken as redelikerwys nodig is vir die behoorlike uitvoering of toepassing daarvan.

72. Die raad mag deur sy lede, amptenare of bediendes alle putte, boorgate, tenks en waterbakke binne die munisipaliteit inspekteer, waarvan die water daarin of daaruit gebruik word of wellig gebruik sal word deur persone vir drink of huishoudelike doeleindes, of vir die vervaardiging van drankie vir die gebruik van persone, of as 'n bestanddeel in die vervaardiging van enige artikel bestem vir voedsel vir menslik gebruik; en as by enige sulke inspeksie of op aanwysing van enige persoon te eniger tyd blyk dat sulke water so verontreinig is dat dit nadelig is vir die gesondheid of dat aan enige verordeninge wat daarop betrekking het nie voldaan is nie, sal die raad van die eienaar of bewoner van die eiendom waartoe die put, boorgat of waterbak behoort verlang dit onmiddellik te sluit of te verhelp en in geval aan sulke kennisgewing nie voldaan word nie, dan mag die raad vervolging instel voor enige bevoegde hof hetsy by wyse van dagvaardiging of applikasie; en by enige vervolging teen sulke persoon vir sulke nie-nakoming of vir oortreding van enige verordening, mag die hof in geval van skuldigebevinding, 'n order uitvaardig ten effekte dat die put, boorgat, tenk of waterbak permanent of tydelik gesluit moet word deur sulke persoon of mag sulke order uitvaardig as wat vereis of noodsaaklik mag blyk tot voorkoming van nadeel vir die gesondheid van persone wat die water daaruit gebruik, en mag die skuldige persoon bowendien veroordeel tot 'n boete van hoogstens vyf pond. Die hof mag verder, indien dit noodsaaklik blyk, die water laat analiseer op koste van die raad, en mag by uitvaardiging van sulke order, die raad verder magtig, as die persoon op wie 'n order uitgevaardig is kragtens hierdie artikel versuim daaraan te voldoen binne 'n tydperk deur die hof redelik geag, alles te doen wat nodig is om aan sulke order uitvoering te gee, en alle onkoste deur die raad gemaak mag terstond ingevorder word van die persoon waarteen die order gemaak was; mits dat in geval enige sulke put, boorgat, tenk of waterbak hom op ongeokkupeerde grond bevind binne die munisipaliteit, waarvan die eienaar (of een of ander deur hom behoorlik gemagtigde persoon) na redelik

**Ord. No. 11
van 1926.**

Bevoegdheid
putte, boor-
gate, tenks en
waterbakke
te inspekteer
en hulle te
sluit.

Ord. No. 11
van 1926.

Prowinsiale Koerant aan die raad vergunning mag verleen in enige skut welke die raad gevestig het diere op te neem wat blootstaan aan skut buite die grense van die munisipaliteit kragtens die bepalinge van die Skutte Ordonnansie 1913 en enige wysiging daarvan en mag by soortgelyke kennisgewing sulke vergunning van tyd tot tyd verander, wysig of intrek. Die Administrateur mag van tyd tot tyd regulasies maak, verander of herroep—

- (1) vir die beheer van skutte deur die raad ;
- (2) vir vasstelling en omskrywe van die koste verskuldig deur eienare van geskutte diere ;
- (3) aangaande die voorwaardes waaronder geskutte diere deur die raad mag verkoop word ;
- (4) aangaande die oordrag van eiendom in sulke diere by sulke verkoop ;
- (5) tot reëling van die toegang van polisie tot skutte sonder volmag.

Bevoegdheid
tot toegang.

71. (1) Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in enige wet, sal die raad bevoeg wees self of sy amptenare of bediendes enige eiendom binne die munisipaliteit te betree of binne te gaan, so nodig met geweld, vir die doel enige bevoegdheid tot inspeksie, ondersoek of uitvoering van werk uit te oefen wat aan die raad verleen is kragtens hierdie Ordonnansie of kragtens enige verordening of regulasie van krag binne die munisipaliteit, mits dat behalwe vir die doel van verrigting van enige gesondheidsdiens of vir enige ander doel waarvoor spesiaal voorsiening gemaak is in hierdie Ordonnansie of enige ander wet, van sulke bevoegdheid tot toegang geen gebruik sal gemaak word nie ten opsigte van eiendom wat nie gebruik word nie vir die doel van of in verband met enige bedryf of besigheid en nie geleë is in 'n natuurlike lokasie, behalwe tussen die ure 7 v.m. en 7 n.m. tensy daar of—

(a) redelike grond bestaan vir die vermoede dat enige handeling wat 'n oorlas veroorsaak of 'n oortreding van hierdie Ordonnansie of enige verordening of regulasie in die munisipaliteit van krag uitmaak op sulke eiendom op enige ander uur begaan word ; of

(b) op redelike gronde toegang tot sulke eiendom op enige ander uur noodsaaklik blyk te wees vir die doel te handel met enige geval van besmetlike of aansteeklike siekte of enige uitbreek van brand, weglomp van water of ander onverwagte gebeurtenis, hetsy werklik of veronderstel.

(2) Die geneeskundige gesondheidsamptenaar of enige gesondheidsinspekteur mag wanneer hy enige eiendom betree of binnegaan vir die uitoefening van

(2) Enige persoon wat enige sulke nommer of naam verniel, afbreek of onleesbaar maak, of sonder die vergunning van die raad enige nommer of naam aanbring wat afwyk van die nommer of naam deur die raad aangebring, sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van hoogstens tien pond.

Ord. No. 11
van 1926.

68. Die raad mag kontrakte aangaan vir die doel van enige werk of diens wat hyself kragtens hierdie Ordonnansie of kragtens enige proklamasie daaronder uitgevaardig bevoeg is te onderneem of uit te voer; mits dat die raad die party of partye waarmee hy kontrakteer nie sal vrystel van die toepassing van enige verordeninge of regulasies nie, dog sal inteeendeel beding dat die party of partye waarmee hy kontrakteer binne die munisipaliteit by die uitvoering van die kontrak onderwerp sal wees aan alle verordeninge en regulasies; mits verder dat die Raad by besluit enig van sy amptenare mag magtig namens die Raad kontrakte te teken van sulke aard of beskrywing as sal omskrewe wees in die verordeninge van die Raad.

Bevoegdheid
kontrakte
aan te gaan.

Alle sulke kontrakte wettiglik aangegaan sal vir die raad en vir sy opvolgers geldig en bindend wees, en alle ander partye daartoe, hulle opvolgers, erfgename of wettige verteenwoordigers (na gelang van omstandighede).

69. Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in artikel vier van die Winkelure Ordonnansie, 1923, en enig wysiging daarvan, sal die rade van die munisipaliteite Pretoria, Johannesburg en van enige ander munisipaliteit waarop die Administrateur deur proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* die bepalinge van hierdie artikel toepaslik sal verklaar, bevoeg wees vergunning te verleen aan persone wat in die besit is van 'n lisensie vir enige gebou gelisensieer as 'n teekamer, kafee, koffiekamer, of restaurant, sulke gebou vir die publiek oop te hou tussen sulke ure na die laaste sluitingsuur voorgeskrywe vir enige sulke winkel kragtens die genoemde Ordonnansie en onderwerp aan sulke voorwaardes as die raad dienstig mag ag. Die raad mag sulke ekstra fooi belas vir enige voorreg hieronder verleen as deur verordening mag voorgeskryf word. Enige vergunning verleen kragtens die bepalinge van hierdie artikel mag te eniger tyd verander of ingetrek word.

Middernag-
voorregte
aan restou-
rants, ens.

70. Die raad mag skutte vestig, dog mag in enige skut welke hy gevestig het geen dier opneem nie wat aan skut blootstaan buite die grense van die munisipaliteit kragtens die bepalinge van die Skutte Ordonnansie, 1913 en enige wysiging daarvan, mits dat die Administrateur deur kennisgewing in die

Bevoegdheid
skutte te
vestig.

- Ord. No. 11 van 1926. Bevoegdheid sekere andere publieke plekke permanent te sluit.
- 66.** Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, mag die raad, met die toestemming van die Administrateur, en onderwerp aan sulke voorwaardes as hy mag oplê, permanent hetsy geheel of gedeeltelik enige plein, ope ruimte, tuin, park en ander afgeslote ruimte aan die raad afgestaan kragtens artikel *twee-en-sestig* van hierdie Ordonnansie, sluit, mits dat wat betref die uitoefening van die bevoegdheid hierby aan die raad verleen die bepalinge van subartikels (1) tot en met (6) van die onmiddellik voorafgaande artikel *mutatis mutandis* toepaslik sal wees; mits verder dat, indien die voorwaardes deur die Administrateur opgelê die afsondering insluit van andere gebiede in die plek van dié gesluit, die Administrateur die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes daarvan sal kennis gee; en die Landmeter-generaal sal, na voorsien te wees, so nodig, deur die raad, van 'n kaart opgemaak deur 'n bevoegde landmeter, aantoonende alle besonderhede van die genoemde nuwe gebiede, op die algemene kaart van die stad of dorp of op die kaart van die grond waarop die genoemde gebiede gekies is, na gelang van omstandighede, endosseer dat sulke gebiede, pleine of ope ruimtes, of tuine of parke is, en die Registrateur van Aktes sal daarmee ooreenkomende aantekeninge maak in sy registers en sulke endossemente op die tittelbewyse as mag nodig wees. Daarop sal sulke pleine, ope ruimtes, tuine of parke, na gelang van omstandighede, geag word onteien te wees en afgesonder deur behoorlik gesag as omskrewe in artikel *twee-en-sestig* hiervan en die kontrôle en beheer daarvoor sal by die raad berus.
- Nommer van huise en name gee aan publieke plekke.
- 67.** (1) Die raad mag van tyd tot tyd die huise, geboue, of oprigtings wat geleë is aan alle of enige publieke plekke laat merk met sulke nommers as hy mag dienstig ag, en mag die naam, waaronder enige publieke plek sal bekend staan op 'n in die oog lopende plek van enige huis, gebou, omheining, muur, of plek wat daarop uitkom laat aanbring of verf, en mag verder na diskresie enige sulkenommer of naam verander of wysig, hetsy sulke nommer of naam al of nie bestaan het voor die inwerkingtree van hierdie Ordonnansie, en van enige verandering of wysiging in die naam van enige publieke plek sal onmiddellik deur die raad aan die Landmeter-generaal kennis gegee word, wat die nodige veranderinge op die algemene kaart van die dorp sal maak. Van sulke veranderings of wysigings sal ook terstond deur die raad aan die Posmeester-generaal kennis gegee word.

sluit of te verlê, of enige ander persoon gegrief deur sulke sluiting of verlegging te eniger tyd binne sestig dae as voorsê op die Administrateur skriftelike kennisgewing sal dien van enige beswaar teen sulke sluiting of verlegging, dan sal, tensy sulke beswaar ingetrek word, sulke sluiting of verlegging nie sonder die toestemming van die Administrateur plaas het nie.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 65.

(5) Na diening van enige sulke beswaar mag die Administrateur 'n kommissie van een of meer persone benoem om 'n ondersoek in te stel na die voorgestelde sluiting of verlegging en die beswaar daarteen, en daaroor te rapporteer; en op ontvangs van die rapport van sulke kommissie mag die Administrateur 'n order uitvaardig waarby die voorgestelde sluiting of verlegging nie toegestaan word nie, of dit toe staan met sulke verandering (indien enige) as hy nodig mag ag.

(6) As die sluiting of verlegging deur die Administrateur toegestaan word of as daar geen beswaar teen is nie kragtens subartikel (4) van hierdie artikel en die raad 'n aanvang maak met die uitvoering van sulke sluiting of verlegging, dan sal hy, by voltooiing van die werk, daarvan aan die Administrateur kennis gee, wat, na behoorlike ondersoek of die sluiting of verlegging behoorlik uitgevoer is ooreenkomstig hierdie artikel, die Landmeter-generaal en die Registrateur van Aktes of ander registrasie amptenaar kennis gee dat die sluiting of verlegging behoorlik kragtens hierdie Ordonnansie uitgevoer is en die Landmeter-generaal sal, na deur die raad voorsien te wees van 'n kaart opgemaak deur 'n bevoegde landmeter, aantoonende alle besonderhede van die geslote of verlegde strate sulke wysiging laat aanbring op die algemene kaart van die stad of dorp as nodig is om sulke sluiting of verlegging aan te dui en die Registrateur van Aktes of ander registrasie-amptenaar sal daarop daarmee ooreenkomende aantekenings in sy registers maak.

Sulke voorwaardes en beperkings sal nie toepaslik wees nie in die geval van enige sluiting of verlegging van 'n straat, wat gemagtig is kragtens die bepalings van die Plaaslike Bestuur Weë Ordonnansie 1904 of enig wysiging daarvan.

Die uitdrukking "straat" soas in hierdie artikel gebruik sal insluit 'n straat, weg, deurgang, voetpad, syfad of laan aan die raad afgestaan kragtens artikel twee-en-sestig van hierdie Ordonnansie.

Ord. No. 11
van 1926.

Bevoegdheid
van raad
strate perma-
nent te sluit
of te verlê.

gebruik daarvan mag verhuur of verleen aan enige persoon of liggaam van persone, onderwerp aan enige sulke voorwaardes as die raad mag bepaal.

65. Die raad mag, niesteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, enige straat permanent sluit of verlê, mits dat die raad, by uitoefening van sulke bevoegdheid, onderwerp sal wees aan die volgende voorwaardes en beperkings, dat wil sê:—

(1) Voordat die raad die sluiting of verlegging sal toestaan, sal minstens veertien dae vooraf op 'n vergadering van die raad van die voorneme dit voor te stel, kennis gegee word.

(2) Voordat aan die sluiting of verlegging uitvoering gegee word, sal die raad 'n tekening opmaak wat die aard daarvan aandui, en sal minstens sestig dae voordat daarmee aangevang word aan die Administrateur kennis gee en deur publikasie in die *Prowinsiale Koerant* en in een of meer nuusblade wat in die munisipaliteit sirkuleer, as ook deur 'n voldoende aantal in die oog lopende aankondigings aangebring op of naby die straat wat die raad van plan is te sluit of te verlê; die kennisgewing sal 'n plaas vermeld waar genoemde tekening op alle redelike ure ingesien kan word; die raad sal verder minstens dertig dae voordat sulke sluiting of verlegging plaas het 'n kopie van sulke kennisgewing dien op die eienare of beweerde eienare van alle eiendom wat aan die gedeelte van die straat geleë is wat die raad van plan is te sluit of te verlê, wie sy adres na redelik ondersoek kan uitgevind word.

(3) Enige sulke eienaar, huurder, of bewoner of enige ander persoon wat gegrief is deur sulke sluiting of verlegging sal bevoeg wees binne die tydperk van die voorsegde sestig dae op die raad 'n skriftelike vordering te dien vir kompensasie as 'n gevolg van sulke sluiting of verlegging, en die raad sal aan sulke persoon vergoeding verleen vir enige skade daardeur aan hom veroorsaak, die bedrag van sulke vergoeding sal by gemis van ooreenkoms deur arbitrasie beslis word; mits dat by skatting van die bedrag van vergoeding betaalbaar aan enige persoon hieronder die voordeel of nut deur sulke persoon getrek of getrek te word om rede van sulke sluiting of verlegging in aanmerking geneem sal word.

(4) As enige persoon belanghebbende as eienaar huurder of bewoner in enige eiendom wat aan die straat geleë is, wat die raad van plan is te

terrein sal laat omskrywe en registreer op die wyse as deur wet voorgeskryf; mits verder dat geen aldus afgesonderde terrein sal verkoop, verhuur, of op ander wyse van die hand gesit sal word nie vir enige ander doel as publieke of munisipale geboue of speelgrond doeleindes as voorsê; mits verder dat ten opsigte van enige aldus afgesonderde terrein wat vir 'n tydperk van tien jaar nie sal gebruik word nie vir die oprigting en onderhoud van 'n gebou vir 'n publieke of munisipale doel of vir speelgrond doeleindes as voorsê, die voorsegde toestemming van die Administrateur teruggetrek mag word en daarop sal die Registrateur van Aktes of ander registrasie-amptenaar, op applikasie van die Administrateur, in sy registers aantekening maak van die feit dat sulke toestemming teruggetrek is.

Vir die doeleindes van hierdie artikel sal die uitdrukking "publieke geboue" insluit 'n publieke skoolgebou of 'n losieshuis opgerig uit publieke fondse of andersins en uitsluitend gebruik vir koshuise of onderwys doeleindes in verband met enige publieke skool of skole gevestig en onderhou kragtens die Onderwyswet, 1907 (Transvaal), of enig wysiging daarvan.

(2) Waar 'n terrein op enige plein of gedeelte van 'n plein of op enige ander ope ruimte of gedeelte daarvan deur die raad afgesonder is kragtens die laasvooraangaande subseksie vir 'n skoolkoslosieshuis, sal die Goewernement of die raad (na gelang van omstandighede) onderwerp aan die twee laasgenoemde voorwaardes van die genoemde subartikels, die reg hê die terrein aldus afgesonder oor te dra aan enige persoon of liggaam van persone aanspreeklik vir die inrigting en onderhoud of oprigting van genoemde skoolkoslosieshuis.

64. Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie mag die raad op alle tye, en op sulke kennisgewing as hy dienstig mag ag, en vir enige doel welke ook, tydelik enige plein of ander ope ruimte, tuine, parke en ander ingeslote ruimtes aan die raad afgestaan, sluit, en mag tydelik of permanent, vir enige bepaalde klas van verkeer of tydelik vir alle verkeer, enige straat, weg of deurgang aan die raad afgestaan, sluit, of enige sulke straat, weg of deurgang tydelik verlê, vir die doel om reparasies te verrig, of vir enige ander doel, in die diskresie van die raad; mits dat waar enige sulke sluiting permanent is, die goedkeuring van die Administrateur vooraf verkry moet word en mits verder dat die raad gedurende enige tydelike sluiting van enige publieke plek hieronder die tydelike

Bevoegdheid tot tydelike sluiting van publieke please.

Ord. No. 11
van 1926.

Ord. No. 11
van 1926.

(b) pleine en ander ope ruimtes, tuine, parke, en ander afgesluite ruimtes ;

(c) brugge, duikers en veerponte ;

(d) damme, kanale, reservoirs, waterleidings en watervore ;

wat was of sal afgesonder en toegeëien word deur enige wettige gesag vir die gebruik en genot van die publiek, of waarop die inwoners van die munisipaliteit te eniger tyd 'n gemeen reg sal hê of verkry, en hulle sal op naam van die raad staan in bewaring om hulle oop te hou (behalwe as in hierdie Ordonnansie anders bepaal is), en in goeie staat vir sover as die geldmiddele van die raad dit toelaat, vir die gebruik en genot van die inwoners ; mits dat niks hierin vervat enige van die munisipaliteite waardeur die hoofrifweg loop aanspreeklik sal stel vir sy aanleg of onderhoud nie.

Vir die doeleindes van hierdie artikel—

(i) sal die uitdrukking “afgesonder en toegeëien deur wettige gesag” beteken die deponering op die Kantoor van Aktes of ander registrasiekantoor van enige dorpskaart deur die Landmeter-generaal goedgekeur, waarop sodanig weë, strate, pleine, waarop die publiek 'n gemeenreg van gebruik het, gemerk is ;

(ii) sal die uitdrukking “aan die raad afgestaan” beteken die wettelike afstand aan die raad van 'n servituut vir die doeleindes in hierdie artikel genoem op die aldus afgestane eiendom, dog sal die *dominium* van sulke eiendom nie insluit nie, behalwe wanneer sulke *dominium* deur enige wet uitdruklik op die raad oorgaan.

Bevoegdheid tot oteiening van publieke pleine, ens., vir sekere doeleindes.

63. (1) Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge in hierdie Ordonnansie, mag die raad, met die toestemming van die Administrateur, op enige plein of gedeelte van 'n plein of enige ander ope ruimte of gedeelte daarvan aan die raad afgestaan kragtens die laasvoorafgaande artikel, 'n terrein of terreine afsonder vir die oprigting van publieke of munisipale geboue en/of vir speelgronde in verband met enige publieke skool of skole gevestig en onderhou kragtens die Onderwyswet, 1907 (Transvaal) of enige wysiging daarvan, en sulke geboue laat oprig en onderhou, of vergun dat hulle deur die Regering of Prowinsiale Administrasie opgerig en onderhou word op aldus afgesonderde terreine, en sulke terreine laat omhein of vergun omhein te word ; mits dat die raad of Regering of Prowinsiale Administrasie (na gelang van omstandighede) die *dominium* van sulke terrein of terreine sal besit of verkry en die aldus afgesonderde

(2) Vir die doeleindes van hierdie artikel sal onder die persone wat 'n onwettige betaling maak of daarvoor magtiging verleen opgeneem word alle raadslede of lede van enige komitee van die raad wat aanwesig was op die vergadering van die raad of van die komitee waarop vir sulke betaling magtiging verleen was, en wat hulle stem teen die besluit om vir sulke onwettelike betaling magtiging te verleen, nie in die notule het laat opteken nie.

Ord. No. 11
van 1926.

HOOFSTUK VI.

BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN MUNISIPALE RADE.

DEEL I.—ALGEMENE BEVOEGDHEDE.

61. (1) Onderwerp aan die bepalinge van artikels *twaalf* en *veertien* van die Volksgesondheids Wet 1919, sal die raad van tyd tot tyd 'n stadsklerk en 'n geneeskundige gesondheidsamptenaar benoem, wat 'n persoon sal wees behoorlik geregistreer as 'n geneeskundige kragtens enige wet alsdan in hierdie Provinsie van krag op die registrasie van geneeskundiges, en mag ook sulke ander amptenare aanstel as die raad mag dienstig ag, en mag sulke salarisse en toelae aan enige sulke amptenare betaal as die raad mag bepaal; en tensy anders sal bepaal word in die kontrak met of in die aanstellingsvoorwaardes van 'n amptenaar van die raad, mag die raad sulke amptenaar te eniger tyd ontslaan met vooraf minstens een maand kennisgewing of, in geval van wangedrag, onmiddellik sonder kennisgewing; mits egter dat geen amptenaar wat die betrekking beklee van stadsklerk, stadstesourier, stadsingenieur, of geneeskundige gesondheidsamptenaar uit sy betrekking sal ontslaan word nie tensy en totdat tot sulke ontslag besluit word deur 'n meerderheid van raadslede teenwoordig op 'n spesiaal vir daardie doel belegde vergadering, en mits dat die aantal lede wat in die meerderheid stem gelyk is aan 'n meerderheid van die volle raad, en mits verder dat in die geval van 'n geneeskundige gesondheidsamptenaar die Minister aan die raad kennis gegee het van sy goedkeuring tot sulke ontslag.

Aanstelling
van stads-
klerk en
andere
amptenare.

(2) Niemand mag hieronder benoem word wat 'n lid van die raad is of wat sulk 'n lid was gedurende die voorafgaande ses maande.

62. Die raad sal die kontrôle en beheer hê oor alle—

Strate, pleine,
ens., in besit
van die raad.

(a) weë, strate, deurgange, insluitende trottoirs, voetpade, sypade en lane;

Ord. No. 11 Bevoegdheids
van 1926. van
ouditeurs.

59. Vir die doel van enige oudit kragtens die bepalinge van die laasvooraafgaande artikel, mag die ouditeur getuieenis hoor en afneem en getuie onder ede ondervraag (welke eed die ouditeur hierby gemagtig word af te neem) en, deur oproeping onder sy hand, te vorder dat sulke persone as hy mag goedvind persoonlik voor hom verskyn op 'n tyd en plek in sulke oproeping vermeld te word en alle sulke boeke en dokumente (met inbegrip van die notule van die verrigtings van die raad of van enige komitee van die raad) wat vir sulke oudit nodig mag wees te toon. Enige aldus opgeroepe persoon wat sonder wettige verontskuldiging sal weier in gehoorsaamheid aan sulke oproeping te verskyn of wat, nadat hy verskyn is, sal weier onder ede ondervraag te word, of sulke eed af te lê, of, na sulke eed afgelê te hê, sulke vrae te beantwoord as hom mag gestel word, sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens twintig pond vir iedere sulke handeling of oortreding; mits dat geen veroordeling kragtens hierdie artikel geag sal word die veroordeelde persoon vry te stel van die verpligting die handeling, saak of ding van hom verlang deur hom gedoen of verrig te word, of van latere vervolging, veroordeling en straf vir iedere sulke handeling of oortreding.

Bevoegdheid
van ouditeur
tot surcharge.

60. (1) Die ouditeur of ouditeurs deur die Administrateur aangestel sal elke betaling wraak wat sonder behoorlike wettelike magtiging gedoen is en daarmee die persoon of persone debiteer wat die onwettige betaling gedoen of daartoe magtiging verleen het, en sal teen 'n ieder wat daarvoor verantwoordelik is die bedrag opbring van elke tekort of verlies deur agteloosheid of wangedrag van sulke persoon of persone veroorsaak, of van alle gelde wat deur sulke persoon of persone had moet verantwoord word, en sal in elke geval die bedrag deur sulke persoon verskuldig sertifiseer. Elke som aldus deur die ouditeur gesertifiseer sal binne veertien dae na aldus gesertifiseer te wees deur sulke persoon of persone betaal word aan die stadsklerk of ander amptenaar deur die raad aangestel, en kan, indien nie aldus betaal nie, van sulke persoon of persone ingevorder word as 'n skuld deur die ouditeur, aan wie deur die raad sulke redelike onkoste, gemaak in verband met sulke stappe, betaal sal word. Elke som op die wyse ingevorder sal aan die stadsklerk of ander amptenaar deur die raad aangestel om inkomste aan die raad betaalbaar in ontvangs te neem en daarvoor kwitansie te gee, betaal word; met die verstande dat die Administrateur die somme teen iemand opgebring geheel of gedeeltelik mag kwytskeld.

(2) As geen persoon of persone anders as die benoem kragtens die bepalings van hierdie artikel tot ouditeurs van die rekenings van die raad benoem word kragtens die bepalings van artikel *honderd vyf-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie, sal die raad binne drie maande na die datum waarop die ouditeur benoem kragtens hierdie artikel die rekenings van die raad vir enige finansiële jaar teken, aan die Administrateur sulke som betaal as die Administrateur van tyd tot tyd mag vasstel, wat nie meer sal wees nie as 1 persent van die totale uitgawe van die raad wat verantwoord en gesertifiseer is deur sulke ouditeur vir die finansiële jaar, mits dat sulke som in geen geval minder as vyf pond sal wees nie, en mits verder dat waar vir die doel van 'n noukeurige oudit die rekenings van enige munisipaliteit moet bygewerk, vereffen of gebalanseer word deur die ouditeur wat die verifikasie verrig, 'n na verhouding hoër fooi, soas die Administrateur sal vasstel, bereken en betaal sal word.

**Ord. No. 11
van 1926.**

Art. 58.

(3) Waar enige koste deur die raad aan die Administrateur betaalbaar is kragtens hierdie artikel, sal dit die plig van sulke ouditeur wees minstens eenmaal in elke finansiële jaar te sertifiseer of al of nie—

- (a) die rekenings van die raad in orde is ;
- (b) afsonderlike rekenings van alle bedryfs-ondernemings (as daar is) aangehou is ;
- (c) die uitgemaakte rekenings 'n ware en juiste denkbeeld gee van die finansiële posiesie van die raad, van sy transaksies, en van die resultate van sy bedryf (as daar is) ;
- (d) behoorlike voorsiening gemaak is vir die aflossing en terugbetaling van enige gelde deur die raad geleen, hetsy in die vorm van munisipale pandbriewe, wissels, of andersins ;
- (e) die bedrae afgesonder vir waardevermindering en veroudering van werktuie en gereedskappe toereikend is ;
- (f) die waarde van die besittings van die munisipaliteit billik opgegee is ;
- (g) al sy of hulle voorskrifte en aanbevelings (as ouditeur of ouditeurs) opgevolg en uitgevoer is.

(4) Die stadsklerk sal verplig wees onmiddellik op ontvangs van die prowinsiale sekretaris van die rekenings van die raad en die oudit inspeksie rapport of rapporte daarvoor of afskrifte daarvan hulle by die burgemeester en/of voorsitter van die finansiële komitee in te dien en hulle daarna op sy eersvolgende vergadering aan die raad voor te lê.

**Ord. No. 11
van 1926.**

bepalings van artikels *een-en-vyftig* of *twee-en-vyftig* hiervan en sulke regulasies vir goedkeuring by die Administrateur indien, wat hulle met of sonder verandering mag goedkeur en sulke regulasies sal, wanneer goedgekeur, in die *Prowinsiale Koerant* gepubliseer word; mits egter dat as die raad sal versuim sulke regulasies op te trek en die vir goedkeuring deur die Administrateur in te dien binne 'n tydperk van twaalf maande van die datum waarop die Administrateur van die raad sal vorder die regulasies kragtens hierdie artikel op te trek, sulke regulasies deur die Administrateur gemaak mag word.

(2) Die raad sal jaarliks uit sy inkomste sulke somme afsonder vir waardevermindering as nodig is kragtens regulasies ingevolge hierdie artikel gemaak.

(3) Die stadstesourier sal verplig wees onmiddellik registers aan te lê van al die roerende bate en werktuie en gereedskappe van die raad.

DEEL II.—REKENINGS EN OUDIT.

Rekenings
gehou te
word.

55. Die raad sal sorgdra dat behoorlike boeke verstrekk en daarin ware en gereelde verantwoordings gehou word van alle somme ontvang en betaal op rekening van en vir die raad, en van die onderskeie doeleindes waarvoor sulke somme geld ontvang en betaal is.

Finansiële
jaar.

56. Die rekenings van die raad sal opgemaak en 'n uittreksel daarvan minstens een maal in iedere finansiële jaar gepubliseer word, en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie sal die finansiële jaar die twaalf maande wees wat eindig op en insluitende die dertigste dag van Junie in elke en iedere kalenderjaar.

Raad jaar-
likse
begroting op
te maak.

57. Minstens veertiën dae voor die afloop van enige finansiële jaar sal die finansiële komitee 'n begroting in besonderhede opmaak en op 'n gewone of spesiale vergadering van die raad indien, van die inkomste en uitgawe van die raad vir die aanstaande finansiële jaar. 'n Afskrif van sulke staat sal in die notule van die raad opgeneem word.

Administra-
teur, inspek-
teurs en
ouditeurs te
benoem.

58. (1) Die Administrateur sal een of meer persone wat staatsamptenare is benoem om van tyd tot tyd die rekenings en aantekeninge van die raad na te gaan en die raad sal, deur die stadsklerk of ander deur die raad gemagtigde amptenaar aan die aldus aangestelde persoon of persone alle boeke en rekenings van die munisipaliteit met alle betaalbewyse tot staving daarvan en alle boeke, dokumente en geskryfte in sy besit wat daarop betrekking het voorlê.

applikasie van die persoon aan wie sulke terugbetaling verskuldig is of van sy gevolmagtigde verteenwoordiger.

Ord. No. 11
van 1926.

(7) Die hof kan op sulke applikasie behalwe enige order wat die hof bevoeg is kragtens subartikel (5) e maak, as hy dit dienstig ag, gelas dat 'n eiendom waardeur die lening gedek is verkoop moet word, onderwerp egter aan die bepalings van enige wet wat betrekking het op die vervreemding van enige gronde kragtens sulke wet in die raad gevestig.

(8) Nieteenstaande teenoorgestelde bepalinge vervat in subartikel (17) van artikel *een-en-vyftig* van Ordonnansie No. 3 van 1903, sal die sekuriteit vir wissels uitgegee kragtens die bepalings van daardie Ordonnansie, die sekuriteit wees deur subartikel (2) van hierdie artikel bepaal.

(9) Nieteenstaande enigiets in hierdie artikel vervat, sal Ordonnansie No. 3 van 1903 [soas gewysig deur Ordonnansies No. 23 van 1903 en No. 1 (Privaat) van 1904] of enige verdere wysiging van die Ordonnansie, van toepassing bly op die munisipaliteit Johannesburg, en dit sal aan die raad van daardie munisipaliteit nie geoorloof wees nie geld te leen deur middel van pandbriewe of wissels behalwe op die wyse as deur daardie Ordonnansie voorgeskrywe.

52. Die raad mag van enige bank by wyse van Oortrekkings. oortrekking voorskotte verkry in sulke bedrae en op sulke voorwaardes as die Administrateur mag goedkeur; en die bepalings van die laasvooraangaande artikel omtrent die waarborg vir sulke voorskotte en vir die invordering daarvan sal in alle opsigte toepaslik wees as of sulke voorskotte lenings was gesluit kragtens die laasvooraangaande artikel.

53. Behalwe wanneer enige lening of voorskot by Onwettig leen. wyse van oortrekking gemagtig is as voorsê, sal geen persoon of bank wat aan 'n raad geld leen enige middel of reg hoegenaamd hê om sulke lening of voorskot van die raad terug te vorder. Indien 'n raad enige geld leen wat hy wettiglik nie verplig is terug te betaal nie, sal alle lede wat deelgeneem het aan die verlening van die magtiging vir die lening van sulke geld gesaamlik en afsonderlik aanspreeklik wees vir die terugbetaling van die som en alle rente daarop, en dit mag van hulle deur geregtelike vervolging in 'n bevoegde hof ingevorder word.

54. (1) Die raad sal verplig wees regulasies op te Regulasies op waardevermindering. rek voorsiening makende vir die jaarlikse afsondering deur die raad van toereikende bedrae tot dekking van die waardevermindering van werke en werktuie aangekoop uit enige lenings opgeneem kragtens die

Ord. No. 11 Leningsbe-
van 1926. voegdhede.

51. (1) Die raad mag met 'n meerderheid van die lede teenwoordig op 'n vergadering spesiaal vir daardie doel belê (mits dat die aantal lede wat in die meerderheid stem gelyk is aan 'n meerderheid van die volle raad) van tyd tot tyd lenings aangaan tot sulke bedrae en op sulke voorwaardes as deur die Administrateur, onderwerp aan die bepalings van hierdie Ordonnansie, goedgekeur mag word.

(2) Sulke lening sal gedek wees deur en sonder onderskeid belas word op alle gronde, huurgelde, eiendom, en inkomste van die raad, met inbegrip van enige gronde wat spesiaal tot beskikking van die raad geplaas mag word kragtens die bepalings van enige wet en met inbegrip van alle belastings wat die raad kragtens die bepalings van enige wet aldan van krag, mag oplê; mits dat hierdie artikel nie geag sal word aan die raad enige bevoegdheid toe te ken nie om sulke grond te vervreem op ander wyse as deur sulke wet verleen is.

(3) Waar enige sulke lening aangegaan word deur uitgifte van effekte, sal die bepalings van Ordonnansie No. 3 van 1903 met uitsondering van artikel *een-en-vyftig* daarvan, *mutatis mutandis* toepaslik wees.

(4) As te eniger tyd enige rente verskuldig op enige lening (anders as effekte) vir neëntig dae onbetaal bly nadat 'n eis daarvoor skriftelik by die stadsklerk ingedien is deur die persoon wat daarop reg het of deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, dan mag deur sulke persoon of sy verteenwoordiger in enige bevoegde hof applikasie gemaak word vir die aanstelling van 'n ontvanger van die eiendom en inkomste waarop die lening aangegaan is.

(5) Na hoor van sulke applikasie mag die hof sulk 'n order maak en sulke voorskrifte gee as onder die omstandighede dienstig mag blyk vir die verkryging en betaling van die verskuldigde gelde. In die besonder mag die hof gelas dat 'n belasting of belastings van sulke bedrag of bedrae as die hof mag bepaal, gehef mag word van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit, en enige belasting aldus gelas gehef te word sal gelykgeregterig wees met enige belasting deur die raad opgelê, en mag op dieselfde wyse ingevorder word, en die opbrings daarvan sal in die hof betaal word of andersins na gelang die hof sal bepaal.

(6) As te eniger tyd die terugbetaling van sulke lening of van enige termyn daarvan agterweë bly na verloop van 'n tydperk van dertig dae van die datum waarop sulke lening of termynbetaling verskuldig is, dan mag dieselfde geregtelike stappe geneem word op

sulke bewoner sal 'n geldige en voldoende kwytskelding wees vir die bedrag aldus betaal of ingevorder as betaling van huur of ander bedrag.

(3) Die Raad mag rente belas en invorder op agterstallige koste vir sanitêre dienste teen 'n skaal van hoogstens 7 persent per jaar.

49. Geen transport van enige eiendom binne 'n munisipaliteit sal deur enige registrasieamptenaar gepasseer of geregistreer word nie totdat 'n skriftelike verklaring in die vorm vermeld in die Vierde Bylae van hierdie Ordonnansie en geteken en gesertifiseer deur die stadsklerk of ander amptenaar daartoe deur die raad gemagtig, aan sulke registrasieamptenaar sal getoon word, nog tensy sulke verklaring aantoon—

Betaling van belasting, fooi en ander koste voor transport van eiendom.

(a) dat alle koste vir 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van applikasie vir transport verskuldig ten opsigte van sulke eiendom aan gesondheidsdienste en wettiglik bereken kragtens hierdie Ordonnansie of enige verordening of regulasie; en

(b) dat alle koste (as daar is) vir 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voorafgaande aan die datum van applikasie vir transport verskuldig ten opsigte van sulke eiendom aan belasting opgelê kragtens die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan, of aan erfbelasting;

(c) dat alle somme (as daar is) verskuldig aan enige onkoste gemaak of voorskotte verleen deur die raad kragtens subartikel (4) van artikel *een-en-tagtig* subartikels (3) en (4) van artikel *drie-en-tagtig* subartikel (10) van artikel *honderd ses-en-vyftig*, en subartikel (1) van artikel *honderd sewen-en-sestig* van hierdie Ordonnansie of kragtens Deel III van die Johannesburg Munisipale Ordonnansie 1905;

aan die raad betaal is.

Die stadsklerk of ander deur die raad gemagtigde amptenaar word hierby opgedra die genoemde verklaring op versoek af te gee aan die eienaar van die eiendom of sy prokureur of agent teen betaling deur hom van 'n fooi by besluit van die raad vasgestel te word, welke fooi nie meer as twee sielings en ses pennies sal bedra nie vir elke sulke verklaring.

50. Die boeke en registers van die raad en enige uittreksels daarvan gesertifiseer deur die stadsklerk, of ander daartoe deur die raad gemagtigde amptenaar, sal by enige regsdinge vir die invordering van gelde vir gesondheidsdienste of koste vir die lewering van gas, water, of elektrisiteit, of vir enige andere munisipale diens *prima facie* bewys wees van die bedrae daarvoor verskuldig.

Boeke van raad *prima facie* bewys te wees van verskuldigde somme.

Ord. No. 11
van 1926.

HOOFTSTUK V.

FINANSIEEL.

DEEL I.—INKOMSTE EN LENINGSBEVOEGDHEDE.

- Inkomste van raad.** 47. Die inkomste van die raad sal bestaan uit—
- (a) alle belastings deur die raad gehef ;
 - (b) alle boetes deur 'n bevoegde hof opgelê en verbeurde borgstellings vir die oortreding van verordeninge, regulasies, of die bepalinge van hierdie Ordonnansie ;
 - (c) alle fooie en belastings opgelê deur die raad en alle lisensiegelde vir lisensies deur die raad uitgereik en alle markgelde, tolgelde, huurgelde, skutfooie, en belastings op honde welke die raad mag vorder of hef ;
 - (d) alle koste deur die raad gemaak vir die lewering van elektrisiteit, gas, water, tremweg, bus en gesondheidsdienste, en tewens alle koste of profyte wat voortvloei uit enige bedryf, diens of onderneming deur die raad gedryf kragtens enige aan hom toegekende bevoegdhede ;
 - (e) alle andere fooie, gelde of koste invorderbaar deur die raad of waarop die raad reg het kragtens hierdie Ordonnansie of enige ander wet.
- Invordering van gesondheidsbelastinge.** 48. (1) Alle gelde verskuldig vir gesondheidsdienste sal invorderbaar wees van die eienaar en bewoner gesaamlik en afsonderlik van die eiendom waarvoor die dienste verleen was, mits dat die eienaar by gemis aan enige ooreenkoms daarmee in stryd, geregtig sal wees van die bewoner wat dan die genoemde eiendom bewoon enige sulke koste deur hom betaal weens die okkupasie deur sulke bewoner terug te vorder.
- (2) As enige koste verskuldig ten opsigte van enige eiendom aan gesondheidsdienste onbetaal bly vir 'n tydperk van ses weke na die datum waarop deur die raad skriftelik kennis gegee is aan die eienaar of bewoner van sy skuld, mag die raad op enige tyd binne twaalf maande na sulke datum gesaamlik en afsonderlik teen die dan eienaar en bewoner van sulke eiendom 'n vordering instel vir die bedrag van sulke koste of enige deel daarvan en mag die koste van sulke eienaar of bewoner invorder ; mits dat elke sulke bewoner die reg sal hê van enige huurgelde of ander bedrag deur hom aan die eienaar van die eiendom betaalbaar enige gedeelte van sulke koste af te trek deur hom betaal of van hom ingevorder kragtens hierdie subartikel wat die eienaar nie wettiglik van hom kon verlang het te betaal nie, en die vertoning van die kwitansies vir sulke gedeelte van sulke koste aldus betaal deur of ingevorder van

beloning van welke aard ook eis of aanneem anders as sy wettige salaris, loon en toelae, dan sal hy daarna onbevoeg wees om enige betrekking of amp kragtens hierdie Ordonnansie te beklee of te bly beklee en sal blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond. Enige profyte, fooi of beloning wat aan so'n amptenaar of bediende toegekome het of mag toekom tengevolge van sulke koop, kontrak of ooreenkoms, mag deur die raad voor enige bevoegde hof ingevorder word.

Ord. No. 11
van 1926.

(2) Niks in hierdie artikel sal toepaslik wees nie op enige kontrak vir die lewering deur die raad van enigiets of die verrigting deur hom van enige diens teen die gewone gepubliseerde koste vir sulke lewering of diens, nog op die aankoop van eiendom of goedere deur die raad by publieke veiling van die hand gesit, nog op enige aankoop of verhuur van grond en/of geboue, nog op die oprigting van 'n woonhuis of die verlening van 'n voorskot in geld vir die doel 'n woonhuis op te rig onder en kragtens die Woningwet 1920, of artikel *neën-en-sewentig* (28) van hierdie Ordonnansie, mits dat die voorwaardes van sulke aankoop, verhuur, oprigting, of voorskot onderwerp sal wees aan die goedkeuring van die Administrateur.

46. Geen saak of ding verrig of nie verrig nie, en geen kontrak aangegaan deur die raad, en geen saak of ding verrig of nie verrig nie deur enige raadslid of amptenaar of bediende van die raad of ander persoon, wat op aanwysing van die raad handel sal, as die saak of ding verrig of nie verrig was nie of die kontrak te goeder trou was aangegaan vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie of van enige verordening of regulasie van krag in die munisipaliteit, so 'n persoon persoonlik aanspreeklik maak vir enige handeling, skuld, vordering, eis, of aanmaning van welke aard ook; en enige onkoste deur die raad of so 'n persoon as voorsê bevoeg sal deur die raad uit sy inkomste betaal word; mits dat niks in hierdie artikel so 'n raadslid, amptenaar, of bediende of ander persoon as voorsê sal vrystel van die aanspreeklikheid om gedebiteer te word met die bedrag van enige betaling wat nie mag erken word nie deur die ouditeur benoem deur die Administrateur kragtens artikel *ag-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie in die rekenings van die raad en waartoe sulke raadslid magtiging gegee het of dit saam met andere gemagtig het.

Vrystelling
van bediendes
en lede van
die raad van
persoonlike
aanspreeklik-
heid.

**Ord. No. 11
van 1926.**

Diskwalifika-
sie waar
setel opgegee
is.

43. Enig raadslid wat sy setel moet opgee kragtens enige van die bepalings van hierdie hoofstuk, sal vir 'n tydperk van drie jare daarna nie kan verkies word nie as raadslid vir enige munisipaliteit, of die amp te beklee van vrederegter, of sitting te neem op enig waarderings- of lisensiehof.

Straf vir lede
en amptenare
wat hulle laat
omkoop en
vir persone
wat trag lede
en amptenare
om te koop.

44. (1) Enige raadslid of enige amptenaar, of bediende van die raad of enige persoon wat ten behoeve van die raad enige wettelike bevoegdheid of plig uitoefen, wat, hetsy vir homself of vir enige ander persoon wederregtelik vra of ontvang of ooreenkom enige fooi, guns of beloning (hetsy geldelik of andersins) aan te neem as 'n aansporing tot of as vergoeding vir of andersins om iets te doen of na te laat iets te doen in verband met enige saak welke ook of transaksie (werklik of voorgestel) waarby die raad betrokke is, sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyfhonderd pond of aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar en bowendien, in die geval van enige sulke amptenaar of bediende aan ontslag uit sy betrekking, en aan verlies van alle aanspraak op kompensasie of pensioen waarop hy anders geregtig sou gewees het, en in die geval van 'n raadslid, sal hy *ipso facto* onbevoeg wees om raadslid te bly of verkies of benoem te word tot enige publieke amp vir 'n tydperk van sewe jare van die datum van sulke skuldigverklaring.

(2) Enige persoon wat direk of indirek aan 'n raadslid of aan enige amptenaar of bediende van die raad of aan enige persoon wat ten behoeve van die raad enige bevoegdheid of plig deur 'n wet opgelê of gegee uitoefen, enige fooi, voordeel of beloning gee of aanbied of beloof, hetsy tot voordeel van sulke raadslid, amptenaar of bediende, of van iemand anders as 'n aansporing of as vergoeding of andersins dat deur sulke raadslid, amptenaar of bediende iets gedoen word of nagelaat word iets te doen in verband met enige saak of handeling (werklik of voorgestel) waarby die raad betrokke is, sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van hoogstens seshonderd pond of aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens sewe jaar of aan albei sulke boete en gevangenisstraf.

Geen ampte-
naar of
bediende
van raad
belang te hê
by enige koop
of kontrak
van die raad.

45. (1) Geen amptenaar of bediende van die raad sal op enigerlei wyse betrokke wees by of belang hê in enige koop, kontrak, of ooreenkoms van welke aard ook aangegaan deur of met die raad. As so'n amptenaar of bediende aldus betrokke is of belang het of, deur gebruik te maak van sy betrekking of werkkring, enige belofte, fooi, of

van hierdie artikel voldoen is en aan die Administrateur kennis te gee van enige gevalle waarin hom voorkom dat enige versuim om aan sulke bepalings te voldoen, begaan is.

Ord. No. 11
van 1926.

41. (1) Geen raadslid sal in of voor die raad of enige komitee daarvan teenwoordig wees nie by of deelneem aan die bespreking van of stem oor enige onteiening of aankoop van grond deur die raad, vordering, aansoek om lisensie, reëling, besigheidstransaksie, onderhandeling, plan van gebou, skema, saak of regsgedinge waarby hy, sy vrou, sy vennoot, of enige persoon by wie hy of sy vennoot in diens is, of wie se prokureur of agent hy of sy vennoot is, direk of indirek enige geldelike belang het.

Raadslid
nie te spreek
of te stem nie
in gevalle
waarby hy of
sy vennoot
geldelik
belang het.

Enige raadslid wat die bepalings van hierdie subartikel oortree sal by skuldigbevinding blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, en die hof waarvoor hy veroordeel is mag gelas dat hy sy setel sal opgee, en sy setel sal daarop vakant word; mits dat die hof geen sodanige order sal uitvaardig nie indien bewys word dat sulke oortreding voortgespruit is uit 'n vergissing of onagsaamheid en nie is toe te skrywe aan gebrek aan goeie trou nie.

(2) Nieteenstaande enigiets in hierdie Ordonnansie vervat sal geen raadslid belet word nie te stem oor of deel te neem aan bespreking in of voor die raad of enige komitee daarvan van

- (i) enige skema vir die oplegging van spesiale belastings; of
- (ii) die tarief van koste vir, of die regulasies en voorwaardes in die algemeen toepaslik op die lewering deur die raad van enige ding, of die verlening deur die raad van enige diens hetsy in die gehele munisipaliteit of enige gedeelte daarvan.

42. 'n Raadslid sal nie persoonlik of deur sy vennoot of bediende optree as agent of verteenwoordiger van iemand anders nie—

Raadslid nie
op te tree nie
as agent voor
hof of
komitee deur
raad aan-
gestel.

- (a) voor enige waarderingshof deur die raad benoem kragtens die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan; of
- (b) voor enige ander hof of komitee deur die raad benoem vir die behandeling van die aanslaan in die belasting van eiendom by wyse van spesiale belasting of andersins; of
- (c) voor enige komitee van die raad benoem applikasies vir enige lisensie of sertifikaat te oorweeg of te behandel welke die raad bevoeg is te verleen of uit te reik.

Enige raadslid wat hierdie artikel oortree sal by skuldigbevinding sy setel opgee en blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond.

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 40.

notule van die raadsvergadering waarop dit gedoen is deur die raadslid of deur die stadsclerk gerapporteer, mits egter dat dit nie sal nodig wees dat enige sodanige kennisgewing gedien word nie

(a) deur enige raadslid ten opsigte van enige kontrak of onderneming waarvoor die raad uitdruklik magtiging mag verleen om met sulke raadslid aangegaan te word in sy eie naam; of

(b) deur enige raadslid wat na sy laaste verkiesing as raadslid skriftelik aan die stadsclerk kennis gegee het dat hy enige belang het in enige firma of vennootskap, met betrekking tot enige kontrak of onderneming wat die raad uitdruklik mag magtig met sulke firma of vennootskap aan te gaan.

(4) Enige raadslid wat hierdie artikel oortree deur te versuim van sy belang in enige kontrak of onderneming met die raad of onderkontrak of latere onderneming soas hierby vereis word, kennis te gee, sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond en by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande en die hof waarvoor hy veroordeel word mag gelas dat hy teenoor die raad verantwoording aflê van enige profyte wat aan hom mag toekom ten opsigte van sulke kontrak of onderneming, en dat hy sy setel sal opgee en sy setel sal daarop vakant word; mits egter dat die hof geen sulke order sal uitvaardig nie indien bewys word dat die versuim van enige raadslid om sulke kennisgewing te dien toe te skrywe was aan siekte, afwesigheid uit die munisipaliteit, vergissing, agteloesheid of een of ander sodanige oorsaak en nie te wyte was aan enige gemis van goedertrou nie.

(5) Die stadstesourier of as daar geen stadstesourier is nie, die stadsclerk, sal verplig wees iedere maand volgens die beste informasie wat hy in staat is te verkry 'n staat op te maak aantoonende alle kontrakte of onderneminge deur die raad aangegaan of gemagtig gedurende die voorafgaande maand waarby enige raadslid belang het anders as 'n aandeelhouer in 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid en die name van die raadslede wat daarby aldus belang het, en sulke staat op die eerste vergadering gehou nadat die staat opgemaak is aan die raad voor te lê, en sulke staat sal in die notule van sulke vergadering opgeneem word.

(6) Die ouditeur van die rekenings van die raad deur die Administrateur benoem sal verplig wees van tyd tot tyd die aantekeninge van die raad na te gaan met die doel sig te oortuig of aan die bepalings

tyd aantekeninge van die raad na te gaan met die doel sig te oortuig of aan die bepalings van hierdie artikel voldoen is, en aan die Administrateur enige gevalle te rapporteer waarin hom blyk dat daar enige versuim gewees het om aan sulke bepalings te voldoen.

Ord. No. 11
van 1926.

40. (1) Die bepalings van hierdie artikel sal van toepassing wees op elkeen van die rade ingestel of hierna ingestel kragtens hierdie Ordonnansie waarop die bepalings van die laasvooraangaande artikel nie van toepassing gemaak is nie.

Raadslede
wat
kontrakteer.

(2) Behalwe soas bepaal is in artikel *ag-entertig* van hierdie Ordonnansie en in artikel *ses* van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 (soas gewysig deur artikel *een* van Ordonnansie No. 13 van 1925) en artikel *honderd vyf-en-twintig* hiervan, sal aan geen raadslid verbied wees, omrede van sy amp, om met die raad kontrakte aan te gaan nie, hetsy as verkoper, koper of andersins, nog sal enige kontrak of onderneming aangegaan deur of namens die raad of enige onderkontrak of later onderneming in verband met enige sulke kontrak waarby enige raadslid op enigerlei wyse direk of indirek betrokke is om daardie redes vermy of onaanneembaar geag word, nog sal enige raadslid wat op die wyse kontrakteer of aldus daarin belang het nie aansprakelik wees nie, behalwe in die hierna genoemde geval om teenoor die raad verantwoording af te lê vir enige profyt gemaak op sulk 'n kontrak of onderneming omdat sulke raadslid sy amp bekleed of om rede van die fidusiëre verwantskap wat daardeur ontstaan is.

(3) Waar enige raadslid anders as aandeelhouer in 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid belang het in enige kontrak of onderneming met die raad of onderkontrak of later onderneming in verband met sulke kontrak of onderneming wat volgens die bepalings daarvan die uitgawe of ontvangs daarvan deur die raad van honderd pond of meer met sig bring, dan sal so'n raadslid verplig wees voor of op die vergadering van die raad waarop sulk 'n kontrak gesluit of onderneming aangegaan of goedgekeur word, as sy belang daarin dan bestaan of as sy belang daarin later verkry word, binne 'n redelike tyd en in elke geval nie later as een maand na verkryging van sulke belang nie, daarvan aan die raad kennis gee en as daarvan geen kennis gegee is op 'n vergadering van die raad nie, dan kan daarvan per brief gerig aan die stadsklerk kennis gegee word, wat deur hom op die eerste vergadering gehou na ontvangs van sulke brief gerapporteer sal word en enige sulke kennisgewing sal opgeneem word in die

Ord. No. 11
van 1926.

(2) Enig raadslid wat hierdie artikel oortree sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, en die hof waarvoor hy veroordeel word mag gelas dat hy aan die raad die bedrag sal terugbetaal van enige fooie deur hom ontvang deurdat hy gehandel het as voorsê en dat hy sy setel sal opgee, en daarop sal sy setel vakant word.

Bepalings
aangaande
raadslede wat
belang het by
kontrakte
met die raad.

39. (1) Die bepalings van hierdie artikel sal toepaslik wees op die rade van die munisipaliteite genoem in die derde bylae van hierdie Ordonnansie en op sulke ander rade waarop die Administrateur van tyd tot tyd die genoemde bepalings mag toepas deur Proklamasie in die *Prowinsiale Koerant*.

(2) Geen raadslid sal of vir hom self of namens sy vrou of namens 'n deelgenootskap waarin hy of sy vrou belang het met die raad kontrakteer vir die uitvoering deur die raad of sulke raadslid of vennootskap van enige werk of as verkoper, koper, of andersins, en enige kontrak of onderneming aangegaan deur of ten behoeve van die raad waarby 'n raadslid op enigerlei wyse direk of indirek betrokke is sal van nul en geen waarde wees nie, en enige onderkontrak of later onderneming aangegaan deur enig raadslid of waarby hy op enigerlei wyse direk of indirek betrokke is ten opsigte van werk verrig te word of goedere gelewer te word of eiendom getranspoteer te word kragtens enige kontrak aangegaan deur die raad sal ook van nul en geen waarde wees nie; mits dat geen kontrak of onderneming sal vermy of op sy gesit word nie kragtens die bepalings van hierdie subartikel waar 'n raadslid slegs by sulke kontrak of onderneming belang het as aandeelhouer in 'n maatskappy wat 'n aandeelkapitaal het of waar die kontrak is vir die lewering deur die raad van enigiets of die verlening deur hom van enige diens teen die gewone gepubliseerde koste vir sulke lewering of diens of waar 'n raadslid grond of goedere koop wat die raad by publieke veiling van die hand sit.

(3) Enige raadslid wat hierdie artikel oortree sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig pond, en by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens drie maande. Die hof waarvoor hy veroordeel word mag gelas dat hy aan die raad verantwoord word sal aflê van enige profyte welke aan hom mag toekom ten opsigte van sulke kontrak of onderneming en dat hy sy setel sal opgee, en sy setel sal daarop vakant word.

(4) Die ouditeur van rekenings deur die Administrateur benoem kragtens artikel *ag-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie sal verplig wees van tyd tot

(2) Ieder kontrak en alle bekentenisse en dokumente wat die raad wettiglik bevoeg is aan te gaan en uit te voer sal geag word behoortlik gesluit en aangegaan te wees deur of namens die raad indien geteken deur die burgemeester of plaasvervangende burgemeester van die munisipaliteit of deur een of meer raadslede of deur die stadsklerk, daartoe by besluit van die raad gemagtig.

Ord. No. 11
van 1926.

37. Alle verrigtings van die raad of van enige persoon wat optree as burgemeester, plaasvervangende burgemeester, raadslid of stadsklerk (na gelang van omstandighede) sal, niesteenstaande dat ontdek word dat daar enige onreëlmatigheid was by die verkiesing of aanstelling van die persoon wat aldus optree of dat hy gediskwalifiseer was, ewe geldig en afdoende wees as of die persoon behoortlik verkies of aangestel en gekwalifiseer was.

Geldigheid van verrigtings van die raad niesteenstaande sekere onreëlmatighede by verkiesing of aanstelling.

HOOFSTUK IV.

GEDRAG VAN LEDE EN BEDIENDES VAN MUNISIPALE RADE.

38. (1) Geen raadslid of sy vennoot of sy werkgewer of bediende sal vir 'n beloning optree as 'n advokaat, prokureur, notaris, transport- of verbanduitmaker of wetsagent hetsy namens of teë die raad, en geen raadslid of sy vennoot of sy werkgewer of bediende sal vir die raad teen beloning optree as geneeskundige, veearts, argitek, ingenieur, landmeter, boekhouer, afslaer, skatter of in enige ander professionele hoedanigheid; mits dat niks in hierdie artikel toepaslik sal wees nie op die betaling aan enige geneeskundige van sulke fooi as voorgeskrywe is deur wet, of verordening of regulasie vir die afgifte aan die raad van 'n sertifikaat van aangifte van enige geval van besmetlike siekte, en mits verder dat 'n geneeskundige vir die raad mag optree, indien daartoe aangesoek deur 'n meerderheid van twee-derde van die raad en met die toestemming van die Administrateur en mits verder, dat in die geval van enige reëling wat bestaan by die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie waaronder enig werkgewer van 'n raadslid in 'n professionele kapasiteit vir die Raad optree, sodanige reëling mag bly bestaan, niesteenstaande enigiets daarmee in stryd in hierdie artikel, tot afloop van die tydperk waarvoor sulke raadslid verkies was kragtens enige wet deur hierdie Ordonnansie herroep of kragtens die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en enig amendement daarop.

Raadslede, hulle vennote werkgewers of bediendes verbied te handel voor of teen raad in professionele hoedanigheid teen beloning.

**Ord. No. 11
van 1926.**

as daar nie so'n nuusblad bestaan nie, dan deur aanplakking buite op die hoofdeur van die munisipale kantore en op twee of meer andere in die ooplopende plekke binne die munisipaliteit, van 'n kennisgewing vermeldende die strekking van sulke kontrak en enig persoon wat bereid is dit te onderneem uitnodigende vir dié doel voorstelle by die raad in te dien.

(2) Die raad sal sulke voorstelle nie oorweeg nie of die kontrak sluit totdat volledige en soortgelyke besonderhede verstrekkend is aan ieder persoon wat daarvoor by die raad applikasie maak binne drie dae nadat die genoemde kennisgewing vir die eerste maal gepubliseer of aangeplak was. Sulke besonderhede sal deur die raad aan die applikante verstrekkend word binne tien dae nadat die kennisgewing vir die eerste maal gepubliseer of aangeplak was.

(3) Die raad of die komitee daarvan behoorlik deur die raad gemagtig, sal, met inagneming van alle omstandighede, die voorstel aanneem wat hom die voordeligste voorkom, en mag waarborg vorder vir die behoorlike en getroue nakoming van ieder sulke kontrak of die raad mag weier enige voorstel aan te neem.

(4) Waar sulke kontrakte aangegaan word ter waarde of bedrag van honderd pond of meer sonder vir publieke tender aangebied te wees, sal die redes daarvoor deur die finansiële komitee vermeld word in 'n rapport aan die raad voorgelees te word voordat die besluit om sulke kontrak aan te gaan aangeneem word, en sulke rapport sal by die besluit gevoeg en in die notule van die raad aangeteken word.

(5) Niks in hierdie artikel sal toepaslik wees op enige kontrak vir die aankoop deur die raad van produkte of ander verganklike ware op 'n publieke markgekoop of openige aankoop deur die raad gemaak as die gevolg van bied by 'n publieke veiling nie.

**Bepalings
aangaande
arbitrasie.**

35. Behalwe soas anders in hierdie Ordonnansie of die Munisipale Bevoegdheid tot Onteiening Ordonnansie 1903 uitdruklik bepaal is, sal die Arbitrasie Ordonnansie 1904 of enige wysiging daarvan *mutatis mutandis* toepaslik wees op enige arbitrasie waarby die raad betrokke is.

**Bekragtiging
en voltrekking
van
dokumente.**

36. (1) Iedere order, kennisgewing of ander dokument wat deur die raad bekragtig moet word sal voldoende bekragtig wees indien geteken deur twee raadslede of deur die stadsklerk of deur enige amptenaar van die raad behoorlik daartoe gemagtig deur enige besluit, verordening of regulasie.

Ord. No. 11
van 1926.

aangewys word die stoel in te neem en alle kwessies sal beslis word deur 'n meerderheid van stemme van die teenwoordige lede, en, in die geval van 'n gelyke verdeling van stemme, sal die lid wat die stoel inneem 'n tweede of beslissende stem hê.

31. Enige raadslid wat, sonder vooraf verlof verkry te hê van die raad, afwesig is op drie agtereenvolgende vergaderings van die raad en enige lid (ander as 'n *ex officio* lid) van die finansiële of enige ander vaste komitee deur die raad benoem, wat sonder vooraf verlof verkry te hê hetsy van die raad of die komitee afwesig bly op drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die komitee, sal onbevoeg wees om raadslid te bly. Die stadsklerk sal daarvan op die eersvolgende raadsvergadering na enige sulke deurlopende afwesigheid van 'n raadslid kennis gee, en die burgemeester sal daarop die setel van sulke raadslid vakant verklaar.

Afwesigheid
van raadslede
van
vergaderings.

32. Tensy die teendeel bewys word, sal, telkens wanneer 'n notule van die verrigtings van 'n vergadering ingeskrywe en geteken is, sulke vergadering beskou word behoorlik belê en gehou te wees, en alle raadslede op die vergadering sal geag word behoorlik bevoeg te wees, en in die geval van verrigtings aldus opgeteken van 'n komitee, sal die komitee beskou word behoorlik gekonstitueer te wees, en bevoegdheid besit te hê die saak waarvan in die notule melding gemaak word te behandel.

Vergaderings
geag behoor-
lik gehou te
wees.

33. (1) Die notule van verrigtings van die raad sal op alle redelike tyde ter insage wees vir enige inwoner van die munisipaliteit wat 'n kopie of 'n uittreksel daarvan teen betaling van die fooi (ewentueel) voorgeskrywe by besluit van die raad kan verkry.

Notule van
verrigtings en
rekenings van
tesourier ter
insage.

(2) Die rekenings van die raad sal vir enig raadslid ter insage wees, wat 'n kopie of 'n uittreksel daarvan mag maak.

(3) Die jaarlikse staat of uittreksel van die rekenings van die raad en kopieë van die rapport van die *ouditeur* daarvoor sal aan iedere inwoner van die munisipaliteit op versoek en teen betaling van die fooi, as daar een is, voorgeskrywe by besluit van die raad, verstrekkend word.

34. (1) Behalwe in dringende gevalle of in spesiale gevalle van noodsaaklikheid goedgekeur deur die finansiële komitee sal, voordat enige kontrak vir die uitvoering van enig werk of lewering van enige goedere ter waarde of bedrag van honderd pond of meer deur die raad aangegaan word, minstens veertien volle dae kennis gegee word in 'n nuusblad wat in die munisipaliteit sirkuleer, of,

Kontrakte
vir uitvoering
van werk of
lewering van
goedere.

Ord. No. 11 Komitees.
van 1926.

28. (1) Die raad mag uit sy eie liggaam sulke en so veel komitees benoem, hetsy van 'n algemene o spesiale aard, en hulle saamstel uit so'n aanta raadslede as hy dienstig mag ag, vir enige doel wa volgens sy oordeel beter deur middel van 'n komitee gedoen sou kan word, en mag, onderwerp aan die bepalings van die eersvolgende artikel aan enige sulke komitee met of sonder beperkings of voorwaardes, na gelang hy dienstig mag ag, enige van sy bevoegdhede of pligte opdra behalwe enige bevoegdheid om geld te verkry deur belasting of lening of enige ander bevoegdheid met betrekking tot die uitoefening waarvan spesiaal voorsiening in hierdie Ordonnansie gemaak is, en mag die kworum van enige sulke komitee vasstel. Die burgemeester sal *ex officio* lid van ieder sulke komitee wees.

(2) Elke komitee sal van sy verrigtings aan die raad kennis gee, dog in sover die raad aldus die handelinge en verrigtings van die komitee opdra sal dit die goedkeuring van die raad nie vereis nie.

(3) Elke komitee sal sy eie voorsitter kies en mag ook 'n visevoorsitter kies.

(4) Elke komitee deur die raad benoem mag na kennisgewing van mosie in die sin deur die stem van 'n meerderheid van die gehele raad ontbind word.

(5) Iedere raadslid sal deur die raad gekies word om op minstens een komitee sitting te hê.

Finansiële
komitee.

29. Die raad sal van tyd tot tyd 'n finansiële komitee benoem om die geldmiddele van die raad te reël en te kontroleer.

Geen uitgawe sal gedoen word nie tensy daarvoor voorsiening gemaak is op 'n volledige begroting ingedien deur die finansiële komitee en goedgekeur deur die raad en iedere betaling uit die fondse van die raad sal deur die finansiële komitee gemaak word, wat op elke gewone vergadering van die raad vir informasie 'n opgawe van alle gemaakte betalings sal indien.

Vergaderings
van
komitees.

30. Elke komitee deur die raad benoem mag van tyd tot tyd vergader, en mag van plek tot plek verdaag, na gelang dienstig geag mag word, en geen werksaamhede sal op enige vergadering van die komitee verrig word tensy die kworum van lede (indien enige) deur die raad bepaal, of as geen kworum bepaal is nie, twee lede teenwoordig is. Op alle vergaderings van die komitee sal die voorsitter indien teenwoordig, voorsit en in geval van sy afwesigheid die visevoorsitter, as daar een is, en indien nóg voorsitter nóg visevoorsitter teenwoordig is, dan sal een van die teenwoordige lede

- 22.** Kennisgewing van die tyd en plek van iedere vergadering sal gedien word op ieder raadslid hetsy persoonlik of deur dit agter te laat aan sy gebruiklike verblyfplaas of aan sy besigheidsadres, minstens vier-en-twintig ure voor sulke vergadering. Sulke kennisgewing moet deur die burgemeester of deur die stadsklerk geteken wees. Die toevallige versuim om op enige raadslid sulk 'n kennisgewing te dien soas in hierdie artikel bedoel sal aan die geldigheid van enige vergadering geen afbreuk doen nie.
- 23.** Iedere vergadering van die raad sal vir die publiek en die pers toeganklik wees; mits dat hierdie artikel nie van toepassing sal wees op enige komitee van die raad of op enige komitee van die gehele raad nie.
- 24.** Behalwe soas anders spesiaal in hierdie Ordonnansie bepaal is, sal alle handelinge, sake of dinge gemagtig of vereis verrig te word deur die raad en alle kwessies wat voor die raad mag kom, verrig en beslis word deur die meerderheid van die raadslede teenwoordig op enige vergadering waarop minstens die helfte van die raadslede of sulk groter gedeelte daarvan, na gelang die raad van tyd tot tyd mag vasstel, teenwoordig is.
- 25.** Behalwe soas bepaal is in artikel *sestien* hiervan, sal in geval van gelykheid van stemme, die voorsitter van die vergadering 'n tweede of beslissende stem hê.
- 26.** Die raadslede teenwoordig op enige vergadering mag sulke vergadering van tyd tot tyd verdaag, en indien op enige vergadering geen voldoende aantal raadslede teenwoordig is nie om die bevoegdhede aan die raad toegeken uit te oefen, dan sal die aanwesige lede of as daar geen lid aanwesig is nie, die stadsklerk die vergadering verdaag en mag vir die verdaagde vergadering sulke dag en uur bepaal as dienstig geag mag word.
- 27.** Die notule van die verrigtings van iedere vergadering van die raad en enige komitee daarvan sal gereeld ingeskryf word in boeke vir dié doel aangehou en sal op dieselfde of eersvolgende gewone vergadering bevestig word. Ieder sulke notule sal, aldus ingeskrywe wanneer geteken deur 'n raadslid wat sig voorgee as of blyk die voorsitter te wees van die vergadering waarop die notule bevestig word, by gemis van bewys van fout daarin geag word 'n korrekte aantekening te wees van die verrigtings van die vergadering waarvan dit die notule heet te wees.

Kennis-
gewings van
vergaderings.

Ord. No. 11
van 1926.

Vergaderings
van die raad
vir die
publiek toe-
ganklik.

Kworum.

Beslissende
stem van
voorsitter.

Vergadering
van
vergaderings.

Notule.

**Ord. No. 11
van 1926.**

Die bedrag van sulke toelae sal by aanvang van die ampstermyn van die burgemeester vasgestel word en daarin sal gedurende die genoemde ampstermyn geen verandering gemaak word nie en sal nie geag word te val onder die bepalings van Hoofstuk IV van hierdie Ordonnansie nie. Die uitgawe van sulke toelae sal nie aan enige oudit onderhewig wees nie; die handtekening van die burgemeester sal daarvoor voldoende wees.

(2) Die raad mag buite en behalwe enige toelae verleen kragtens subartikel (1) van hierdie artikel, as 'n verder toelae maandeliks betaalbaar aan die burgemeester vir algemene doeleindes sulke som toestaan as, met inagneming van die posiesie, toe-reikend geag mag word. Die bedrag van sulke toelae sal vasgestel word by die ampsaanvaarding van die burgemeester en daarin sal gedurende die genoemde ampstermyn geen verandering gemaak word nie. Die uitgawe van sulke toelae sal nie beskou word te val onder die bepalings van Hoofstuk IV van hierdie Ordonnansie nie en sal aan oudit onderhewig wees.

(3) Telkens wanneer die pligte verbind aan die amp van burgemeester vir enige onafgebroke tydperk van minstens een maand deur die plaasvervangende burgemeester vervul word onder enige van die omstandighede genoem in subartikel (2) van artikel sewentien, dan sal die toelae kragtens hierdie artikel toegeken vir sodanige tydperk aan sulke plaasvervangende burgemeester betaal word.

(4) Die raad mag met die goedkeuring van die Administrateur, ook uit die inkomste van die raad aan raadslede sulke toelae stem as hy mag bepaal. Die uitgawe aan sulke toelae sal nie beskou word nie as vallende binne die bepalings van Hoofstuk IV van hierdie Ordonnansie.

HOOFSTUK III.

**VERGADERINGS EN VERRIGTINGS VAN MUNI-
SIPALE RADE.**
**Raadsver-
gaderings.**

20. Die raad sal vir die afhandeling van werk-saamhede so dikwels as nodig is 'n gewone ver-gadering hou, dog nie minder as een in iedere maand nie.

**Spesiale ver-
gaderings.**

21. Die burgemeester mag te eniger tyd, en sal op die skriftelike versoek van minstens een-derde van die raadslede, of waar die raad bestaan uit meer as agtien lede, op die skriftelike versoek van minstens ses lede, 'n spesiale vergadering van die raad belê; mits dat die kennisgewing van enige spesiale ver-gadering die doel van die vergadering omskryf.

**Ord. No. 11
van 1926.**

geval dat die amp vakant word, sal 'n opvolger gekies word op die op een na volgende vergadering van die raad na die vakature deur en uit die raadslede self, en sulke opvolger sal as plaasvervangende burgemeester optree vir die res van die tydperk waarvoor die aftredende plaasvervangende burgemeester verkies was; mits dat as om een of ander rede geen plaasvervangende burgemeester op 'n vergadering soas hierin voorgeskrywe verkies word nie, hy verkies mag word op die eersvolgende raadsvergadering daarna gehou of op 'n spesiale vergadering vir die doel belê.

(2) Die plaasvervangende burgemeester sal, telkens wanneer dit nodig sal wees weens oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte, of onbekwaamheid van die burgemeester, alle handelinge verrig wat die burgemeester as sodanig mag verrig. Van die feit van oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte, of onbekwaamheid van die burgemeester sal deur die stadsklerk of sy plaasvervanger op die eerste vergadering van die raad gehou na sulke oorlyde, bedanking, afwesigheid, siekte of onbekwaamheid kennis gegee word of van die aanvang daarvan, en daarvan sal in die notule aantekening gehou word. Die aantekening sal voldoende magtiging wees vir alle handeling deur die plaasvervangende burgemeester verrig, welke die burgemeester as sodanig mag verrig, van die datum van oorlyde, bedanking of aanvang van die afwesigheid, siekte of onbekwaamheid van die burgemeester totdat 'n nuwe burgemeester benoem is of die burgemeester sy pligte hervat.

18. Op iedere vergadering van die Raad sal die burgemeester, indien teenwoordig, voorsit, en in geval van sy afwesigheid, die plaasvervangende burgemeester, en indien nóg die burgemeester nóg die plaasvervangende burgemeester teenwoordig is op enige vergadering, dan sal die teenwoordige raadslede onder hulle 'n voorsitter kies om op sulke vergadering voor te sit, en as sal blyk dat die burgemeester en plaasvervangende burgemeester albei van die munisipaliteit afwesig is of om een of andere rede nie in staat is op te tree nie, dan mag die raad aan die voorsitter aldus gekies volle outoriteit toeken enige handelinge te verrig welke die burgemeester as sodanig mag verrig, totdat die burgemeester of plaasvervangende burgemeester weer in staat is om op te tree.

Voorsitter
van
vergadering.

19. (1) Die raad mag uit die inkomste van die raad as 'n persoonlike toelae maandeliks aan die burgemeester betaalbaar sulke som stem as, met inagnaming van die posiesie, voldoende geag word.

Toelae aan
burgemeester
en raadslede.

Ord. No. 11
van 1926.

res van die tydperk waarvoor die aftredende burgemeester verkies was; mits dat as om een of ander rede geen burgemeester verkies word op 'n vergadering soas hierin voorgeskrywe, hy verkies mag word op die eerste gewone vergadering van die raad daarna gehou of op 'n spesiale vergadering vir die doel belê.

(2) As dit egter aldus deur die raad op sy laaste vergadering voor die jaarlikse verkiesing besluit word, dan sal die prosedure vir die verkiesing van burgemeester vir die jaar wees as volg:—

(1) Binne veertien dae na die eerste verkiesing van raadslede kragtens die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1912, of enige wysiging daarvan (hierna in hierdie artikel die Verkiesings Ordonnansie genoem) en daarna binne veertien dae na die jaarlikse verkiesing van raadslede, sal 'n burgemeester verkies word deur die geregistreerde kiesers op die munisipale lys.

(2) Sulke verkiesing sal *mutatis mutandis* gehou word ooreenkomstig die bepalinge van die Verkiesings Ordonnansie.

(3) Kandidate vir burgemeester sal binne drie dae na die jaarlikse verkiesing uit die raadslede genomineer word.

(4) 'n Rekwisiesie soas voorgeskrywe in artikel *een-en-dertig* van die Verkiesings Ordonnansie en geteken deur minstens vyf-en-twintig geregistreerde kiesers van die munisipaliteit moet aan die stadsklerk gestuur word binne die tyd voorgeskrywe deur subartikel (3) van hierdie artikel tesaam met die aanname daarvan deur die kandidaat, as slegs een raadslid aangesoek word dan sal hy deur die stadsklerk as behoorlik verkies verklaar word en sal daarop die amp van burgemeester aanvaar, en as meer as een raadslid behoorlik aangesoek is, dan sal 'n verkiesing plaas het soas bepaal in subartikel (2) van hierdie artikel.

(5) Dit sal vir enige kandidaat vir die amp van burgemeester onwettig wees agente of stemwervers in diens te neem, of vergaderings te hou of te adverteer of op enigerlei wyse om stemme of steun te vra, en oortreding van enige van hierdie bepalinge sal die verkiesing van sulke kandidaat ongeldig maak.

Verkiesing
en pligte van
plaasvervange-
gende burge-
meester.

17. (1) Op die eerste vergadering van die raad gehou na iedere jaarlikse verkiesing van raadslede, sal die aanwesige raadslede 'n raadslid kies om as plaasvervangende burgemeester op te tree, wat in funksie bly totdat sy opvolger sal benoem wees na die eersvolgende jaarlikse verkiesing van raadslede, tensy sy amp vroeër vakant word, en, in die

nie waarom die bevoegdheid voorgestel uitgeoefen te word nie uitgeoefen sal word nie, dan mag die Administrateur sulke bevoegdheid uitoefen.

**Ord. No. 11
van 1926.**

15. Alle onkoste deur die Administrateur gemaak aan publiskasie of by die benoeming van 'n kommissaris of kommissarissee as 'n gevolg van 'n applikasie deur enige raad vir die uitoefening deur hom van enige van die bevoegdhede deur hierdie Hoofstuk toegeken, sal deur die betrokke raad gedra word.

Administrateurs onkoste betaal te word deur raad wat applikasie maak vir die uitoefening van bevoegdhede.

HOOFSTUK II.

BURGEMEESTER EN PLAASVERVANGENDE BURGEMEESTER VAN STADSRADE.

16. (1) Op die eerste vergadering van die raad gehou na die eerste verkiesing van raadslede genoem in die Munisipale Verkiesings Ordonnansie, 1912, of enige wysiging daarvan, en daarna op die eerste vergadering van die raad gehou na iedere jaarlikse verkiesing van raadslede, sal die aanwesige raadslede een raadslid kies om burgemeester te wees wat burgemeester van die munisipaliteit waarvoor hy aldus verkies is, sal genoem word, en wat terstond sy amp sal aanvaar en in funksie bly totdat sy opvolger benoem word na die eersvolgende jaarlikse verkiesing van raadslede, tensy sy amp vroeër vakant word; en by enige verkiesing van burgemeester sal die voorsitter van die vergadering as hy 'n lid van die raad is slegs 'n beslissende stem het; mits dat as die amp van die aftredende burgemeester vakant geword het om rede van afloop van sy ampstyd as raadslid hy desnieteenstaande op die vergadering sal voorsit totdat 'n burgemeester of plaasvervangende burgemeester sal verkies wees, dog die kworum vereis op sulke vergadering teenwoordig te wees sal geag word sulke aftredende burgemeester nie in te sluit nie en sulke aftredende burgemeester sal uitgesluit wees, wat nie geregtig sal wees tot enige stem nie. In geval dat die verkiesing nie kan beslis word nie weens gelykheid van stemme uitgebring op twee of meer kandidate dan sal dit deur loting deur die voorsitter beslis word.

Verkiesing van Burgemeester.

In die geval dat die amp van burgemeester vakant word op ander wyse as deur afloop van die tydperk waarvoor hy as raadslid verkies was, sal 'n opvolger op die op een na eersvolgende vergadering van die raad gehou na die vakature, deur die raadslede onder hulle gekies word, en sulke opvolger sal terstond sy amp aanvaar en as burgemeester optree vir die

**Ord. No. 11
van 1926.**

wat tot stem geregtig is vir die verkiesing van lede van die gesondheidskomitee vir die gebied waarvoor 'n stadsraad gewens word, of as 'n gesondheidskomitee, waarvan die lede deur die Administrateur benoem word, bestaan, of as geen gesondheidskomitee bestaan nie, dan deur vyftig persone woonagtig binne sulke gebied en ingeskryf in enige register van tyd tot tyd van krag, van persone wat bevoeg is om te stem by 'n verkiesing van lede van die Prowinsiale Raad vir die kiesafdeling wat sulke gebied omvat.

Besonderhede in petiesies genoem te word.

12. Iedere petiesie sal noukeurig opgee in hoe ver die uitoefening van die bevoegdhede deur hierdie Hoofstuk aan die Administrateur toegeken deur die petisionarisse gewens word, en sal versoek om sulke uitoefening daarvan, en mag ook versoek om enige gedeeltelike uitoefening van sulke bevoegdhede en iedere petiesie vir die instelling van 'n munisipaliteit sal die voorgestelde grense daarvan opgee.

Petiesies mag bestry word.

13. Enige belanghebbende persoon sal bevoeg wees binne dertig dae na die eerste publikasie in die *Prowinsiale Koerant* van die inhoud en versoek van 'n petiesie soos bepaal in artikel *tien*, of van die benoeming van 'n kommissaris of kommissarisse kragtens subseksie (10) van artikel *nege*, aan die Administrateur of aan sulke kommissaris of kommissarisse na gelang van omstandighede, enige teë-petiesie aan te bied omskrywende die gronde van beswaar teen die uitoefening deur die Administrateur van enige van die bevoegdhede deur hierdie Hoofstuk toegeken.

Kennis gegee te word van voorneme van Administrateur om op eie gesag bevoegdhede uit te oefen.

14. Die Administrateur mag van tyd tot tyd enige van die bevoegdhede deur hierdie Hoofstuk toegeken uitoefen sonder die aanbieding van enige petiesie, mits dat tensy 'n kommissaris of kommissarisse benoem word kragtens die bepalings van subartikel (10) van artikel *nege*, vóór die uitoefening van enige sulke bevoegdheid, eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke kennis gegee word in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die buurte waar voorgestel word sulke bevoegdheid of bevoegdhede uit te oefen sirkuleer, van die voorneme van die Administrateur om sulke bevoegdhede uit te oefen. As binne dertig dae na die datum van die eerste publikasie van sulke kennisgewing of na behoorlik ondersoek deur 'n kommissaris, as een benoem word, geen voldoende rede aangevoer word

weke gepubliseer word in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat sirkuleer in die buurte waarin voorgestel word sulke bevoegdheid of bevoegdhede uit te oefen;

Ord. No. 11
van 1926.

en, telkens wanneer een klas van plaaslike outoriteit ingestel is kragtens hierdie Ordonnansie vir enige gebied in plaas van 'n ander klas van plaaslike outoriteit, of telkens wanneer 'n gedeelte van 'n munisipaliteit daarvan afgesny is en daarvoor 'n afsonderlike plaaslike outoriteit ingestel is, mag die Administrateur 'n order uitvaardig waarby *mutatis mutandis* enige bepaling van Deel II van Hoofstuk XI toepaslik gemaak word.

By die uitoefening van enige van die bevoegdhede hieronder toegeken, mag die Administrateur enige betrokke munisipale raad opdra op sy eie koste enige opmetings te doen of te verrig wat nodig mag wees binne 'n tydperk deur hom voorgeskryf te word.

As die raad sou versuim of nalaat om enige opdragte hieronder gegee binne die voorgeskrewe tydperk uit te voer, mag die Administrateur die genoemde opmetings laat verrig op koste van die genoemde raad en die bedrag van die raad invorder.

10. Die Administrateur mag enige van die bevoegdhede deur hierdie Hoofstuk toegeken uitoefen na die aanbieding van sulke petisie as hierna omskrywe is en na die publikasie, minstens eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende weke, van die inhoud en versoek van sulke petisie, in die *Prowinsiale Koerant* en in 'n nuusblad wat in die buurte sirkuleer waar voorgestel word sulke bevoegdhede uit te oefen, mits dat sulke publikasie nie nodig sal wees nie wanneer die Administrateur enige persoon of persone sal benoem het kragtens die bepalings van subseksie (10) van die laasvooraangaande artikel om 'n ondersoek in te stel na die inhoud van enige sulke petisie en van sulke benoeming kennis sal gegee het en die strekking van die ondersoek in terme van die subartikel. Dit sal van die diskresie van die Administrateur afhang die versoek in sulke petisie vervat te weier of die gehele of enige deel daarvan in te willig.

Hoe sulke bevoegdhede uitgeoefen moet word na aanbieding van petisie.

11. Iedere petisie vir die instelling van 'n stadsraad kragtens hierdie Ordonnansie sal—

Hoe petisies geteken moet word.

- (1) As reeds 'n munisipaliteit bestaan vir die gebied waarvoor 'n stadsraad gewens word, geteken wees deur minstens twee-derdes van die lede van die dorpsraad van sulke munisipaliteit;
- (2) As geen sodanige munisipaliteit bestaan nie, geteken wees deur minstens vyftig persone

Ord. No. 11
van 1926.

Art. 9.

(4) enige twee of meer stede, dorpe, munisipaliteite, of gebiede onder die jurisdiksie van verskillende klasse van plaaslike outoriteite verbind waardeur een munisipaliteit gevorm word ;

(5) die grense van aangrensende munisipaliteite verander en reël, en enige geskille wat uit sulke verandering of reëling ontstaan, besleg ;

(6) enige gedeelte van 'n munisipaliteit van die munisipaliteit waarvan dit 'n deel uitmaak af te skei, en dit as 'n afsonderlike munisipaliteit of gesondheidskomiteegebied in te stel, of dit aan enige ander munisipaliteit of gesondheidskomitee te verbind, en van tyd tot tyd enige verdeling van eiendomsregte en verpligtings te maak en enige aanwysings te gee aangaande enige aangeleenthede en dinge wat nodig mag wees ten einde reg te doen tussen die betrokke munisipaliteite en gesondheidskomitees ;

(7) van tyd tot tyd die grense van enige munisipaliteit te verander, en in gevalle waarin enige gebied van die munisipaliteit moet afgesny word, vanaf die datum van sulke afsnyding die skraping te gelas op enige kieserslys van die name van kiesers woonagtig of gekwalifiseer ten opsigte van enig onroerend eiendom in sulke gebied ;

(8) by verklaring van enige stad of dorp of ander gebied as 'n munisipaliteit of by die instelling van 'n gesondheidskomitee kragtens Hoofstuk IX van hierdie Ordonnansie of by die verandering van die grense van 'n munisipaliteit of gesondheidskomiteegebied, enige deel van die gebied van sulke munisipaliteit of gesondheidskomiteegebied vrystel van die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan, en, daarna, sulke vrystelling in sy geheel of gedeeltelik intrek ;

(9) enige vrystelling van belasting intrek hetsy dat sulke vrystelling verleen was kragtens hierdie of kragtens enige ander wet ;

(10) enige persoon of persone benoem om 'n ondersoek in te stel na en te rapporteer oor die raadsaamheid vir die uitoefening deur die Administrateur van enige van die bevoegdhede aan hom toegeken deur hierdie artikel en mag aan sodanig persoon of persone die bevoegdhede, jurisdiksie en voorregte van die Kommissies Bevoegdhede Ordonnansie 1902 toeken ; kennisgewing van sulke benoeming en besonderhede van die bevoegdheid welke die Administrateur van plan is uit te oefen sal minstens eenmaal per week gedurende drie agtereenvolgende

werkingtrede van hierdie Ordonnansie ; mits dat die bevoegdhe toegeken aan die Administrateur deur artikel *nege* van hierdie Ordonnansie toegepas mag word op enige munisipaliteit waarvoor 'n stadsraad ingestel is kragtens die laasvooraafgaande artikel.

**Ord. No. 11
van 1926.**

(b) Enig buitegebied die eiendom van die raad vir die doel van natuurlelokasie, gebied vir kleurlinge, Asiatische basaar, tremweg, lig- of waterwerke, begraafplaas, riolerings of dreineringswerke of enige ander munisipale onderneming sal (behalwe as dit binne 'n ander munisipaliteit val) onder die beheer, jurisdiksie en bevoegdhe van die raad wees, dog sal geen deel van die munisipaliteit uitmaak nie, en sal in so ver onderwerp wees aan die bevoegdhe en bepalings van hierdie Ordonnansie en die verordeninge daaronder.

Buitegebiede.

8. Die lede van iedere raad van 'n munisipaliteit genoem in artikel *ses* van hierdie Ordonnansie en die burgemeester en plaasvervangende burgemeester daarvan sal hulle amp bly beklee kragtens die bepalings van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 of enige wysiging daarvan as of sulke raad nie opnuut gekonstitueer was nie kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie.

Lede van
stadsrade
hulle amp te
behou.

9. Met inagneming van die bepalings van hierdie Ordonnansie, mag die Administrateur van tyd tot tyd alle of enige van die volgende bevoegdhe uitoefen ; dat wil sê hy mag—

Bevoegdheid
van Admini-
strateur ten
opsigte van
munisipali-
teite.

(1) (a) enige stad, dorp, of ander gebied verklaar 'n munisipaliteit te wees onder die jurisdiksie van 'n stadsraad, en vir sulke munisipaliteit 'n stadsraad instel verkies te word op die wyse soas bepaal deur die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan.

(b) Iedere aldus ingestelde stadsraad sal onder die naam van die Stadsraad van..... elk en afsonderlik 'n stadsbestuur wees met ewigdurende opvolging en 'n gemeen seël (met bevoegdhe sodanig seël van tyd tot tyd te verander en te wysig), en sal onder sulke naam bevoeg wees eisende en verwerende in regte op te tree, om grond aan te koop, te besit en te vervreem, en in die algemeen sodanige handelinge te doen en te verrig as stadsbesture kragtens wet mag doen en verrig, onderwerp aan die bepalings van hierdie Ordonnansie en enige ander wet.

(2) aan sulke munisipaliteit 'n naam toeken ;

(3) die grense daarvan omskryf ;

Ord. No. 11
van 1926.

Hoofstuk VII is onderverdeel in twee dele wat betrekking het respektiewelik op (I) Lisensies, (II) Bywette ;

Hoofstuk VIII is onderverdeel in twee dele wat betrekking het respektiewelik op (I) Konstitusie en Verkiesing van Dorpsrade, (II) Bevoegdhede en Pligte van Dorpsrade ;

Hoofstuk X is onderverdeel in drie dele wat betrekking het respektiewelik op (I) Sekere Spesiale Bepalings, (II) Riolerings en dreineringswerke, (III) Ander Werke ;

Hoofstuk XI is onderverdeel in drie dele wat betrekking het op (I) Bevoegdhede van Administrateur by Versuim van Plaaslike Outoriteit of in onverwagte gevalle, (II) Herkonstitusie van Plaaslike Outoriteite, (III) Gemeng.

HOOFSTUK I.

KONSTITUSIE VAN STADSRADE.

Instelling van stadsrade vir sekere bestaande munisipaliteite.

6. (1) Die rade van munisipaliteite wettig ingestel voor die in werkingtreding van hierdie Ordonnansie en genoem in die Twede Bylae van hierdie Ordonnansie, sal aangemerkt word stadsrade te wees ingestel kragtens hierdie Ordonnansie, en sal verkies word kragtens die bepalinge van die Munisipale Verkiesings Ordonnansie 1912 en enige wysiging daarvan, en sulke rade sal onder die naam van Stadsraad van(die naam waaronder elke raad was aangedui voor die in werkingtreding van hierdie Ordonnansie) elk en afsonderlik 'n stadsbestuur wees met ewigdurende opvolging en 'n gemeen seël (met bevoegdheid sulke seël van tyd tot tyd te verander en te wysig), en sal onder sulke naam bevoeg wees om eisende en verwerende in regte op te tree, om grond aan te koop, te besit en te vervreem, en in die algemeen sulke handelinge en dinge te doen en te verrig as stadsbesture volgens wet mag doen en verrig, onderwerp aan die bepalinge van hierdie Ordonnansie en enige ander wet.

(2) In die geval van werke wat by die in werkingtreding van hierdie Ordonnansie reeds in aanbou is kragtens enige wet wat bestaan het voor sulke aanvang, dog wat kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie die toestemming van die Administrateur vereis, sal die toestemming van die Administrateur vir sulke werke hierby geag word verkry en gegee te wees.

Gebiede van bestaande munisipaliteite.

7. (a) Die regsgebiede van stadsrade ingestel kragtens die bepalinge van die laasvoorafgaande artikel, sal die gebiede van munisipaliteite wees soos omskrywe deur wet of proklamasie by die in

artikel *eenhonderd vier-en-veertig* van hierdie Ordonnansie sal proklameer dat die genoemde belastings sal ingevorder word in die munisipaliteit, en vir die tydperk in sodanige proklamasie genoem.

(2) (a) Behalwe soas bepaal is in hierdie Ordonnansie, sal die bepalings van die Skutte Ordonnansie, 1913, en enige wysiginge daarvan nie van toepassing wees nie op enige skut deur 'n plaaslike outoriteit gevestig nog op enig gebied onder die jurisdiksie van 'n gesondheidskomitee.

(b) Die bepalings van die Registrasie van en Kontrôle op Honde Wet 1907, en enige wysiginge daarvan, sal nie van toepassing wees nie binne enige munisipaliteit, nog binne enige regsgebied van 'n gesondheidskomitee, sodra regulasies waarby 'n belasting op hou van honde en wat handel oor honde oppelê word, van krag geword het in sodanige gebied.

(c) Die bepalings van Wet No. 8 van 1888 sal nie toepaslik wees nie op enige mark gevestig of bestuur deur 'n plaaslike outoriteit sodra bywette of regulasies wat opsodanige mark betrekking het, in werking getree het.

(d) Die bepalings van Wet No. 13 van 1894, of enige wysiging daarvan, sal nie van toepassing wees nie op die besigheid van pandjieshouer uitgeoefen binne enige munisipaliteit waarin verordeninge of regulasies wat betrekking het op pandjieshouers van krag geword het.

5. Hierdie Ordonnansie is verdeel in elf hoofstukke, wat op die volgende aangeleenthede betrekking het:—

Hoofstuk I—Konstitusie van Stadsrade ;

Hoofstuk II—Burgemeester en Plaasvervangende Burgemeester van Stadsrade ;

Hoofstuk III—Vergaderings en Verrigtings van Munisipale Rade ;

Hoofstuk IV—Gedrag van Lede en Amptenare van Munisipale Rade ;

Hoofstuk V—Finansiël ;

Hoofstuk VI—Bevoegdhede en Pligte van Munisipale Rade ;

Hoofstuk VII—Bepalings wat betrekking het op Lisensies en Verordeninge ;

Hoofstuk VIII—Dorpsrade ;

Hoofstuk IX—Gesondheidskomitees ;

Hoofstuk X—Spesiale Bevoegdhede van Stadsrade ;

Hoofstuk XI—Algemeen.

Hoofstuk V is onderverdeel in twee dele wat betrekking het respektiewelik op (I) Inkomste en Leningsbevoegdhede, (II) Rekenings en Oudit ;

Hoofstuk VI is onderverdeel in twee dele wat betrekking het respektiewelik op (I) Algemeen Bevoegdhede, (II) Werke ;

Indeling van
Ordonnansie.

Ord. No. 11
van 1926.

- “publieke voertuig” insluit enige keb, kar, omnibus, jinricksha, motorvoertuig en enige ander voertuig wat op enige publieke plaas binne die munisipaliteit staan of te huur ry ;
- “geregistreeerde verloskundige” beteken enige persoon wie se naam voorkom in die register van verloskundiges gehou ooreenkomstig artikel *veertig* van die Mediese, Tandheekunde en Artsenybereiding Ordonnansie, 1904, en enige wysiging daarvan ;
- “regulasie” beteken ’n regulasie gemaak deur die Administrateur kragtens hierdie Ordonnansie en van krag in die jurisdiksiegebied van enige plaaslike outoriteit ;
- “gesondheidsinspekteur” beteken en insluit enige persoon wat alsdan wettiglik optree in die hoedanigheid van gesondheidsinspekteur van die plaaslike outoriteit ;
- “straat” insluit enige straat, weg of deurgang aangedui op die algemene kaart van ’n dorp of waartoe die publiek deur verjaring of op ander wyse ’n reg van weg verkry het ;
- “handeldryf op straat” insluit die verkoop van nuusblade, vuurhoutjies, blomme en ander artikels, die uitdeling van strooibiljette of ander advertensies, skoenpoets en enige ander soortgelyke okkupasie uitgeoefen op publieke plekke, en “straatverkoper” sal insluit enige persoon wat enige sodanig bedryf aldus verrig en uitoeefen ;
- “stadsklerk” en “stadstesourier” beteken die persoon wat alsdan wettiglik optree respektiewelik in die hoedanigheid van stadsklerk en stadstesourier vir die munisipaliteit ;
- “stadsraad” beteken ’n raad ingestel ingevolge en kragtens die bepalings van Hoofstuk I van hierdie Ordonnansie ;
- “Dorpewet” beteken die *Dorpewet No. 33* van 1907 (Transvaal) of enige wysiging daarvan ;
- “dorpsraad” beteken ’n raad ingestel ingevolge en kragtens die bepalings van Hoofstuk VIII van hierdie Ordonnansie.

Toepassing
van
Ordonnansie.

3. Hierdie Ordonnansie sal toepaslik wees op enige plaaslike outoriteit daaronder ingestel op die wyse en in die mate daarin voorgeskryf.

Ontoepaslik-
heid van
sekere wette.

4. (1) Alle belastinge betaalbaar kragtens die wet tans van krag op erwe binne die munisipale grense sal deel uitmaak van die inkomste van die raad van die munisipaliteit waarin die genoemde belastinge opgelê word ; mits dat sodanige belastinge nie sal ingevorder word nie binne enige munisipaliteit ténys die Administrateur kragtens die bepalings van

Mits dat—

- (a) geen straf kragtens enige verordening of regulasie aan enige persoon sal opgelê word nie weens enige ophoping of deponering wat nodig is vir of ontstaan uit die uitoefening van enige besigheid, beroep of bedryf indien die ophoping of deponering nie langer gehou is nie as nodig is vir die doeleindes van besigheid, beroep of bedryf, en die beste beskikbare middels aangewend is tot voorkoming van nadeel of gevaar daardeur vir die publieke gesondheid, en
- (b) by die oorweging of enige woonhuis of gedeelte daarvan wat tewens gebruik word as 'n fabriek of werkplaas, of op enige fabriek of werkplaas wat tewens gebruik word as 'n woonhuis, 'n oorlas is om rede van oorvolte, rekening gehou sal word met die omstandighede van sulke ander gebruik ;
- “ bewoner ” insluit enige persoon in werklike okkupasie van grond of eiendom afgesien van die reg waaronder hy bewoon, en, in die geval van 'n eiendom onderverdeel en verhuur aan inwonendes of aan verskillende huurders, insluit die persoon wat die huurgelde ontvang betaalbaar deur die inwonendes of huurders, hetsy vir sy eie rekening of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of daarby belang het ;
- “ buitegebied ” insluit enige grond of belang in grond die eiendom van 'n raad vir munisipale doeleindes buite die munisipaliteit en wat geen deel uitmaak van enige ander munisipaliteit nie ;
- “ eienaar ” insluit enige persoon wat die huurgelde of profyte ontvang van enige grond of eiendom van enige huurder of okkupant daarvan, of wat sodanige huurgelde of profyte sou ontvang indien sodanige grond of eiendom verhuur was, hetsy vir sy eie rekening of as agent vir enige persoon wat daarop geregtig is of daarby belang het ;
- “ eiendom ” insluit enige grond, gebou, kamer, opstal, tent, reiswa, voertuig, stroom, meer, dam, poel, lagune, riool, voor (oop, oordek of ingesluit) hetsy aan gebou of nie en hetsy publiek of privaat ;
- “ Provinsie ” beteken die Provinsie Transvaal ;
- “ publieke plek ” insluit enige weg, straat, deurgang, voetbestrating, voetpad, sypad, laan, plein, ope ruimte, tuin, park, ingeslote ruimte die eiendom van 'n stads- of dorpsraad kragtens artikkel twee-en-sestig van hierdie Ordonnansie ;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 2.

**Ord. No. 11
van 1926.**

Art. 2.

(8) (a) enige huis of gedeelte van 'n huis deur so veel persone bewoon dat dit nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid van die bewoners, of waarin nie vir elk persoon wat dit gelyktydig bewoon, hetsy by nag of dag, minstens 300 kubieke voete ruimte en 36 vierkante voete vloeroppervlakte is nie; mits dat hierdie subartikkel nie toepaslik sal wees nie op die huisvesting van naturelle in mynkomponds;

(b) enige bewoonde huis waarvoor 'n behoorlike, voldoende en gesonde wateraanvoer nie beskikbaar is nie binne 'n redelike afstand as onder die omstandighede moontlik is te verkry;

(9) enig skoolgebou of enige fabriek, werkplaas of werkwinkel of gedeelte daarvan:

(a) wat nie in 'n sindelike toestand gehou word nie en vry van dampe wat voorkom uit enige afvoersloot, privaat, water-privaat, sandprivaat, urinoir of ander bron van oorlas; of

(b) wat nie geventileer is nie op sodanige wyse dat vir sover as doenlik is enige gasse, dampe, stof of ander onreinhede wat ontstaan in die loop van die werk wat daarin verrig word en wat hinderlik, nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is, onskadelik gemaak word; of

(c) waarin die gemiddelde verhouding van koolsuurgas in die lug op die hoogte waar mens ademhaal meer is as 10 volumes in 10,000, of, waar gas of olie gebruik word vir verligtingsdoeleindes, meer is as 18 volumes in 10,000 tydens sodanig gas of olie in werklik gebruik is, of

(d) wat so oorvol is tydens daarin gewerk word dat dit nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid van die persone daarin werksaam;

(10) enige skoorsteen wat rook in sodanige hoeveelheid uitlaat of op 'n sodanige wyse dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid;

(11) enige kerkhof, begraafplaas of ander begraafplek so geleë of so oorvol of op ander wyse so gebruik dat dit hinderlik, nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid;

(12) enige ander toestand van welke aard ook wat hinderlik, nadelig of gevaarlik is vir die gesondheid;

- “Minister” beteken die Minister van Volks-
gesondheid van die Unie ;
- “munisipaliteit” beteken die gebied of distrik
geplaas onder die bestuur en jurisdiksie van
’n stadsraad of van ’n dorpsraad ;
- “naturel” beteken enige persoon wat ’n lid is van
’n inboorlingeras of -stam van Afrika. Waar
enige redelike twyfel bestaan of enige persoon
al of nie onder hierdie definiesie val nie, sal
die bewyslas op sodanig persoon rus ;
- “oorlas” sal insluit—

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 2.

- (1) enige eiendom of gedeelte daarvan van
sodanige konstruksie of in sulke toestand dat
dit hinderlik is of skadelik of gevaarlik vir
die gesondheid ;
- (2) enige straat, stroom, poel, lagune, sloot,
geut, waterloop, geutsteen, vergaarbak, water-
privaat, aardprivaat, privaat, urinoir, sinkput,
riool, voor, vuilwaterbak, vuilwatertenk, mis-
vaalt, asbak, asgat, mishoop, so vuil of in
’n sodanige toestand of so geleë of vervaardig
dat dit ’n oorlas is, skadelik of nadelig of
gevaarlik vir die gesondheid ;
- (3) enige put of watervoorsiening nadelig of
gevaarlik vir die gesondheid ;
- (4) enige tenk of waterbak gebruik vir die
aanvoer van water vir huishoudelik gebruik,
so geplaas, vervaardig of gehou dat die
water daarin bewaar blootstaan aan veront-
reiniging, wat gevaar vir die gesondheid
oplewer of kan oplewer of die voortteling van
muskiete bevorder ;
- (5) enige stal, koeiestal, veekraal, hoenderhok,
of perseel waarin enig dier of diere of voël of
voëls gehou word op ’n sodanige wyse of in
sulke aantalle dat dit hinderlik, nadelig of ge-
vaarlik vir die gesondheid is ;
- (6) enige ophoping of deponering van vuilnis,
afval, mis of ander stof wat hinderlik, nadelig
of gevaarlik vir die gesondheid is, of enige
hinderlike stof, vuilnis, afval’ of mis wat lê
of sig binne vyftig tree van enige straat
bevind, of wat sig in onoordekte troks of
waens bevind op enige stasie of halte of
elders op ’n spoorweg en aldus hinderlik of
nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is ;
- (7) enige werk, fabriek, bedryf of besigheid
wat reuke of dampe veroorsaak of kan doen
ontstaan wat hinderlik of wat nadelig is
vir die gesondheid van die omgewing of wat
so gedryf word dat dit hinderlik, nadelig
of gevaarlik vir die gesondheid is ;

Ord. No. 11
van 1926.

—
Art. 2.

- “ Asiaat ” insluit enige persoon wat behoort tot die inboorlinge rasse van Asië, nie synde ’n Maleier nie gebore en woonagtig in enige Britse Kolonie of Besitting in Suid-Afrika, en nie synde ’n amptenaar nie in die konsulêre diens van enige Asiatiese Staat of Gebied ;
- “ Veroorsaker van ’n oorlas ” beteken die persoon deur wie se handeling, nalatigheid of toelating die oorlas veroorsaak word, bestaan of bly bestaan ;
- “ verordening ” beteken ’n verordening van krag in ’n munisipaliteit en enige buitegebied daarvan, gemaak en goedgekeur kragtens hierdie Ordonnansie of kragtens die outoriteit van enige wet ;
- “ kleurling ” beteken enige persoon wat klaarblyklik ’n kleurling is, nie synde ’n naturel of Asiaat nie soas deur hierdie Ordonnansie omskryf ;
- “ aanvang van hierdie Ordonnansie ” beteken die datum waarop hierdie Ordonnansie in werking getree het ;
- “ Goewerneur-Generaal ” beteken die amptenaar wat die bestuur het oor die Unie van Suidafrika handelende met advies en toestemming van die Uitvoerende Raad daarvan ;
- “ gesondheidskomitee ” beteken ’n komitee ingestel ingevolge en kragtens die bepalinge van Hoofstuk IX van hierdie Ordonnansie ;
- “ plaaslike outoriteit ” beteken en insluit ’n stadsraad of dorpsraad of gesondheidskomitee ;
- “ magistraat ” beteken die magistraat van ’n magistraatsdistrik of subdistrik waarin ’n munisipaliteit geleë is, en in die geval van ’n munisipaliteit geleë binne ’n gedeelte van ’n magistraatsdistrik waarvoor ’n addisionele magistraat aangestel is, sal die uitdrukking “ magistraat ” ook sulke addisionele magistraat insluit ;
- “ geneeskundige gesondheidsamptenaar ” beteken die persoon wat aldan wettiglik optree in die hoedanigheid hetsy van geneeskundige gesondheidsamptenaar of assistent geneeskundige gesondheidsamptenaar van die plaaslike outoriteit, mits egter dat die uitdrukking “ geneeskundige gesondheidsamptenaar ” soos gebruik in artikkel *een-en-sestig* nie sal geag word ’n assistent geneeskundige gesondheidsamptenaar in te sluit nie ;

3. Artikel *zeven en dertig* van de hoofdordonantie zal zijn en word hierbij gewijzigd door daaraan de volgende nieuwe subsektie (4) toe te voegen :—

Wijziging van artikel 37 van hoofdordonantie.

Ord. No. 10
van 1926.

“(4) in het geval van donkies zal het niet nodig zijn dat de schutmeester de genoemde kennisgeving van verkoop in de *Provinciale Koerant* publiceert, doch de genoemde kennisgeving zal slechts minstens eenmaal in 'n nieuwsblad gepubliceerd worden als voorzegd binnen twee dagen na schutten. Verkopingen van geschutte donkies zullen binnen twaalf dagen van de genoemde kennisgeving gehouden worden onderworpen aan de bepalingen *mutatis mutandis* van subsekties (1), (2) en (3) hiervan.”

4. Deze Ordonantie mag voor alle doeleinden aangehaald worden als de Schutten Wijzigings Ordonantie 1926 en zal als één gelezen worden met de hoofdordonantie en enige wijziging daarvan.

Korte titel.

'N ORDONNANSIE

Tot konsolidasie en wysiging van die Wet wat betrekking het op Munisipaal Bestuur in hierdie Provinsie, en om voorsiening te maak vir sake in verband daarmee.

Ord. No. 11
van 1926.

(Goedgekeur 21 Julie 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 28 Julie 1926.*)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

DIT WORD BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

INLEIDING.

1. Die Wette genoem in die Eerste Bylae van hierdie Ordonnansie is en word hierby herroep in so ver as vermeld in die tweede kolom van sulke bylae.

Herroeping van wette.

2. In hierdie Ordonnansie sal, tensy in stryd met die samehang—

Verklaring van uitdrukkings.

“Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens subartikkel (1) van artikkel *ag-estig* van die Suidafrika Wet 1909, en enige wysiging daarvan, handelende op die advies en met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie ;

* Proklamasie No. 47, *Prowinsiale Koerant*, dato 28 Julie 1926, bladsy 53.

Ord. No. 10
van 1926.

EEN ORDONANTIE

Tot wijziging van de Schutten Ordonantie, 1913.

(Goedgekeur 30 Junie 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 14 Julie 1926.)

(Engelse kopie deur Goeuverneur-generaal geteken.)

ZIJ HET BEPAALD door de Provinciale Raad van Transvaal als volgt :—

Wijziging van artikel 27 van hoofdordonantie.

1. Artikel *zeven en twintig* van de Schutten Ordonantie 1913 (hierna in deze Ordonantie de hoofdordonantie genoemd) zal zijn en wordt hierbij gewijzigd—

(1) door toevoeging na de woorden “magistraat van het distrikt” in subsektie (3) van de woorden “of enig vrederechter of kommissaris van ede”;

(2) door daaraan de volgende nieuwe subsektie (4) toe te voegen :—

“ (4) Niettegenstaande enigiets daarmee in strijd in deze ordonantie vervat, zal 'n eigeenaar van grond het recht hebben boven enig ander bedrag hierin bepaald te eisen en in te vorderen van de eigeenaar van te schutten vee overtredingsfooiën overeenkomstig de volgende schaal :—

voor ieder stuk grootvee	}	op omheinde	
		landen ...	1s.
		op niet-omheinde	
		de landen ...	9d.
		op open veld ...	6d.
voor ieder stuk kleinvee	}	op omheinde	
		landen ...	2d.
		op niet-omheinde	
		de landen of	
		open veld ...	1d.”

Wijziging van artikel 34 van hoofdordonantie.

2. Artikel *vier en dertig* van de hoofdordonantie zal zijn en wordt hierbij gewijzigd door toevoeging na de woorden “twee en veertig dagen” in de voorwaarde, van de volgende woorden :—“in het geval van vee met uitzondering van

donkies en in het geval van donkies voor meer dan veertien dagen.”

'N ORDONNANSIEOrd. No. 9
van 1926.

Tot aanwending van 'n verdere som geld vir die diens van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1925, ter bekostiging van sekere nie-gemagtigde uitgawe.

(Goedgekeur 28 Junie 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 7 Julie 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds is hierby belas met die som van vierduisend driehonderd en sewe-en-dertig pond twaalf shillings en elf pennies tot dekking van sekere uitgawe oor en bo die bedrae toegeëien vir die diens van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1925. Sodanige uitgawe is vermeld in die skedule tot hierdie Ordonnansie en is meer in besonderhede uiteengesit op bladsy 23 van die Rapport van die Prowinsiale Ouditeur van Rekeningne vir die jaar 1924-1925 en in die Rapport van die Gekose Komitee op Publieke Rekeningne No. T.P.G.K. 2 van 1926.

Prowinsiale
Inkomste-
fonds belas
met
£4,337. 12s.
11d.

2. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Nie-gemagtigde Uitgawe (1924-25) Ordonnansie, 1926.

Korte titel.

Skedule.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 5.
2	Toelaag aan Potchefstroom Nywerheidskool	—	£67 10 0
4	Vir salarisse en uitgawe ten opsigte van Wege en Plase-like Werke	£3,664 7 5	—
5	Vir onkoste ten opsigte van Kapitaaluitgawe aan :— Wege	—	605 15 6

Ord. No. 8 van 1926.	No. van Pos.	Diens.	Kolom 1. £	Kolom 2. £
		Toelae aan Tehuis die Goeie Herder, Johannesburg	—	225
		Toelae aan Germiston Weldadigheids Vereniging	—	495
		Toelae aan Vroue Sendingbond	—	180
		Toelae aan St. Mary's Weeshuis, Johan- nesburg	—	225
		Toelae aan Prinses Christiaan Tehuis, Pretoria	—	203
		Toelae aan Gilde van Loyale Vroue, Johannesburg, Gildewoning	—	270
		Toelae aan Bond van Suidafrikaanse Moeders, Pretoria	—	900
		Toelae aan Louis Botha Tehuis vir Kinders	—	720
		Toelae aan King Edward VII Orde van Verpleegsters	—	180
		Toelae aan Germiston Kinderwelvaart Vereniging	—	90
		Toelae aan Pretoria Kinderwelvaart Ver- eniging	—	90
		Toelae aan Johannesburg Hospitaal, Samaritaanfonds	—	150
		Toelae aan Nederd. Herv. Kerk Kom- missie vir Arme Blanke	—	2,650
		Toelae aan Epworth Kindertehuis	—	135
		Toelae aan Langlaagte Weeshuis	—	2,250
		Toelae aan Boksburg Weldadigheids Ver- eniging	—	200
		Toelae aan Benoni Weldadigheids Ver- eniging	—	180
		Toelae aan Brakpan Weldadigheids Ver- eniging	—	160
		Toelae aan Springs en Distrik Rooie Kruis Weldadigheids en Kinder Hulpver- eniging	—	130
		Toelae aan Roodepoort en Distrik Hulp- vereniging	—	150
		Toelae aan Potchefstroom en Distrik Kinderhulp en Weldadigheids Ver- eniging	—	960
		Toelae aan Wesrand Noodfonds... ..	—	135
		Toelae aan Kinder Toevlugsoord, Johan- nesburg	—	450
4.		Vir salarisse en onkoste vir Weë en Plaaslike Werke	308,043	—
		Insluitende die nagenoemde diens :— Hulp-toelae aan Plaaslike Outoriteite	—	22,200
5.		Vir salarisse en onkoste aan Gemengde Dienste	8,461	—
6.		Vir onkoste aan Rente en Aflossing	253,910	—
7.		Vir onkoste aan Kapitaaluitgawe	451,431	—
		Insluitende die nagenoemde dienste :—		
		Geboue	—	215,836
		Brugge	—	80,000
		Grond	—	14,400
		Weë	—	41,845
		Werkeloos	—	2,350
		Spesiale Toelae van Unie Regering vir Wegkonstruksie	—	70,000
		Konstruksie van Hoofrifweg	—	27,000

4. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (1926-1927) Ordonnansie, 1926.

Ord. No. 8
van 1926.

Skedule.

<i>No. van</i>	<i>Pos.</i>	<i>Diens.</i>	<i>Kolom 1.</i>	<i>Kolom 2.</i>
			£	£
1.	Vir salarisse en onkoste vir Algemene Administrasie		88,068	—
	Insluitende die nagenoemde dienste :—			
	Hulptoelae aan Publieke Biblioteke ...		—	1,500
2.	Vir salarisse en onkoste vir Onderwys ...		2,618,648	—
	Insluitende die nagenoemde dienste :—			
	Toelae aan ondersteunde plaasskole ...		—	3,530
	Toelae aan private skole... ..		—	4,250
	Toelae vir onderhoud van blinde en doof- stomme aan die Worcester Instituut en soortgelyke inrigtinge		—	3,300
	Toelae vir onderwys aan naturellekinders		—	61,450
	Vir salarisse en onkoste vir Hospitale en Liefdadige Instellings, met inbegrip van Armesorg		416,820	—
	Insluitende die nagenoemde dienste :—			
	Toelae aan Elim Hospitaal		—	1,000
	Toelae aan Victoria Kraamvroue-inrig- ting, Pretoria		—	850
	Toelae aan Potchefstroom Woninghospi- taal		—	850
	Toelae aan Hope Herstellingstehuis vir Kinders		—	1,500
	Toelae aan Ermelo Hospitaal		—	500
	Toelae aan Suidafrikaanse Hospitaal ...		—	150
	Toelae aan Heidelberg Hospitaal ...		—	650
	Toelae aan Schweizer Reneke Woning- hospitaal... ..		—	300
	Toelae aan Middelburg Hospitaal ...		—	700
	Toelae aan Roodepoort-Maraisburg Hos- pitaal		—	500
	Toelae aan Bochem Hospitaal		—	90
	Toelae aan Duivelskloof Hospitaal ...		—	250
	Toelae aan Jane Furze Gedenkhospitaal		—	237
	Toelae aan Sabi Hospitaal		—	200
	Toelae aan M'phahlele Lokasie Hospitaal		—	140
	Toelae aan Standerton Hospitaal ...		—	350
	Toelae aan Lydenburg Hospitaal ...		—	600
	Toelae aan Oosrand Hospitaal		—	3,000
	Toelae aan Rustenburg Hospitaal ...		—	550
	Toelae aan Lichtenburg Hospitaal ...		—	450
	Toelae aan Wolmaransstad Hospitaal ...		—	1,000
	Toelae aan Rand Hulpvereniging ...		—	11,000
	Toelae aan Pretoria Weldadigheids Ver- eniging		—	1,800
	Toelae aan Johannesburg Kinder Tehuis		—	900
	Toelae aan Kinder Hulpvereniging, Johannesburg		—	1,350
	Toelae aan St. George Tehuis vir Jongens, Johannesburg		—	540
	Toelae aan Oue Manne- en Vrouehuis, Krugersdorp		—	315
	Toelae aan Huis van Genade, Irene ...		—	315
	Toelae aan Reddingshuis, Pretoria ...		—	495
	Toelae aan Heilsleër		—	645

Ord. No. 8
van 1926.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £4,145,381
vir die diens van die Provinsie Transvaal, gedurende
die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1927

(Goedgekeur 15 Mei 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 9 Junie 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal
as volg :—

Prowinsiale
Inkomste-
fonds belas
met
£4,145,381.

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds word hierby
belas met sulke geldsomme as mag nodig wees
vir die diens van die Provinsie gedurende die jaar
wat eindig op die 31ste dag van Maart 1927, in
die geheel die som van vier miljoen eenhonderd
vyf-en-veertig duisend driehonderd een-en-tagtig
pond nie te bowegaande nie, as volg :—

Vir bstryding van gewone of periodieke uitgawe	£3,693,950
Vir bstryding van kapitaal of nie-periodieke uitgawe	£451,431

Aanwending
van gelde.

2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegeëien
sal aangewend word vir die diens wat omskryf
is in bygevoegde skedule en meer in die be-
sonder gespesifiseer in die Begroting van Uitgawe
(No. T.P. 3 en 4 van 1926), soos deur die
Prowinsiale Raad goedgekeur en onderwerp aan
artikel *drie* hiervan en vir geen ander doel nie.

Administra-
teur mag
wysigings
magtig.

3. Met die goedkeuring van die Administrateur,
wat handel met die toestemming van die Uit-
voerende Komitee, kan 'n besparing op enige
subhoof van 'n pos aangewend word tot dekking
van meerdere uitgawe onder enige andere subhoof
of uitgawe, onder 'n nuwe subhoof van dieselfde
pos, mits dat geen meerdere uitgawe sal gedaan
word nie op die somme wat voorkom in kolom 2
van bygevoegde skedule, ewemin sal besparinge
daarop beskikbaar wees vir enige doel ander da-
dat waarvoor die geld hierby toegestaan word.

“hospitaal” en het in de plaats stellen van de volgende definitie :—

Ord. No. 7
van 1926.

“‘Hospitaal’ zal betekenen enige inrichting waarin voorzien is in zes of meer bedden voor personen welke mediese behandeling en/of geoeffende verpleging behoeven, mits dat de uitdrukking ‘hospitaal’ niet zal insluiten enig hospitaal genoemd in de schedule tot deze ordonantie of enig hospitaal hetwelk geheel uit Provinciale of andere publieke fondsen onderhouden wordt.”

2. Artikel *vijf* van de hoofdordonantie zal zijn en wordt hierbij gewijzigd door toevoeging na subsektie (1) van de volgende nieuwe subsekties, subsektie (2) zoals oorspronkelijk bepaald beschouwd te worden als subsektie (4) :—

Wijziging van
Artikel *vijf*.

“(2) Niettegenstaande enigiets daarmee in strijd in dit artikel vervat mag ’n bestuurder van enig hospitaal hetwelk gedeeltelik onderhouden wordt uit fondsen door de Provinciale Administratie verstrekt met de schriftelike vergunning van de Administrateur aan ’n verpleegster toestaan het verlof bijeen te nemen voorgeschreven in paragraaf (a) van subseksie (1) van dit artiekel van hoogstens vier dagen of vier nachten, naar gelang van omstandigheden, en zodanig bestuurder mag ook met de schriftelike vergunning van de Administrateur die achtereenvolgende uren verminderen voorgeschreven in paragraaf (c) tot twee uren.

“(3) Behalve het verlof voorgeschreven in dit artikel zal ’n verpleegster recht hebben op afwezigheidsverlof met vol salaris voor ’n tydperk van een en twintig dagen ten opzichte van elke twaalf maanden onafgebroken dienst met dezelfde werkgever.”

3. Deze ordonantie mag voor alle doeleinden aangehaald worden als de Private Hospitalen Wijzigings Ordonantie, 1926.

Korte titel.

Schedule.

Barberton.
Boksburg.
Germiston.
Johannesburg.

Klerksdorp.
Krugersdorp.
Pietersburg.
Pretoria.

ONGEDIERTE UITROEIINGS WYSIGINGS.
PRIVATE HOSPITALEN WIJZIGINGS.

10

Ord. No. 6
van 1926.

die skriftelike vergunning van sodanige plaaslike outoriteit verkry is in welk geval die bepalings van artikel *sewe* van hierdie Ordonnansie nie op sodanige plaaslike outoriteit toepaslik sal wees nie."

Wysiging van artikel 6 van hoofordonnansie. **2.** Artikel *ses* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig deur die voorwaarde daartoe te skrap.

Wysiging van artikel 10 van hoofordonnansie. **3.** Artikel *tien* van die hoofordonnansie sal wees en word hierby gewysig deur toevoeging van die volgende paragraaf :—

"(5) Dat indien 'n lid van 'n ongedierteklub nie geregtig tot vrystelling in terme van hierdie artikel die belasting sal betaal voorgeskryf in die Registrasie van en Kontrole op Honde Wet, 1907, of enig amendement daarop in enig kalenderjaar vir enige hond geregistreer in terme van subseksie (1) van hierdie artikel, sal sodanig lid by voldoening aan die verdere vereistes van hierdie artikel gedurende dieselfde kalenderjaar reg het op terugbetaling van die belasting aldus betaal op applikasie in die voorgeskrewe vorm vergesel van 'n sertifikaat van die sekretaris van sy klub dat hy aan sodanige vereistes voldaan het."

Korte tittel. **4.** Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Ongedierde Uitroeings Wysigings Ordonnansie, 1926.

Ord. No. 7
van 1926.

EEN ORDONANTIE

Tot Wijziging van de Private Hospitalen
Ordonantie, 1919.

(Goedgekeur 23 April 1926)

(Datum van inwerkingtree, 12 Mei 1926.)

(Engelse kopie deur Goeuverneur-generaal geteken.)

ZIJ HET BEPAALD door de Provinciale Raad van Transvaal als volgt :—

Wijziging van Artikel *een*. **1.** Artikel *een* van de Private Hospitalen Ordonantie, 1919 (hierna de hoofordonantie genoemd) zal zijn en wordt hierbij gewijzigd door schrapping van de definitie van het woord

wees vir sodanig tydperk as die Administrateur mag bepaal.

Ord. No. 5
van 1926.

6. Enig persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding op hierdie Ordonnansie of enige regulasie daaronder opgemaak sal by veroordeling blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig ponde of by wanbetaling aan gevangenisstraf met of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoogstens ses maande.

Straf-
bepalings.

7. Die Administrateur mag regulasies maak— Regulasies.

- (a) wat die verstrekking verplig van enige informasie of dokumente wat betrekking het op die beheer van 'n Liefdadige Instelling ;
- (b) vir die inspeksie van die rekenings van 'n Liefdadige Instelling ;
- (c) vir die toegang deur 'n gemagtigde amptenaar tot enig eiendom wat toebehoor aan of in die besit is van 'n Liefdadige Instelling ;
- (d) waarin van 'n Liefdadige Instelling gevorder word aantekening te hou van alle gevalle van persone wat assistensie ontvang of daarom vra van sodanige Liefdadige Instelling en die vorm voor te skryf waarin sodanige aantekening sal gehou word.

8. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Liefdadige Instellings (Kontrole) Ordonnansie, 1926.

Korte tiitel.

'N ORDONNANSIE

Tot Wysiging van die Ongedierte Uitroeings Ordonnansie, 1925.

Ord. No. 6
van 1926.

(Goedgekeur 23 April 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 19 Mei 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

1. Artikel twee van die Ongedierte Uitroeings Ordonnansie, 1925 (hierna die hoofordonnansie genoem), sal wees en word hierby gewysig deur die volgende woorde daaraan toe te voeg:—

Wysiging van
artikel 2
van hoof-
ordonnansie.

“Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in hierdie artikel, sal 'n ongedierteklub die reg hê ongedierte te jaag op enige grond die eiendom van 'n plaaslike outoriteit, mits dat

Ord. No. 5
van 1926.

(2) 'n Applikasie vir 'n sertifikaat sal—

(a) die reëling omskryf gemaak of voorgestel gemaak te word vir die beheer van die liefdadige instelling ;

(b) inhou of al of nie betaling plaas het of voorgestel word plaas te het aan insamelaars van fondse vir liefdadige instelling, en so ja volgens welke skaal of basis betaling plaas het of voorgestel word plaas te het, en

(c) sodanige verdere informasie bevat as deur die Administrateur mag verlang word op sodanig vorm as hy mag voorskryf.

Ingeval bevind word nadat 'n sertifikaat uitgereik is dat die informasie verstrekkragtens hierdie subseksie onjuis is, mag die Administrateur sodanig sertifikaat onmiddellik intrek.

(3) Enig persoon wat 'n liefdadige instelling beheer in stryd met die bepalings van hierdie artikel sal skuldig wees aan 'n oortreding op hierdie Ordonnansie.

Sertifikaat
mag ingetrek
word.

3. (1) Die Administrateur mag te eniger tyd na diskresie enig sertifikaat uitgereik kragtens die bepalings van die voorafgaande artikel intrek.

(2) Ingeval van intrekking van enig sertifikaat uitgereik kragtens die bepalings van hierdie artikel, sal die persoon op wie se naam sodanig sertifikaat was uitgereik die sertifikaat binne 'n tydperk van veertien dae van die datum van kennisgewing van die beslissing van die Administrateur om die sertifikaat in te trek, aan die Administrateur terugstuur. Enig persoon wat versuim die sertifikaat binne die voorgesegde tyd terug te stuur sal skuldig wees aan 'n oortreding.

Oortreding—
verbeurdver-
klaring van
ingesamelde
geld.

4. Enig persoon wat 'n beroep doen of assistensie vra in kontante of in goedere vir die instandhouding, beheer of bestuur van 'n Liefdadige Instelling wat nie in die besit is van 'n geldig sertifikaat nie, sal skuldig wees aan 'n oortreding op hierdie Ordonnansie en die Magistraat mag gelas dat enige gelde gekollekteer in stryd met die bepalings van hierdie artikel aan die Administrateur sal betaal word wat sodanige gelde vir sodanige liefdadige doeleindes sal bestem as hy mag beslis.

Vrystellings.

5. Die Administrateur mag na diskresie enige kerk of godsdienstig liggaam vrystel van die bepalings van hierdie Ordonnansie, en sodanige kerk of godsdienstig liggaam sal daarop 'n vrystellingsertifikaat verleen word wat geldig sal

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 5
van 1926.

**Om Voorsiening te maak vir die Registrasie en Kontrole
van Liefdadige Instellings.**

(Goedgekeur 23 April 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 19 Mei 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. In hierdie Ordonnansie sal tensy onbestaan- Definiesies.
baar met die samehang :

“Administrateur” beteken die amptenaar be-
noem kragtens artikel *ag-en-sestig* van
die Suidafrika Wet, 1909, of: enig amende-
ment daarop, wat handel met die outoriteit
van die Uitvoerende Komitee ;

“sertifikaat” beteken 'n sertifikaat uitgereik
kragtens die bepalings van artikel *twee*
van hierdie Ordonnansie ;

“liefdadige instellings” beteken enige instel-
ling of organisasie wat kontribusies in geld
of goedere verkry uit bronne andere as die
Regering van die Unie of die Prowinsiale
Administrasie en sodanige kontribusies
geheel of gedeeltelik aanwend of as sy
voorneme te kenne gee aan te wend vir
die uitdeling van liefdegawe, aalmoese of
andere vorm van assistensie in geld of
goedere.

2. (1) Van en na 'n datum* wat deur die Administrateur per proklamasie in die *Prowinsiale Koerant* sal vasgestel word, sal dit nie wettig wees nie vir enige liefdadige instelling soos omskrewen in hierdie Ordonnansie te bestaan tensy die komitee of persoon aansprakelik vir die beheer daarvan in besit is van 'n sertifikaat van registrasie, wat deur die Administrateur mag uitgereik word.

Sertifikaat
van
Registrasie.

* 1 September 1926, Proklamasie No. 34, *Prowinsiale Koerant*, dato 19 Mei 1926, bladsy 515.

Ord. No. 4
van 1926.

'N ORDONNANSIE

**Tot wysiging van die Hoofbelasting Ordonnansie,
No. 7 van 1921.**

(Goedgekeur 13 April 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 5 Mei 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal
as volg:--

Belasting
mag in
termyne
betaal word.

1. Nieteenstaande enigiets daarmee in stryd in die Hoofbelasting Ordonnansie No. 7 van 1921 of enig amendement daarop, mag enig persoon aan die belasting onderhewig applikasie maak by die inkomste-amptenaar van die distrik waarin hy woon voor die 15de dag van September, dog in elk geval nie later as die 4de dag van Oktober in enig jaar nie vir 'n verlenging van tyd waarin hy sy belasting moet betaal vir die lopende jaar of om vergunning sodanige belasting in termyne te betaal en indien die inkomste-amptenaar oortuig is dat sodanig persoon nie in staat is nie die belasting op die vasgestelde datum te betaal dan sal hy of 'n verlenging van tyd toestaan binne welke betaling mag gemaak word of toestem betaling in termyne aan te neem in elk geval sonder boete; mits egter, dat in geval enig persoon nalaat te voldoen aan enige voorwaardes waarop sodanige verlenging of vergunning deur die inkomste-amptenaar verleen is, die volle bedrag van die belasting en boete onmiddellik verskuldig en betaalbaar sal word as of geen sodanige verlenging of vergunning verleen was nie; en mits verder dat van sodanig bedrag die bedrag sal afgetrek word van enige termyn reeds vroeër betaal ooreenkomstig die voorwaardes waarop vergunning verleen was.

Korte tiétel.

2. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Hoofbelasting Wysigings Ordonnansie, 1926.

dat die bedrag van £15 minder is as 1 per-
sent van die profyte as voorsê, sal die lisen-
siehouer daarop die verskil betaal tussen £15
en die bedrag opgegee as voorsê. In die
geval dat die bedrag van £15 meer is as die
bedrag opgegee as voorsê, sal die verskil aan
die lisen siehouer terugbetaal word ;

**Ord. No. 3
van 1926.**

mits dat die bedrag betaalbaar vir enige lisensie
nie minder as vyf nie of meer as vyftig ponde
sal wees.

5. Die Administrateur mag enige lisensie uit-
gereik kragtens die bepalings van hierdie Ordon-
nansie intrek in die geval dat die houer daarvan
skuldig bevind word aan 'n oortreding op die
bepalings daarvan. Lisensie mag
ingetrek
word.

6. (1) Dit sal die houer van enige lisensie uit-
gereik kragtens die bepalings van hierdie Ordon-
nansie nie vergun wees nie enig persoon onder
die leeftyd van 16 jare toe te staan enige honde-
reises te besoek of by te woon en die houer van
'n lisensie wat vergun dat enig persoon 'n honde-
reises besoek of bywoon in stryd met hierdie
artikel sal skuldig wees aan 'n oortreding. Persoon onder
leeftyd nie tot
reises toege-
laat te word
nie.

(2) Geen lisensie sal kragtens die bepalings van
artikel *drie* van hierdie Ordonnansie uitgereik
word nie tensy die Administrateur oortuig is dat
voldoende voorsiening gemaak is om te voorkom
dat persone onder die leeftyd van 16 jare
hondereises besoek of bywoon.

7. Enig persoon wat skuldig is aan 'n oortre-
ding op hierdie Ordonnansie sal by veroordeling
blootstaan aan 'n boete van hoogstens vyftig
ponde of by wanbetaling aan gevangenisstraf met
of sonder harde arbeid vir 'n tydperk van hoog-
stens drie maande. Straf-
bepalings..

8. Enig polisiebeampte met of bo die rang van
sersjant mag enige reisesbaan opgaan, gebruik
vir die doel van Hondereises, en enig persoon
wat enig sodanig beampte in die uitoefening van
sy bevoegdhede kragtens hierdie artikel sal weer-
staan, hinder of belemmer, sal skuldig wees aan
'n oortreding op hierdie Ordonnansie. Polisie mag
reisesbaan
opgaan.

9. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doel-
eindes aangehaal word as die Hondereises
(Kontrole) Ordonnansie, 1926. Korte tittel.

**Ord. No. 3
van 1926.**

die Suid-Afrika Wet 1909 en enig amende-
ment daarop, wat handel op die outoriteit
van die Uitvoerende Komitee.

“Profyte” beteken die verskil tussen die
waarde van die gekoopte kaartjies en die
bedrag aan winste uitbetaal.

Lisensie
uitgeneem te
word.

2. Van en na 'n datum* wat deur die Admini-
strateur by proklamasie in die *Provinciale Koerant*
sal vasgestel word, sal dit nie wettig wees
nie vir enig persoon 'n hondereisies te hou tensy
sodanig persoon in die besit is van 'n lisensie wat
sal uitgeneem word soas hierna bepaal. Enig
persoon wat 'n hondereisies hou of organiseer in
stryd met hierdie artikel sal skuldig wees aan
n oortreding.

Applikasie
vir lisensie.

3. Enig persoon wat 'n lisensie wens uit te
neem sal aan die Administrateur aplikasie maak
wat na eie diskresie sodanig lisensie mag uitreik
wat geldig sal wees vir 'n tydperk van een jaar
van die datum van uitreiking. Enige lisen-
sie uitgereik kragtens die bepalings van hierdie
artikel sal die aantal reisies (hoogstens twee per
week) vermeld wat mag gehou word gedurende
die geldigheid daarvan en die baan waarop soda-
nige reisies mag gehou word. Enig persoon wat
enige hondereisies hou bo die aantal in die
lisensie vermeld of op enige andere baan as wat
in die lisensie genoem is, sal skuldig wees aan
'n oortreding op hierdie Ordonnansie.

Lisensiefooi.

4. Die fooi betaalbaar vir enige lisensie uitge-
reik kragtens die bepalings van die voorafgaande
artikel sal as volg aangeslaan word :—

(a) In die geval van 'n persoon wat honde-
reisies gehou het gedurende die twaalf
maande wat voorafgaan aan die datum waarop
die lisensie deur die Administrateur uitge-
reik word 1 persent op die profyte van enige
totalisator gebruik gedurende dié tydperk.

(b) In die geval van iemand wat geen honde-
reisies gehou het nie gedurende 'n tydperk
van twaalf maande voor aplikasie vir 'n lisen-
sie aan die Administrateur gemaak word sal
die fooi £15 wees, mits dat by afloop van een
jaar van die datum van die uitreiking van
die lisensie die lisenstehouer die Administra-
teur sal voorsien van 'n beëdigde verklaring
aantonende die profyte van enige totalisator
gebruik gedurende dié tydperk. In die geval

* 1 Augustus 1926, Proklamasie No. 35, *Provinciale Koerant*, dato 2 Junie
1926, bladsy 547.

eindig op die 31ste dag van Maart 1927, tot sulke tyd as die Raad daarvoor voorsiening gemaak het in 'n Toeëienings-ordonnansie.

Ord. No. 2
van 1926.

2. Alle somme wat uitgekeer word kragtens die bepalinge van hierdie Ordonnansie, sal aangemerk word as voorskotte op rekening van toelae wat sal verleen word in 'n Toeëienings-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1927, en dadelik by die aanvang van sulke Toeëienings-ordonnansie sal hierdie Ordonnansie ophou van krag te wees, en uitkerings wat hieronder al gemaak is sal geag word uitkerings te wees gemaak kragtens die Toeëienings-ordonnansie en sal verantwoord word ooreenkomstig met die bepalinge daarvan; mits dat geen dienste waarop geen uitgawe was beloop nie gedurende die finansiële jaar wat eindig op die een-en-dertigste dag van Maart 1926, of waarover geen wettige magtiging bestaan nie, sal geag word onder hierdie Ordonnansie gemagtig te wees.

Uitkerings onder hierdie Ordonnansie aangemerk te word as voorlopige voorskotte.

3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Toeëienings (Deel 1926-1927) Ordonnansie, 1926.

Korte tietael.

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 3
van 1926.

Op die Kontrole van Hondereisies.

(Goedgekeur 13 April 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 19 Mei 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. In hierdie Ordonnansie sal, tensy onbestaanbaar met die samehang :—

“Administrateur” beteken die amptenaar benoem kragtens artikkel *ag-en-sestig* van

Definiesie.

Ord. No. 1
van 1926.

Skedule.

No. van Pos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
1	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van algemene administrateur	934	
2	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Onderwys	1,230	
	Met inbegrip van die nagenoemde diens:—		
	Hulptoelae, Onderwys van Naturelle-kinders	—	1,230
3	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Hospitale en Liefdadigheidsinrigtings, met inbegrip van Armesorg ...	3,929	
	Met inbegrip van die nagenoemde dienste:—		
	Toelaag aan Duivelskloof Hospitaal ...	—	47
	Toelaag aan Wesrand Noodfonds... ..	—	135
4	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van Weë en Plaselike Werke	7,825	
5	Vir salarisse en onkoste ten behoeve van allerlei dienste	188	
7	Vir Kapitaalluitgawe	10,579	
		£24,685	

Ord. No. 2
van 1926.

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n som van hoogstens £400,000 vir die dienste van die Provinsie Transvaal, gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1927.

(Goedgekeur 20 Maart 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 24 Maart 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg:—

£400,000 mag verstrekk word uit die Prowinsiale Inkomstefonds.

1. Op en na die eerste dag van April 1926 mag uit die Prowinsiale Inkomstefonds sulke somme geld verstrekk word, by mekaar geneem nie meer te bedraag dan die som van vierhonderd duisend pond nie, soos van tyd tot tyd mag nodig wees vir die diens van die Provinsie, vir die jaar wat

'N ORDONNANSIE

Ord. No. 1
van 1926.

**Tot aanwending van 'n verdere som geld van hoogstens
£24,685 vir die diens van die Provinsie Transvaal
vir die tydperk van die 1ste dag van April 1925 tot
die 31ste dag van Maart 1926.**

(Goedgekeur 20 Maart 1926.)

(Datum van inwerkingtree, 24 Maart 1926.)

(Engelse kopie deur Goewerneur-generaal geteken.)

SY DIT BEPAAL deur die Prowinsiale Raad van Transvaal as volg :—

1. Die Prowinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby belas vir die dienste van die genoemde Provinsie, vir die tydperk van die 1ste dag van April 1925 tot die 31ste dag van Maart 1926, albei dae inbegrepe, met 'n verdere som van hoogstens vier-en-twintig duisend seshonderd vyf-en-tagtig pond bowe die somme waarin voorsien is deur die Toeëienings (1925–1926) Ordonnansie, 1925. Prowinsiale
Inkomste-
fonds belas
met £24,685.
2. Die geld deur hierdie Ordonnansie toegestaan sal aangewend word vir die doeleindes en vir die dienste wat genoem is in die skedule wat hierby gevoeg is, in ooreenstemming met die poste en subhoofde, besonderlik uiteengesit en genoem in die Begroting van Addisionele Toeëiening vir die genoemde tydperk, soas deur die Prowinsiale Raad goedgekeur. Hoe geld sal
aangewend
word.
3. Hierdie Ordonnansie mag vir alle doeleindes aangehaal word as die Addisionele Toeëienings (1925–1926) Ordonnansie, 1926. Korte tiel.

INHOUD.

NOMMER VAN ORDONNANSIE.	TITEL.	BLADSY.
1926.		
1	Addisionele Toeëienings (1925-26)	1
2	Toeëienings (Deel 1926-27)	2
3	Hondereisies (Kontrole)	3
4	Hoofbelasting Wysigings	6
5	Liefdadige Instellings (Kontrole)	7
6	Ongedierte Uitroeings Wysigings	9
7	Private Hospitalen Wijzigings	10
8	Toeëienings (1926-27)... ..	12
9	Nie-gematigde Uitgawe (1924-25)	15
10	Schutten Wijzigings	16
11	Plaaslik Bestuur	17
12	Algemene Handelaars (Kontrole)	160
13	Munisipale Hoofweë	165

GEDRUK DEUR DIE GOEWERMENTSDRUKKER, PRETORIA.
6718—31/8/26—1200.

MEERENSKAPLIJKE LIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

Klasnommer 345.1-024

Registernommer 239,410

TRANSVAAL



ORDONNANSIES
VAN
DIE PROVINSIE TRANSVAAL
1926

GEPUBLISEER OP LAS

En gedruk onder toesig van die Goewermentsdrukker

PRETORIA
DIE GOEWERMENTSDRUKKERY EN KANTOOR VAN SKRYFBEHOEFTES
1926